GEMEENSKAPSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE BEVEILIGING VAN DIE KLEUTER TEEN SEKSUELE MISHANDELING IN ‘N HOË RISIKOGEBIED

deur

Claudi van den Heever

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: **DR H.B. GROBLER**

NOVEMBER 2007

COMMUNITY EDUCATION REGARDING THE SAFETY OF THE PRE-SCHOOLER PERTAINING TO SEXUAL ABUSE IN A HIGH RISK AREA

by

Claudi van den Heever

submitted in partial fulfilment of the requirements
for the degree of

MASTER OF DIACONIOLOGY
(DIRECTION: PLAY THERAPY)

at the

UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

SUPERVISOR: DR H.B. GROBLER

NOVEMBER 2007

DANKBETUIGINGS

"*My soul, wait silently for God alone, for my expectation is from Him"* (Ps. 62:5).

Dankie vir die Here, my Herder, wat ver bo my verwagtinge kom voorsien en seën het. Mag ek as olyfboompie altyd in sy skadu groei en van sy wonderlike liefde en genade 'n getuienis wees.

Baie dankie aan my ouers, Gert en Sonya, vir julle oneindigende liefde, leiding en dat julle agter my staan. Sonder julle was hierdie studie nie 'n moontlikheid nie.

Baie dankie aan Hannes vir jou liefde, begrip en dat jy altyd daar was. Ek is baie lief vir jou.

Baie dankie aan my boetie Rudi. Jy was nog altyd iemand om na op te kyk, dankie vir jou belangstelling en liefde.

Baie dankie aan Oumie vir al die liefde, belangstelling, ondersteuning en lekker bederf wat my aan die gang gehou het.

Baie dankie aan Max vir jou onvoorwaardelike ondersteuning en teenwoordigheid, jou speelsheid en hulp met die tikwerk.

Baie dankie aan my studieleier, dr. Herman Grobler, vir die wonderlike voorreg om onder u leiding en gewaardeerde werkswyse hierdie studie te kon onderneem.

Baie dankie aan Maryna dit is 'n seën om jou as mede-student en vriendin te hê.

Baie dankie aan my kollegas en Eleos vir jul belangstelling en ondersteuning.

Baie dankie aan Francis en Hannetjie vir julle hulp met die data-insameling en dankie aan die gemeenskap van Danville wat julle harte en deure vir my oopgemaak het, mag daar net seën uit die Here se hand op julle neerdaal.

OPSOMMING

GEMEENSKAPSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE BEVEILIGING VAN DIE KLEUTER TEEN SEKSUELE MISHANDELING IN ‘N HOË RISIKOGEBIED

deur

Claudi van den Heever

MAGISTER VAN DIACONIOLOGIAE: SPELTERAPIE

STUDIELEIER: **DR H.B. GROBLER**

Vanuit die navorser se interaksie met haar gemeenskap het sy tot die besef gekom dat die veiligheid van kleuters in hoë risikogebiede in gedrang is omdat seksuele opvoeding nie vroeg genoeg aangespreek word nie. Die doel van hierdie navorsing was om die behoefte van rolspelers in die hoërisiko-gemeenskap rakende gemeenskapsopvoeding in terme van die beveiliging van kleuters te ondersoek.

‘n Kwantitatiewe benadering is gevolg met die fokus op toegepaste navorsing met ‘n verkennende en beskrywende aard om sodoende beter begrip van die situasie te fasiliteer en die spesifieke besonderhede van die situasie te kan skets. Die “*Randomised cross-sectional survey*”-ontwerp is gevolg. Geanaliseerde bevindinge is grafies voorgestel en geïnterpreteer om sodoende die bevindinge en aanbevelings van die studie te kon opstel.

Die algemene gevolgtrekking wat vanuit die empiriese bevindinge gemaak kan word is dat daar ‘n groot behoefte vir gemeenskapsopvoeding ten opsigte van die beveiliging van kleuters in Danville bestaan.

Sleutelkonsepte: Seksuele opvoeding, gemeenskapsopvoeding, kleuter, veiligheid, huislike omstandighede, voorkoming, seksuele mishandeling, Sisteemteorie, Gestaltteorie, veld, toegepaste navorsing, kwantitatiewe benadering.

SUMMARY

COMMUNITY EDUCATION REGARDING THE SAFETY OF THE PRE-SCHOOLER PERTAINING TO SEXUAL ABUSE IN A HIGH RISK AREA

by

Claudi van den Heever

MASTER OF DIACONIOLOGY: PLAY THERAPY

SUPERVISOR: DR H.B. GROBLER

The researchers' own interaction with the community caused her to recognize that the safety of pre-schoolers and toddlers in high risk areas are being jeopardised because sexual education is not applied soon enough. The aim of this research study was to determine the needs of role-players in the high risk area in terms of community education regarding the safety of pre-schoolers.

A quantitative approach was followed, which focussed on applied research and the exploratory and descriptive objectives of the research in order to facilitate a better understanding of the research phenomenon and to understand the specifics of the situation. The Randomised Cross-sectional Survey design was implemented. The analysed findings were presented graphically and interpreted in order to reach conclusions and present the recommendations of the study.

The general conclusion based upon the empirical findings of the study is that there is a great need for community education regarding the safety of pre-schoolers in the high-risk area, Danville.

Key concepts: Sexual education, community education, pre-schooler, safety, home environment, prevention, sexual abuse, Systems theory, Gestalt theory, field, applied research, quantitative approach.

VERKLARING

Studentenommer: 36769193

Ek verklaar hiermee dat “GEMEENSKAPSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE BEVEILIGING VAN DIE KLEUTER TEEN SEKSUELE MISHANDELING IN ‘N HOË RISIKOGEBIED” my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

_____ _____

Mej Claudi van den Heever Datum

Navorser

TAALVERSORGING

Hiermee sertifiseer ek dat ek GEMEENSKAPSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE BEVEILIGING VAN DIE KLEUTER TEEN SEKSUELE MISHANDELING IN ‘N HOË RISIKOGEBIED deur Claudi van den Heever taalversorg het.

DM Janse van Vuuren
B.A. (Tale) UOVS 1985

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: ALGEMENE ORIËNTERING

1.1 INLEIDING 1

1.2 RASIONAAL VIR STUDIE EN PROBLEEMSTELLING 5

1.2.1 Motivering vir navorsingstema 5

1.2.2 Probleemformulering 8

1.2.3 Navorsingsvraag 11

1.2.4 Doel en doelwitte van die studie 11

1.2.4.1 Doel 11

1.2.4.2 Doelwitte 12

1.3 NAVORSINGSBENADERING 13

1.3.1 Kwantitatiewe benadering 13

1.3.2 Soort navorsing 13

1.3.3 Navorsingsontwerp 14

1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE 15

1.4.1 Navorsingsprosedure en werkwyse 15

1.4.1.1 Bestudering van literatuur 15

1.4.1.1.1 Paradigmatiese perspektief 15

1.4.1.1.1.1 Metateoretiese aannames 16

1.4.1.1.1.2 Teoretiese aannames 17

1.4.1.1.1.3 Metodologie 20

1.4.1.2 Data-insamelingstegniek 21

1.4.1.3 Data-analise 22

1.4.2 Universum en populasie 22

1.4.3 Steekproef en wyse van steekproefneming 23

1.5 ETIESE ASPEKTE 23

1.6 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE 25
1.6.1 Seksuele opvoeding 25
1.6.2 Gemeenskapsopvoeding 25
1.6.3 Kleuter 26
1.6.4 Veiligheid 27
1.6.5 Huislike omstandighede 27

1.7 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG 27

1.8 SAMEVATTING 28

HOOFSTUK 2: GEMEENSKAPSOPVOEDING EN SEKSUELE MISHANDELING VAN DIE KLEUTER

2.1 INLEIDING 29

2.2 SEKSUELE MISHANDELING 30
2.2.1 Definiëring van die begrip seksuele mishandeling 30
2.2.2 Tipes seksuele mishandeling 31
2.2.3 Voorkoms van kinder seksuele mishandeling 33
2.2.4 Oorsake van seksuele mishandeling 34
2.2.4.1 Die samelewing 37
2.2.4.2 Die plaaslike gemeenskap 38
2.2.4.3 Die ouers en gesin 41
2.2.4.4 Die kind 44

2.3 DIE KLEUTER 45
2.3.1 Seksuele ontwikkeling van die kleuter 45
2.3.1.1 Normale seksuele ontwikkeling van die kleuter 45
2.3.1.2 Seksuele spel 48

2.4 GEMEENSKAPSOPVOEDING EN VOORKOMING VAN SEKSUELE MISHANDELING VAN KINDERS 51

2.4.1 Voorkoming van seksuele mishandeling van kinders 52
2.4.1.1 Bevordering van die kind en gesin se welstand 53
2.4.2 Beskermingsfaktore 54
2.4.3 Die gemeenskap en gemeenskapsopvoeding 57

2.5 SAMEVATTING 60

HOOFSTUK 3: EMPIRIESE BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING 61

3.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE 61
3.2.1 Fase 3: Beplanning 62
3.2.1.1 Literatuurstudie 62
3.2.1.2 Soort navorsing en navorsingsontwerp 63
3.2.1.3 Die wyse van data-insameling 63
3.2.1.3.1 Steekproef 63
2.3.1.3.2 Data-insameling 64
3.2.1.3.3 Geldigheid en betroubaarheid 69
3.2.1.4 Die wyse van data-analise 71
3.2.2 Fase 4: Implementering 72
3.2.3 Fase 5: Interpretasie en voorstelling 72

3.3 SAMEVATTING 73

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE BEVINDINGE

4.1 INLEIDING 74

4.2 EMPIRIESE BEVINDINGE VAN DIE STUDIE 75

4.2.1 Afdeling A: Biografiese inligting 75
4.2.1.1 Geslag van respondente 75
4.2.1.2 Ouderdom van respondente 76
4.2.1.3 Nasionaliteit van respondente 77
4.2.1.4 Hoeveelheid kinders, hul geslag, ouderdomme en rangorde 78
4.2.1.5 Hoogste opvoedkundige kwalifikasie van respondente 80
4.2.1.6 Gereeldheid van betrokkenheid by kleuters in Danville 81
4.2.1.7 Tydperk van betrokkenheid in Danville 82
4.2.2 Afdeling B: Seksuele mishandeling 83
4.2.2.1 Die term "seksuele mishandeling van kleuters" 83
4.2.2.2 Gereeldheid van seksuele mishandeling van kleuters 86
4.2.2.3 Bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters 87
4.2.2.4 Optrede in die geval van seksuele mishandeling van 'n kleuter 88
4.2.2.5 Belangrikheid om seksuele mishandeling aan te meld 90
4.2.2.6 Die oortreder 91
4.2.2.7 Seksuele mishandeling as samelwingskwessie 92
4.2.2.8 Die skuldige party ten opsigte van seksuele mishandeling van kleuters 93
4.2.2.9 Ervaring van seksuele stimulasie 94
4.2.2.10 Seksuele ontwikkeling van kleuters 95
4.2.2.11 Kommerwekkende seksuele gedrag by kleuters 96
4.2.2.12 Huwelikstatus van ouers 98
4.2.2.13 Verhouding tussen die ouerpaar 99
4.2.2.14 Dissiplinering van kleuters 100
4.2.2.15 Verhouding met die bure en gemeenskap 102
4.2.2.16 Bewustheid en toesig van kleuters se doen en late 103
4.2.2.17 Ouers se eie kinderjare 104
4.2.2.18 Gesinne se totale maandelikse inkomste 105
4.2.2.19 Beroepstatus van ouers met kleuters 107

4.2.2.20 Oorhoofse uitgawes van ouers met kleuters 109
4.2.2.21 Blootstelling aan geweld 111
4.2.2.22 Tipe woning 112
4.2.2.23 Persepsie rakende privaatheid in die woning 114
4.2.2.24 Blootstelling aan ontoepaslike situasies 115
4.2.2.25 Voorkoms van vorige seksuele mishandeling in die gesin 119
4.2.2.26 Voorkoms van huidige seksuele mishandeling van kleuters 121
4.2.2.27 Eienskappe van kleuters as teikens vir seksuele mishandeling 121
4.2.3 Afdeling C: Gemeenskapsopvoeding en voorkoming 124
4.2.3.1 Noodsaaklikheid om kleuters op te voed rakende voorkoming van seksuele mishandeling 124
4.2.3.2 Verantwoordelike partye vir die voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters 125
4.2.3.3 Huidige metodes om kleuters te beskerm teen seksuele mishandeling 126
4.2.3.4 Aspekte wat voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters aanhelp – weerstandigheidsfaktore 129
4.2.3.5 Gemeenskapsbetrokkenheid by die suksesvolle grootmaak van kinders 131
4.2.3.6 Behoefte aan gemeenskapsopvoeding en aspekte daarvan wat meer kennis en onderrig vereis 132
4.2.3.7 Opmerkings deur professionele rolspelers 134

4.3 SAMEVATTING 134

HOOFSTUK 5: ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING 135

5.2 EVALUASIE 135

5.2.1 Bereiking van die doel van die navorsingstudie 135

5.2.2 Aanspreek van die navorsingsprobleem 137

5.2.3 Beantwoording van die navorsingsvraag 137

5.3 GEVOLGTREKKINGS 138

5.3.1 Biografiese inligting 138

5.3.1.1 Geslag, ouderdom en nasionaliteit van respondente 138

5.3.1.2 Inligting rondom die kinders van ouers wat as respondente gedien het 139

5.3.1.3 Kwalifikasies van respondente 140

5.3.1.4 Betrokkenheid van professionele rolspelers by die kleuters van Danville 141

5.3.2 Seksuele mishandeling 141

5.3.2.1 Definisie van seksuele mishandeling van 'n kleuter 141

5.3.2.2 Die oortreder van seksuele mishandeling van 'n kleuter ... 142

5.3.2.3 Voorkoms van seksuele mishandeling 143

5.3.2.4 Oorsake van seksuele mishandeling 143

5.3.3 Seksuele ontwikkeling van die kleuter 147

5.3.4 Gemeenskapsopvoeding en voorkoming van seksuele mishandeling 149

5.3.4.1 Huidige voorkomingstrategieë 149

5.3.4.2 Verantwoordelike partye om kleuters te leer en te bewaar teen seksuele mishandeling 149

5.3.4.3 Beskermingsfaktore 150

5.3.4.4 Bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters 152

5.3.4.5 Die behoefte aan gemeenskapsopvoeding 153

5.3.5 Algemene gevolgtrekking 153

5.4 AANBEVELINGS 154

5.5 BEPERKINGE 155

5.6 BESONDERE BYDRAE 156

5.7 SAMEVATTING 156

BRONNELYS 161

BYLAES

BYLAE 1 Dekbrief – Vraelys aan ouers 170
BYLAE 2 Dekbrief – Vraelys aan professionele rolspelers 171
BYLAE 3 Vraelys aan ouers 172
BYLAE 4 Vraelys aan professionele rolspelers 181

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1 Normale seksuele ontwikkeling van die kleuter 47
Tabel 2.2 Bevordering van die kind se welstand deur verskeie rolspelers 53
Tabel 3.1 Die professionele navorsingsproses vanuit ‘n kwantitatiewe benadering 62

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Uitkoms tussen welstand en mishandeling; risikofaktore en beskermingsmeganismes en die Sisteemteorie 36
Figuur 4.1.1 Geslag van respondente 75
Figuur 4.2.1 Ouderdom van respondente 76
Figuur 4.3.1 Nasionaliteit van respondente 77
Figuur 4.4.1 Geslag van ouers se kinders 78
Figuur 4.4.2 Ouderdomme van ouers se kinders 78
Figuur 4.4.3 Posisie van kleuter ten opsigte van sibbe 79
Figuur 4.5.1 Hoogste opvoedkundige kwalifikasies van ouers 80
Figuur 4.5.2 Hoogste opvoedkundige kwalifikasies van professionele rolspelers 80

Figuur 4.6.1 Gereeldheid van professionele rolspelers se betrokkenheid by kleuters 81
Figuur 4.7.1 Tydperk van professionele rolspelers se betrokkenheid in Danville 82
Figuur 4.8.1 Geïdentifiseerde temas vanuit ouers se omskrywing van die term “seksuele mishandeling van kleuters” 83
Figuur 4.8.2 Omskrywing van die term “seksuele mishandeling van kleuters” 84
Figuur 4.8.3 Gemeenskapslede se bewustheid van die konsep “seksuele mishandeling van kleuters”, volgens professionele rolspelers 85
Figuur 4.9.1 Gereeldheid van seksuele mishandeling van kleuters 86
Figuur 4.10.1 Respondente se vlak van bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters 87
Figuur 4.11.1 Optrede deur ouers in die geval van seksuele mishandeling van ‘n kleuter 88
Figuur 4.11.2 Optrede deur professionele rolspelers in die geval van seksuele mishandeling van ‘n kleuter 88
Figuur 4.12.1 Belangrikheid om seksuele mishandeling aan te meld 90
Figuur 4.13.1 Die oortreder, volgens ouers 91
Figuur 4.13.2 Die oortreder, volgens professionele rolsplers 91
Figuur 4.14.1 Is seksuele mishandeling van kleuters ‘n samelewingskwessie? 92
Figuur 4.15.1 Wie is die skuldige party? 93
Figuur 4.16.1 Die vraag of kleuters wel seksuele stimulasie ervaar 94
Figuur 4.17.1 Aanvaarbare seksuele gedrag by kleuters, volgens ouers 95
Figuur 4.17.2 Aanvaarbare seksuele gedrag by kleuter, volgens professionele rolspelers 96
Figuur 4.18.1 Kommerwekkende seksuele gedrag by kleuters, volgens ouers 96
Figuur 4.18.2 Kommerwekkende seksuele gedrag by kleuters, volgens professionele rolspelers 97
Figuur 4.19.1 Huwelikstatus van ouers 98
Figuur 4.20.1 Verhouding tussen die ouerpaar 99
Figuur 4.21.1 Wyses van dissiplinering, volgens ouers 100

Figuur 4.21.2 Wyses van dissiplinering, volgens professionele rolspelers 101
Figuur 4.22.1 Verhoudings tussen bure en gemeenskapslede 102
Figuur 4.23.1 Ouers se toesig en bewustheid van kleuters se doen en late 103
Figuur 4.24.1 Ouers se belewenis van hul eie kinderjare 104
Figuur 4.24.2 Professionele rolspelers se belewenis van ouers se kinderjare 104
Figuur 4.25.1 Totale maandelikse inkomste van gesinne 105
Figuur 4.26.1 Beroepstatus van ouers, volgens ouers 107
Figuur 4.26.2 Beroepstatus van ouers, volgens professionele rolspelers 108
Figuur 4.27.1 Finansiële uitgawes, volgens ouers 109
Figuur 4.27.2 Gesinne se finansiële uitgawes, volgens professionele rolspelers ... 110
Figuur 4.28.1 Blootstelling aan verskeie tipes geweld 111
Figuur 4.29.1 Tipe wonings van gesinne 112
Figuur 4.29.2 Hoeveelheid kamers en gesinne per woning, volgens ouers 113
Figuur 4.29.3 Hoeveelheid kamers en gesinne per woning, volgens professionele rolspelers 113
Figuur 4.30.1 Hoeveelheid privaatheid in die woning 114
Figuur 4.31.1 Blootstelling aan ontoepaslike situasies, volgens ouers 115
Figuur 4.31.2 Blootstelling aan ontoepaslike situasies, volgens professionele rolspelers 116
Figuur 4.31.3 Gereeldheid van blootstelling 117
Figuur 4.31.4 Verduideliking van blootstelling 118
Figuur 4.32.1 Voorkoms van vorige seksuele mishandeling in die gesin, volgens ouers 119
Figuur 4.32.2 Oortreder van vorige seksuele mishandeling in die gesin, volgens ouers 119
Figuur 4.33.1 Huidige seksuele mishandeling van ‘n kleuter 121
Figuur 4.34.1 Eienskappe van kleuters as teiken vir seksuele mishandeling, volgens ouers 122
Figuur 4.34.2 Eienskappe van kleuters as teiken vir seksuele mishandeling, volgens professionele rolspelers 123

Figuur 4.35.1 Noodsaaklikheid om kleuters op te voed rakende voorkoming, volgens ouers 124
Figuur 4.36.1 Partye verantwoordelik vir opvoeding ten opsigte van voorkoming, volgens ouers 125
Figuur 4.36.2 Partye verantwoordelik vir opvoeding ten opsigte van voorkoming, volgens professionele rolspeler 126
Figuur 4.37.1 Tipe inligting wat huidiglik gebruik word vir voorkoming volgens ouers 127
Figuur 4.37.2 Strukture en dienste wat reeds in plek is om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm, volgens professionele rolspelers 127
Figuur 4.37.3 Professionele rolspelers se eie betrokkenheid by ‘n program of intervensie om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm 128
Figuur 4.38.1 Weerstandigheidsfaktore, volgens ouers 129
Figuur 4.38.2 Weerstandigheidsfaktore, volgens professionele rolspelers 130
Figuur 4.39.1 Behoefte na gemeenskapsbetrokkenheid ten opsigte van kinders grootmaak 131
Figuur 4.40.1 Behoefte aan gemeenskapsopvoeding 132
Figuur 4.40.2 Inligting wat verlang word deur gemeenskapsopvoeding 133

HOOFSTUK 1: ALGEMENE ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Seksuele mishandeling van kinders is ‘n verskynsel wat al oor eeue heen voorkom (Bandi, 2003). Ten spyte van die teenwoordigheid van hierdie verskynsel in die geskiedenis, word dit steeds nie as ‘n sosiale probleem beskou nie. Volgens McGreave (In Bandi, 2003) verkies die samelewing en gemeenskappe om die blaam op die slagoffer te plaas eerder as om na moontlike oorsake vir die toenemende voorkoms van die probleem te soek. Hierdeur het gemeenskappe en samelewings ‘n uitkoms gevind om hul verantwoordelikheid in die verband te ontduik.

Seksuele opvoeding is nie ‘n onderwerp waaraan alledaags gedink word nie, veral nie tydens die kleuterfase nie. Seksuele opvoeding is iets wat gewoonlik eers met adolessensie ‘n fokuspunt word, aangesien adolessensie die tyd van seksuele rypwording is. Hierdie aanname word gesteun deur Louw, Van Ede en Louw (2002:393) wanneer hulle noem dat vroeë adolessensie gekenmerk word deur vinnige en omvattende liggaamlike groei (ook bekend as groeiversnelling) en die ontwikkeling van seksuele rypheid, aldus puberteit. Daar word ook verder gemeld dat groeiversnelling gedurende twee periodes voorkom, waarvan die eerste gedurende die babajare is (met die fokus op fetale groei) en die tweede tydens adolessensie (wat toegeskryf word aan die afskeiding van hormone). Dit is te verstane dat voorbereiding op seksuele blootstelling nie prioriteit geniet by ouers met kleuters nie. Na aanleiding van laasgenoemde ontstaan die vraag oor wat die gemeenskap se prioriteit en rol rakende die seksuele opvoeding van die kleuter is. Dit sal ook in hierdie studie ondersoek word. Hierdie prioriteit kan egter verander in gemeenskappe waar oorbevolking in een huishouding ‘n realiteit is.

Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet is beskutting of skuiling ‘n basiese reg. *“Die kwaliteit van hierdie beskutting is ‘n sleutelkomponent vir algemene gesondheid en welstand”* (Child protection review in developing countries, [sa]). Oorbevolking in ‘n woning word geassosieer met ‘n menigte

risikofaktore en het ‘n negatiewe impak op die kind se fisieke, geestelike en psigologiese ontwikkeling en welstand. Die Office on the Rights of the Child (2001), stel dat 68% van ons land se kinders in huise met vier vertrekke of minder leef en dit bevestig verder die persepsie dat ‘n groot aantal van Suid-Afrika se kinders in oorbevolkte omstandighede woon. ‘n Studie deur Hershowitz, Orkin en Alberts (in Hunter & Rashby, 2002) het bevind dat 17% van huishoudings saam in een vertrek woon of selfs ‘n vertrek met ‘n ander gesin deel, 15% is woonagtig in tweevertrekwonings en 14% in drie-vertrekwonings.

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat privaatheid vir meeste gesinne ‘n luukse is. Kinders word blootgestel aan verskeie sake wat vir ouers as privaat bestempel kan word, wat onder andere konflik en naaktheid kan insluit. Ten spyte van die graad van naaktheid wat toelaatbaar is of aangemoedig word deur verskeie gesinslede, is daar steeds ‘n verwagting dat seksuele intimiteit in die privaatheid sal geskied (Vergelyk Heinze, 2000:32; Lively & Lively, 1991:74). In wonings met slegs een of twee vertrekke waar volwassenes en kinders saamwoon, is privaatheid nie moontlik nie, tensy almal behalwe die betrokkenes uitgestuur word. Lively en Lively (1991:74) hou voor dat in hierdie huise, die sekslewe van die volwassenes voortgaan terwyl die kinders geïgnoreer word en die aard van die gedrag ook nie aan die kinders verduidelik word nie. *“Jong kinders wat min of geen inligting rakende seksuele aktiwiteite ontvang nie en wat nie die betekenisvolheid van wat hul sien of hoor begryp nie, sal mees moontlik versteur wees deur wat hul mag waarneem”* (Lively & Lively, 1991:75). Siegel (2000:162) sluit hierby aan deur te sê dat dit oorstimulerend is vir ‘n kind om die besonderhede van ouers en ander se sekslewe te leer ken.

‘n Ou gesegde lui: “*Children do as they see, not as they are told”*, en volgens Siegel (2000:1) is kinders nougesette waarnemers van hul ouers se huwelik, waar hulle nie noodwendig verwoord wat hul sien nie en selfs klein besonderhede van die bogenoemde verhouding gaan selde verlore. Finkelhor in Potgieter (2006:45) voer ook aan dat ‘n *“swak verhouding tussen*

die ouers as 'n moontlike veroorsakende faktor van seksuele molestering" beskou kan word.

Soos reeds vermeld, is seksuele opvoeding vir die meeste ouers 'n moeilike onderwerp om met hul kinders te bespreek en soveel te meer met 'n kleuter. Volgens Lively en Lively (1991:74) gebeur dit selfs in gegoede gesinne dat ouers nie altyd die seksuele daad verklaar wanneer kinders daarop afkom nie en dit laat kinders deurmekaar en verward. Die navorser is van mening dat kinders wat daagliks daaraan blootgestel word, persoonlike gevaar vir mishandeling loop. Die rede hiervoor kan moontlik wees omdat die seksuele gedrag nooit aan hulle verklaar word en hulle dit dan nie in konteks verstaan nie, en ook moontlik omdat die ouers hierdie kinders nie noodwendig leer dat hulle hul eie lyfies in die opsig moet beskerm, aangesien seksuele aktiwiteite slegs geskik is vir volwassenes nie.

Child protection review in developing countries [sa] en Budlender (In Hunter & Rashby, 2002) stel dat families nie altyd 'n veilige plek vir kinders is nie, as gevolg van die oorbevolking en armoede waarmee hulle daagliks gekonfronteer word. Drie uit elke vyf kinders woon in arm huishoudings (Budlender in Hunter & Rashby, 2002). Budlender vermeld verder dat gebroke en onstabiele gesinne 'n gereelde verskynsel is en dat die assosiasie tussen stiefpa's en seksuele mishandeling van dogters skrikwekkend is. Werklose ouers beskik ook oor geen manier om die basiese en minimum hulpbronne in die hande te kry om vir hul kinders te voorsien nie.

Potgieter (1996: 38) voer aan dat daar verskeie oorsake vir seksuele mishandeling is. Hoë risikogebiede is dus areas waar ekonomiese faktore, sosiale isolasie, individuele faktore en gesinsfaktore interaktief kan bydra tot seksuele mishandeling. Dit is wel bekend dat seksuele mishandeling nie slegs in lae sosio-ekonomiese groepe voorkom nie, maar dat fisiese oorbewoning wel 'n bepalende faktor kan wees, aangesien dit meestal by lae sosio-ekonomiese groepe die enigste moontlikheid vir behuising is. Prilleltensky, Nelson en Peirson (2001:64-101) ondersteun die verskeie oorsaaklike faktore. Volgens die outeurs is daar verskeie oorsake in die

sisteem, wat bestaan uit die samelewing, gemeenskap, gesin en individu. Op gemeenskapsvlak is daar probleme soos armoede, afwesigheid van of onvoldoende ondersteuningsbronne, onvoldoende behuising – onder andere oorbevolking, gemeenskapsgeweld en sosiale isolasie. 'n Studie deur Prusent (In Hunter & Rashby, 2002) het bevind dat seksuele mishandeling van kinders 'n direkte verband toon met eienskappe van die gemeenskap. Die navorser is van mening dat wanneer 'n gemeenskap gekenmerk word deur soortgelyke omstandighede as dié in die bespreking, daar juis 'n behoefte is vir gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling.

Prilleltensky *et al.* (2001:6) stel dat straf- en rehabilitasiedienste alle beskikbare fondse vir sosiale dienslewering uitput sodat daar min oorbly vir die voorkoming van mishandeling van kinders. Dit is noodsaaklik dat die oorsprong van die probleem aangespreek word en die kringloop verbreek word. Sinisme teenoor die regering en gemeenskap se vermoë om die mishandeling te stop, dien as versperring. Die bewys hiervan is dat vele emosionele, kognitiewe, gedrags- en sosiale probleme, insluitende kindermishandeling, voorkom kan word. Die lewens van kinders en gesinne word deur die kragtige impak van sosio-ekonomiese, kulturele en kontekstuele faktore beïnvloed (Prilleltensky *et al.,* 2001:14). Die skrywers vermeld dat slegs 'n enkele individu, groep of organisasie nie genoegsaam is om die welstand van gesinne en voorkoming van kindermishandeling te verseker nie. Die term *vennootskap* word hiervoor gebruik en impliseer verder dat alle insethouers sal saamkom en as gelykwaardig in terme van mag, beskou sal word. Uit die bogenoemde is dit duidelik dat voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters nie slegs ouers se verantwoordelikheid is nie. Verskeie faktore binne die gemeenskap speel 'n groot rol as risiko- óf beskermingsfaktore. Lown (2001:2) is verder van mening dat kinders maklike teikens is omdat hulle maklik deur volwassenes beïnvloed word, van nature nuuskierig is en maklik vertrou en omdat hulle die aandag en affeksie van volwassenes geniet. Die beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling, veral in hoë risikogebiede, is deel van die gemeenskap se

verantwoordelikheid. Met inagneming van die bogenoemde risikofaktore is dit duidelik dat Danville, Pretoria, so ‘n hoë risikogebied is.

Volgens Robertson (1990:1) het die realiteit van seksuele mishandeling van kinders Suid-Afrikaners getref toe die “*Suid-Afrikaanse Polisie aangekondig het dat lede van die spesiaal gestigte Kinderbeskermingseenhede in Junie en Julie 1988 in landwye klopjagte 67 verdagtes in hegtenis geneem of geïdentifiseer het.*” Teen die einde van Oktober 1988 het Suid-Afrikaners tot nuwe insigte gekom, toe daar gedurende een week vyftig mense weens seksuele mishandeling van kinders in hegtenis geneem is. Gedurende 1995 is daar ongeveer 350 gevalle per maand van kinders wat seksueel gemolesteer word, in Pretoria alleen aangemeld (Potgieter, 1996:26).

Die bogenoemde bespreking skets die agtergrondprentjie van seksuele mishandeling van kinders gedeeltelik. Met toenemende aanmeldings hiervan, word die onderrig van persoonlike veiligheidsvaardighede en gemeenskaps-bewustheid en deelname ‘n al noodsaakliker aspek van seksuele opvoeding (Gordon & Schroeder, 1995:17). Volgens die navorser is dit dan belangrik om die probleem, behoefte en opvoedingsprogramme vanuit ‘n Gestalt- en sisteembenadering te beskou. Gestalt fokus holisties en die hele veld word gerespekteer en in ag geneem. Die veld (omgewing) is dan juis belangrik omdat dit die fokuspunt van hierdie studie vorm.

1.2 RASIONAAL VIR STUDIE EN PROBLEEMSTELLING

1.2.1 Motivering vir navorsingstema

Daar is reeds vermeld dat die fokus by seksuele opvoeding meestal op die adolessent is (Louw *et al.,* 2002:393). Navorsing wat wel toepaslik is op die seksuele opvoeding van kleuters en voorskoolse kinders, is verouderd, maar een welbekende bron in terme van seksuele ontwikkeling is die werk van Sigmund Freud. Freud se psigo-anilitiese teorie kombineer die invloed van beide die “biologiese faktore (die seksuele energie wat met verloop van

ontwikkeling na die verskillende areas of sones van die liggaam gekanaliseer word) en die sosiale omgewing (veral die wyse waarop die kind deur die ouer hanteer word) as bepalende invloede op die kind se geslagsrolontwikkeling" (Louw *et al.*, 2002:293). Hy was die eerste om so 'n sterk fokus op seksuele ontwikkeling te plaas en sy teorie omsluit die mens se ontwikkelingsfases vanaf geboorte tot met volwassenheid.

Die motivering vir die studie het ontwikkel vanuit die navorser se interaksie en ervaring by 'n plaaslike laerskool en kleuterskool, waar daar op 'n gereelde basis ontoepaslike seksuele gedrag deur die kinders openbaar word. Die navorser is daarvan bewus dat seksuele gedrag wat deur kinders geopenbaar word, nie noodwendig abnormaal is nie. As die demografiese inligting in ag geneem word, asook inligting wat verkry is uit verwysings van kinders wat inskakel vir spelterapie, is dit duidelik dat hierdie kinders in 'n omgewing grootword wat gekenmerk word deur geweld, mishandeling, alkohol- en dwelmmisbruik, prostitusie, werkloosheid en armoede. Hierdie gegewens, die navorser se meegevoel met die mense van die omgewing en die behoefte vir gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling in hierdie spesifieke hoë risiko Suid-Afrikaanse konteks, gee aan die navorser die geleentheid om duidelikheid in die verband te bied aan alle betrokke terapeute, ouers, onderwysers en ander rolspelers, soos die Departement van Onderwys, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

Die navorser het spesifiek besluit om 'n ondersoek na die kleuter te loods. Soos reeds vermeld, word daar ten opsigte van seksuele opvoeding meestal gefokus op adolessente. Aan die hand van persoonlike ervaring (wat vroeër beskryf is) het die vraag by die navorser ontstaan of seksuele opvoeding vroeg genoeg aangespreek word. Ouers voer verskeie redes aan waarom seksuele opvoeding nie onder hul take val nie (Gordon & Schroeder, 1995:12) en met 'n reeds vol en besige kurrikulum, is daar die minimum tyd beskikbaar vir onderwysers om daaraan aandag te skenk. Die enigste formele seksuele opvoeding, wat deur die Departement van Onderwys ingestel is, vind in graad sewe plaas (Abrahamse, 2007), met ander woorde aan die begin van

puberteit. Met inagneming van die omgewingsfakore, soos reeds vermeld, voel die navorser dat ‘n daadwerklike poging nodig is om kinders teen seksuele uitbuiting te beskerm. In omgewings waar die voorkoms daarvan hoog is en omgewingsfaktore daartoe bydra, is die navorser van mening dat gemeenskapsopvoeding juis in hoë risikogebiede moet geskied, met die oog op die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling. Volgens die literatuur (Heinze, 2000; Gordon & Schroeder, 1995; Wurtele, 1990; Wurtele, Kast, Miller-Perrin & Kondrick, 1989) kan seksueel-opvoedkundige voorkomingsprogramme vir selfs voorskoolse leerders sukses afwerp. Dit word verder bespreek in die literatuurstudie.

‘n Verdere motivering vir die studie was dat beskikbare literatuur meestal op die buiteland van toepassing is. Daar is ‘n groot behoefte aan Suid-Afrikaanse navorsing waar alle rolspelers betrek word rakende opvoeding in hoë risikogebiede, met die oog op die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling.

Verskeie bronne, onder andere Child Protection Review [sa], fokus slegs op die invloed van Apartheid op ons nie-blanke gemeenskap se kinders, spesifiek ten opsigte van armoede, uitbuiting, agtergeblewenheid, ensovoorts. Tog is dit ook welbekend dat die blanke populasie ‘n arm gemeenskap het, waaronder die gemeenskappe van Pretoria-Wes en meer spesifiek Danville en Elandspoort. Die navorser is van mening dat daar ‘n bydra tot navorsing gelewer kan word deur te fokus op die armblankes van Danville. Sommige van hierdie mense woon ook in een- of tweevertrek-wonings en word aan dieselfde moeisame omstandighede blootgestel as die res van die armes in Suid-Afrika.

De Vos, Strydom, Fouché en Delport (2005:115-116) stel dat ‘n suksesvolle navorsingstudie oor drie belangrike komponente moet beskik. Eerstens moet dit bydra tot kennis. Soos reeds vermeld, is daar ‘n groot leemte in beskikbare navorsing rondom gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van die kleuter teen seksuele mishandeling in hoë risikogebiede van Suid-Afrika, spesifiek Danville. Tweedens, *“Relevant policy arenas*

should find usefulness and meaning in the study" (De Vos *et al.*, 2005:116). The Rights of the Child (United Nations, [sa]) omskryf die volgende regte vir kinders:

- *"Parents have the primary responsibility for a child's upbringing, but States shall provide them with appropriate assistance and develop child-care institutions.*
- *States shall protect children from physical or mental harm and neglect, including sexual abuse or exploitation."*

Die Staat dui duidelik hul bereidheid aan om ouers, veral dié in armoedige omstandighede, te help om hul kinders suksesvol groot te maak en om kinders teen seksuele mishandeling en eksploitering te beskerm. Die resultate van die navorsing sal dus vir die relevante beleidmakers en ander rolspelers en kundiges ook van waarde wees in hul poging om gemeenskappe, ouers en kinders in die verband te ondersteun. Derdens moes die inligting verkry uit die navorsing ook bruikbaar wees vir praktisyns. Soos reeds vermeld, behoort die inligting verkry uit die studie van onskatbare waarde te wees vir praktisyns wat met hierdie gesinne in aanraking kom, aangesien dit begrip van hul omstandighede, sisteme en veld sal bevorder.

1.2.2 Probleemformulering

Die navorser kon gedurende die aanvanklike literatuurstudie geen bestaande seksuele opvoedingsveiligheidsprogram vind wat in kleuterskole geïmplementeer word nie. Die fokus van die studie val op die hoë risikogemeenskap se behoefte aan opvoeding met die oog op die kleuter se beveiliging teen seksuele mishandeling.

Uit die literatuur, wat meestal op die buitelandse konteks fokus, en die navorser se persoonlike ervaring, is die volgende probleemstelling vir die studie geformuleer: Die veiligheid van kleuters in hoë risikogebiede is in gedrang omdat seksuele opvoeding nie vroeg genoeg aangespreek word nie, asook omdat die gemeenskap nie 'n aktiewe rol in die verband aanneem nie.

Die implikasies van hierdie probleem kan soos volg uiteengesit word:

- Blootstelling aan seksuele gedrag wat nie aan kinders verklaar word nie, laat hul verward en deurmekaar. Hierdie blootstelling kan ook moontlik ‘n invloed op hul skoolprestasie hê, aangesien dit algemeen bekend is dat moeisame huislike omstandighede skoolprestasie beïnvloed (Vergelyk Potgieter, 1996: 77; Sciarra, 2004: 392).

- Ontoepaslike geseksualiseerde gedrag kan voorkom. Volgens Freud (Thomas, 2000:119), beweeg kinders deur psigoseksuele fases en Gordon en Schroeder (1995:2) verduidelik watter seksuele gedrag normaal is vir elke ontwikkelingsfase. Gordon en Schroeder (1995:10) het bevind dat kinders (tussen twee en sewe jaar oud) uit ‘n laer sosio-ekonomiese klas minder kennis het van liggaamsdele en hul funksies, swangerskap en die voorkoming van mishandeling. Soos ons ook weet, is kinders nougesette observeerders van hul ouers en is hulle geneig om te doen wat hulle sien, nie wat hulle aangesê word nie. Gordon en Schroeder (1995:11) lig uit dat in die area van seksualiteit, meer ervaring nie noodwendig gepaard gaan met meer begrip en kennis nie. Dit is tog duidelik dat kinders reeds uit nuuskierigheid met seksuele gedrag eksperimenteer en as hulle nie voldoende ingelig word (op ‘n wyse wat vir hul ontwikkeling-stadium en omgewing toepaslik is) nie, kan hulle ontoepaslike gedrag toon wat moontlik problematies van aard kan word. Potgieter (1996:73-85) hou voor dat die seksueel-mishandelde kind, die kind wat blootgestel is aan die waarneming van volwasse seksuele aktiwiteite of wat blootgestel is aan pornografiese materiaal, gedrag toon wat kenmerkend geseksualiseerde spel, premature seksuele bewuswording en ontoepaslike seksuele gedrag insluit.

- Gebrekkige persoonlike grense en moontlike seksuele mishan-deling kan ontstaan. Gordon en Schroeder (1995:7) hou voor dat

navorsing toon dat *"'normale' seksuele kontak tussen kinders op 'n kontinuum geskied en dat die onderskeiding tussen seksuele spel en seksuele mishandeling nie altyd duidelik is nie."* As gevolg van 'n gebrek aan privaatheid en persoonlike ruimte, kan hierdie kinders ook moontlik gebrekkige persoonlike grense ontwikkel, waar dit vir hulle moeilik is om te onderskei tussen die self en ander.

- 'n Passiewe gemeenskap wat toekyk hoe kinders en veral kleuters seksueel mishandel word. Soos reeds vermeld, stel McGreave (In Bandi, 2003) dat die gemeenskap nie verantwoordelikheid wil neem vir sy aandeel in die seksuele mishandeling van kinders en veral kleuters nie. Dit is vir ouers moeilik om met hul kinders oor seksualiteit te gesels, maar terselfdertyd word hulle blootgestel aan seksuele praktyke en mediabeelde (met seksuele insinuasies en eksplisiete uitbeeldings van seksuele dade) wat hul aanmoedig om seksueel te verkeer. Volgens Palmary (2003) word vyftigduisend verkragtings jaarliks in Suid-Afrika aangemeld. Ongeveer die helfte van hierdie gevalle behels kinders jonger as agtien jaar en ongeveer veertig persent daarvan word deur kinders jonger as agtien jaar gepleeg. Soos reeds vermeld, is voorbereiding op seksuele blootstelling nie noodwendig 'n prioriteit vir ouers van kleuters of die plaaslike gemeenskap nie, maar volgens die bogenoemde statistiek is dit tog noodsaaklik, veral as daar in ag geneem word dat oorbevolkte wonings 'n realiteit is vir 68% van Suid-Afrika se inwoners. Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat die gemeenskap 'n aandeel het in die voorkoms van seksuele mishandeling van kinders. Volgens die navorser is dit belangrik dat die gemeenskap sy passiwiteit opsy skuif en 'n aktiewe rol begin inneem om te bepaal watter faktore binne die gemeenskap kan bydra tot, asook kinders kan beskerm teen seksuele mishandeling. Daar is reeds vermeld dat seksuele mishandeling van kinders 'n probleem is wat oorsake in alle dele van die sisteem het, naamlik die samelewing, ouers en gesin, die individu (kind) asook die gemeenskap. Die navorser is verder van mening dat wanneer die

gemeenskap sy rol ontken, ouers alleen gelaat word om die stryd teen seksuele mishandeling van kinders aan te sê en kanse om daarin te slaag, moontlik verminder. ‘n Bewuste gemeenskap kan ‘n aktiewe bydrae lewer tot die beskerming van kinders en veral kleuters teen seksuele mishandeling.

1.2.3 Navorsingsvraag

Fouché en De Vos (2005:100) is van mening dat die navorsingsvraag die ‘wat’ van die studie beantwoord, naamlik ‘Wat is dit rakende hierdie studie wat ek wil uitvind?’ Fouché stel verder dat ‘n navorsingsvraag die vorm aanneem van ‘n breëspektrum ondersoek wat ‘n komplekse situasie reflekteer. Die navorsingsvraag rakende hierdie studie was die volgende:
Wat is die rolspelers in die hoë risikogemeenskap se behoefte aangaande gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling?

1.2.4 Doel en doelwitte van die studie

Vir die doeleindes van hierdie navorsing, word die volgende doel en doelwitte voorgehou:

1.2.4.1 Doel

Die doel of doelstelling kan omskryf word as ‘n spesifieke mikpunt of oogmerk wat nagestreef word (Labuschagne & Eksteen, 1993:142). Van den Bos (2006: 32) voeg by dat ‘n organisme vrywilliglik gedrag, inspanning of werksaamheid rig op die bereik van ‘n intensionele oogmerk. Die doel van hierdie navorsing was om die behoefte van rolspelers in die hoë risiko-gemeenskap rakende gemeenskapsopvoeding in terme van die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling te ondersoek.

1.2.4.2 Doelwitte

'n Doelwit kan beskryf word as 'n spesifieke verandering wat in die praktyk plaasvind (Fouché, 2005:107). 'n Doelwit, volgens Van den Bos (2006:636), kan ook omskryf word as iets wat verkry moet word of waartoe gewerk word, wat werklik bestaan in realiteit en gebaseer is op waarneembare verskynsels. Ten einde die doel van die navorsing te bereik, is die volgende doelwitte saamgestel:

- Om 'n teoretiese raamwerk saam te stel en die navorsingsprobleem, naamlik dat gemeenskapsopvoeding moontlik noodsaaklik is deurdat die veiligheid van kleuters in hoë risikogebiede in gedrang is omdat seksuele opvoeding nie vroeg genoeg deur rolspelers aangespreek word nie, verder te verken. Dit is gedoen aan die hand van 'n literatuurstudie wat op die volgende aspekte gefokus het:
  - Seksuele mishandeling;
  - Gemeenskapsbetrokkenheid by seksuele opvoeding en die voorkoming daarvan;
  - Die kleuter en sy seksuele ontwikkeling en
  - Die invloed van sistemiese faktore (moontlike oorsake binne die samelewing, gemeenskap, gesin en kleuter) wat geassosieer word met seksuele mishandeling van die kleuter in die algemeen en spesifiek met sy seksuele gedrag en grense.

- Om kennis rakende seksuele mishandeling van kinders in 'n hoë risikogebied van rolspelers betrokke by die gemeenskap in te win. Vraelyste sal vir hierdie doel opgestel en geïnterpreteer word ten einde die navorsingsprobleem aan te spreek.

- Om aanbevelings te maak aan alle belanghebbendes rakende die behoefte vir gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die

beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling in ‘n hoë risikogebied.

1.3 NAVORSINGSBENADERING

1.3.1 Kwantitatiewe benadering

‘n Kwantitatiewe benadering word gewoonlik gekenmerk deur opvattings soos: die waarheid kan deur middel van wetenskap bepaal word, kennis is neutraal in waarde, feite praat vir hulself en dat objektiwiteit en persoonlike waardes en voorkeure moet gekontroleer moet word en nie die navorsings-proses moet beïnvloed nie (Jansen, 2003:22). Dit is ook kenmerkend eksperimenteel, evaluerend en beskrywend van aard. Fouché en Delport (2005:74) beskryf die doel van kwantitatiewe navorsing as volg: *“… to objectively measure the social world, to test hypotheses and to predict and control human behaviour.”*

Die navorser het met hierdie studie gepoog om die objektiewe feite, rakende rolspelers in die hoë risikogemeenskap se behoefte aan gemeenskapsopvoeding in terme van die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling, te bekom en sodoende die navorsingsvraag te beantwoord. Dit was veral belangrik om ‘n objektiewe siening te bekom, aangesien die belang vir die studie uit persoonlike ervaring ontstaan het. Die sensitiewe aard van die ondersoek het eerder gedui op ‘n kwantitatiewe benadering waar van vraelyste gebruik gemaak kon word.

1.3.2 Soort navorsing

Die soort navorsing wat die mees gepas was vir hierdie tipe studie, was toegepaste navorsing met ‘n verkennende en beskrywende aard. Toegepaste navorsing het ten doel om probleme in die praktyk op te los (Fouché, 2005:18). Toegepaste navorsing behels wetenskaplike beplanning om verandering in ‘n moeisame situasie te veroorsaak (Fouché & De Vos, 2005:105). Die navorsingsprobleem stel dat die veiligheid van kleuters in hoë

risikogebiede moontlik in gedrang is omdat seksuele opvoeding deur rolspelers nie vroeg genoeg plaasvind nie. Die eerste stap tot verandering wat in hierdie moeisame situasie deur die navorsing aangespreek moes word, was die bepaling van die behoefte van rolspelers in die hoë risikogemeenskap aan gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling. Daar is verder ook vir die doel van hierdie studie verkennend en beskrywend te werk gegaan.

Volgens Bless en Higson-Smith (1995:42), word verkennende navorsing uitgevoer met die doel daarop om insig rondom ‘n sekere situasie, fenomeen, gemeenskap of individu te verkry. Verder reken hulle ook dat die behoefte aan so ‘n studie gewoonlik ontstaan uit ‘n tekort aan basiese inligting vir ‘n spesifieke area – soos wat met hierdie studie die geval is – en daar ‘n tekort is aan inligting rakende die behoefte aan gemeenskaps- en seksuele opvoeding met die oog op die veiligheid van ‘n kleuter in ‘n hoë risikogebied.

Beskrywende navorsing het ten doel om spesifieke besonderhede van ‘n situasie, sosiale omgewing of verhouding te skets (Neuman in Fouché & De Vos, 2005:106). Die behoefte van rolspelers in die hoë risikogemeenskap aan seksuele opvoeding met die oog op beskerming en veiligheid van kleuters, asook die omgewingsdinamika, is in hierdie studie beskryf.

Volgens die navorser kon die navorsingsvraag slegs optimaal beantwoord word deur van beide verkennende en beskrywende navorsing gebruik te maak, omdat dit beide die fenomeen en die konteks in ag neem.

1.3.3 Navorsingsontwerp

Die “Randomised cross-sectional survey”-ontwerp is bestempel as die geskikste navorsingsontwerp vir hierdie spesifieke studie. Fouché en De Vos (2005:137) verduidelik dat hierdie tipe ontwerp algemeen gebruik word wanneer vraelyste as data-insamelingsmetode gebruik word. Die eerste stap was om die navorsingspopulasie te identifiseer, waarna onderhoude of vraelyste gebruik is om die data in te samel. ‘n Opname rakende rolspelers in

die hoë risikogemeenskap se behoefte aan seksuele opvoeding met die oog op kleuters se beskerming en veiligheid, is vir die doel van hierdie studie gemaak. Dit het geskied deur vraelyste aan alle rolspelers uit te deel.

1.4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die navorsingsbenadering word gebruik om die data-insamelingsproses te begelei, maar die navorsingsmetodologie verskaf inligting rakende die tipe metodes wat gebruik sal word om data in te samel (Jansen, 2003:22). Volgens die navorser was die volgende metodes toepaslik vir hierdie studie en word dit vervolgens bespreek:

1.4.1. Navorsingsprosedure en werkwyse

Vir die doeleindes van hierdie studie is bepaal dat ‘n literatuurstudie, asook vraelyste, gebruik sou word om relevante data in te samel:

1.4.1.1 Bestudering van literatuur

Bestudering van beskikbare literatuur dra by tot ‘n duideliker begrip van die aard en definisie van die probleem wat geïdentifiseer is (Fouché & Delport, 2005:123). Verder verseker dit ook dat die navorsingstuk betekenisvol is. Marshall en Rossman (In *Fouché & Delport*, 2005:124) stel dat ‘n sorgsame bespreking van relevante literatuur ‘n logiese raamwerk vir die navorsing uitmaak en plaas dit binne die konteks van verwante studies. Die literatuur is vanuit ‘n spesifieke paradigmatiese perspektief bestudeer en is gebruik as raamwerk waarvolgens vraelyste dan opgestel is.

1.4.1.1.1 Paradigmatiese perspektief

Die holistiese benadering is ‘n onlosmaaklike deel van Gestaltteorie en onderskryf dat die geheel meer is as die dele waaruit dit bestaan (English & English in Schoeman, 2005:50). Die benadering behels dat ‘n sisteem of organisme ‘n samehangende, verenigde geheel is wat nie ten volle begryp

kan word in terme van individuele dele nie (Van den Bos, 2006:443). Dit impliseer dat ‘n analise of begrip van die dele nie gelykstaande is aan begrip van die geheel nie. Van den Bos (2006:443) stel dat ‘n individu ‘n biologiese, psigologiese en sosio-kulturele wese is wat nie in terme van die individuele komponente verduidelik kan word nie. Die holistiese benadering vorm die paradigmatiese basis van hierdie studie.

1.4.1.1.1.1 Metateoretiese aannames

Die volgende konsepte word omsluit in die holistiese benadering, wat ‘n belangrike deel van hierdie studie uitgemaak het:

- Bewustheid: Dit is belangrik om ‘n kind se bewustheid van die self te verhoog. Volgens die navorser het bewustheid ten doel om te verseker dat die individu (kind) in kontak is met en bewus is van sy eie bestaan. (Vergelyk Yontef, 1993:144; Blom, 2006:215.) Vir die doel van hierdie studie was dit belangrik om die bewustheid van persoonlike ruimte rondom die individu en kontak met ander in ag te neem, aangesien gebrekkige persoonlike ruimte en kontak ‘n rol speel in seksuele uitbuiting.

- Organisme of persoon: Hierdie term verwys na die individu of kind (Labuschagne & Eksteen, 1993:612) wat die fokus van die navorser se bewustheid was, asook die gemeenskapslede, ouers en ander rolspelers wat in die studie ingesluit is.

- Veld: Die organisme (kind) bestaan uit onlosmaaklike aspekte (biologies, psigologies en sosio-kultureel). Om die kind ten beste te verstaan, moet alle aspekte van sy bestaan in ag geneem word. Alle aspekte van die kind se lewe oefen ‘n invloed uit op die manier waarop die kind dink, voel en handel. (Vergelyk Colman, 2006: 282-283; Yontef, 1993:2.) Omdat die kind se omgewing vir die doeleindes van hierdie studie so ‘n belangrike rol speel, was dit

noodsaaklik om die kind en familie se veld in ag te neem. Die gemeenskap en huislike omstandighede is twee hoofaspekte uit die kind se omgewing (veld) wat in ag geneem is omdat dit, volgens die navorser, onlosmaaklik deel uitmaak van wie die kind werklik is.

- Grense en kontakgrense: Volgens die navorser kan grense en kontakgrense beskou word as die skeidslyn tussen die organisme en die omgewing (Schoeman, 2005:69). Dit is ‘n belangrike deel van elke organisme se funksionering omdat dit die organisme of kind se private ruimte omsluit. Soos reeds vermeld, speel persoonlike ruimte ‘n belangrike rol in die voorkoms en voorkoming van seksuele mishandeling. Op ‘n daaglikse basis word ‘n organisme se grense en kontakgrense toegepas sodra daar interaksie met die ander is. Grense, kontakgrense, interaksie en persoonlike ruimte speel ‘n noodsaaklike rol rakende die doeleindes van hierdie studie.

1.4.1.1.1.2 Teoretiese aannames

Die volgende teoretiese aannames het die basis van hierdie studie gevorm:

- Freud se psigodinamiese en psigo-analitiese teorieë

  Volgens Sternberg (2001:21) fokus Freud op die belangrikheid van teenstrydige onbewuste verstandelike prosesse, asook die belangrikheid van die effek van vroeë kinderervarings op volwasse persoonlikheid. Thomas (2000:114) gee verder ‘n omvattende beskrywing van Freud se teorie. Eerstens noem hy dat die psige deur drie aspekte saamgestel is, naamlik die id, ego en superego. Die id is teenwoordig met geboorte en verteenwoordig ons behoeftes en die behoefte om daarin te voorsien. Die ego ontstaan vanuit die id en moet die beste manier selekteer om in die id se behoeftes te voorsien terwyl die omgewing ook in ag geneem word.

Die superego: Volgens Freud word die kind amoreel gebore, wat beteken dat hy oor geen kennis van aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag, denke, ensovoorts beskik nie. Ouers leer hierdie dinge aan hulle kinders, aanvanklik deur straf en beloning. Die superego bestaan sodoende uit omgewingswaardes en -norms. Na 'n tyd neem die superego die ouers se rol van straf en beloning oor.

Freud is ook van mening dat ons van verdedigingsmeganismes gebruik maak in situasies waar ons ongemaklik voel (Thomas, 2000:118). Die swak ego flous homself om van hierdie meganismes gebruik te maak. Verdedigingsmeganismes wat relevant was tot hierdie spesifieke studie, was eerstens **sublimasie:** *"socially more acceptable mode of expressing sexual or aggressive energy", wat dien* as *"a substitute for direct sexual behaviour."* (Thomas, 2000:118). **Projeksie** behels dat die individu *"… may constantly see this motive in other people, attributing to others those unacceptable acts and feelings that their own id urges them to express.*" (Vergelyk Thomas, 2000:118; Van den Bos, 2006:740). Projeksie behels dat die persoon homself/haarself verbeel dat sy/haar eie (ongewensde) emosies en eienskappe aan iets of iemand anders behoort. Laastens was rasionalisering as verdedigingsmeganisme toepaslik deurdat die individu 'n sosiaal-aanvaarbare rede verskaf vir gedrag wat oorspronklik deur minder eerbare redes gemotiveer was (Thomas, 2000: 119).

Freud se mees kenmerkende bydrae lê in sy beskrywing van die psigoseksuele fases van ontwikkeling (Thomas, 2000:119). Dit word die psigoseksuele fases genoem omdat ons gedurende elke fase seksuele energie verbruik om sodoende na die volgende fase te beweeg. Elke fase word met 'n spesifieke liggaamsdeel geassosieer, wat gebruik word om die seksuele energie te verbruik en om sodoende plesier daaruit te verkry. Hierdie liggaamsdele word erogene sones genoem. Dit beïnvloed ook die individu se verhoudings, omdat interaksie met ander gekenmerk en gebaseer

is op die spesifieke erogene sone. Volgens Thomas (2000:122-125) is die stadiums wat relevant is tot hierdie studie die Anale Fase, Infantiel-Genitale Fase en die Latensiefase. Volgens Freud is dit baie belangrik om suksesvol met elke fase se probleem te handel, anders veroorsaak dit probleme vir die individu. Anna Freud was ook volgens Thomas (2000:134) van mening dat vroeë intervensie noodsaaklik is as probleme ontstaan, omdat die superego nog ontwikkel en die kind nog jonk is, en sodoende makliker sal aanpas by verandering.

- Die Sisteemteorie

Alledaagse lewens word gelei deur biologiese en kulturele gestelde individue, binne 'n ekonomiese, sosiale, gemeenskaps- en familie-konteks wat beide geleenthede en beperkinge bied (Engelbrecht & Green, 2001:7). Die Sisteemteorie is 'n nuttige manier om die komplekse invloede en interaksies wat alledaags op die mens impakteer, te begryp. *"Volgens hierdie benadering is sisteme patrone van organisasie wie se identiteit meer as die som van die dele uitmaak"* (Engelbrecht & Green, 2001:8). Elke individu of situasie is terselfdertyd 'n eie entiteit sowel as 'n deel van verskillende sisteme, byvoorbeeld die gesin, skool, vriende, gemeenskap, ensovoorts. Sisteme is gedurig in interaksie met mekaar en verandering in een sisteem impliseer verandering in al die ander sisteme.

- Die Gestaltteorie

Volgens Schoeman (2005:51) val die fokus van Gestaltteorie op die organisme se denke en emosies in die hier-en-nou oomblik. Die organisme word beskou as bekwaam om self-regulerend te funksioneer en sodoende 'n gevoel van eenheid en integrasie te beleef. Perls (In Schoeman, 2005:51) het geglo dat bewustheid die

mees belangrike faset van die teorie is, aangesien ‘n toestand van organismiese selfregulering dan kan ontwikkel en die totale persoon beheer van die self kan oorneem. Verandering kan ook slegs teweeggebring word as deur die self eers volkome aanvaar word. ‘n Hoë vlak van bewustheid (van behoeftes en die omgewing) lei daartoe dat die individu weet watter probleme oplosbaar is en watter nie. Dit is dan ook belangrik dat die individu verantwoordelikheid moet neem vir sy eie lewe en interaksie met sy eie omgewing. Onvoltooide sake speel ‘n belangrike rol, aangesien die individu onbevredigende behoeftes, onuitgedrukte emosies of onvoltooide situasies kan hê waarvan die hy/sy nie bewus is nie.

Gesonde funksionering behels dat daar op een voorgrondbehoefte per keer gefokus word. Wanneer in hierdie behoefte voorsien is, skuif dit na die agtergrond en die volgende behoefte tree na die voorgrond. Volgens Perls (In Schoeman, 2005:52) ontstaan neurose wanneer ‘n organisme nie in staat is om op een behoefte op ‘n keer te fokus nie. Gestaltterapie het ten doel om volkome bewustheid in die hier-en-nou teweeg te bring en so onvoltooide besigheid te voltooi en ten goede te verander. Hoewel daar nie terapeuties vir die doeleindes van hierdie studie nie gewerk is, het die Gestaltteorie ‘n integrale rol gespeel. Dit het die ruggraat gevorm waaruit alle inligting, proefpersone en resultate beskou is.

1.4.1.1.1.3 Metodologie

Die metodologiese aannames is afgelei vanuit die Gestaltteorie, waar kennis wat uit die navorsing voortspruit, gebruik sou word om die praktyk te verbeter.

Vanuit die literatuurstudie (sien doelwitte) is indikatore verkry wat ter ondersteuning van die navorsingsprobleem en navorsingsvraag ondersoek is en vir doeleindes van die vraelys gebruik is.

1.4.1.2 Data-insamelingstegniek

As gevolg van die sensitiewe aard van die studie is daar besluit om van vraelyste gebruik te maak. 'n Vraelys is 'n metode om *"… inligting in te samel rakende mense se gevoelens, opinies, persepsies, motiverings, planne, oortuigings, asook oor hul persoonlike, opvoedkundige en finansiële agtergrond"* (Maree, 2003:46). Die vraelys vir ouers is met die hulp van een moeder en een vader getoets om die verstaanbaarheid en duidelikheid van die opdragte en vrae te bepaal voordat dit aan deelnemende respondente versprei is. Die navorser het die proeflopie saam met elk van die proefrespondente deurgegaan en aantekeninge gemaak waar daar 'n aanduiding was dat die opdrag of vraag onduidelik of dubbelsinnig was en aanpassings is hiervolgens gemaak. Respondente is in groepsverband genader, waar die doel en prosedure van die studie eers aan hulle verduidelik is. Sodra die respondent toegestem het tot deelname aan die studie, is 'n vraelys aan hom/haar oorhandig, wat dadelik voltooi en terugbesorg is. Indien professionele rolspelers dit verkies het, is die vraelys op 'n latere stadium terugbesorg.

Floyd Fowler (in Iarossi, 2006:27) beklemtoon die volgende belangrikheid van die vraelys: "*The goal is to have differences in answers reflect differences in where people stand on the issues, rather than differences on their interpretations of the questions."* Dit was belangrik dat vrae korrek opgestel is om soveel moontlik relevante inligting te ontlok. Die vraelys was tot die punt, objektief, eenvoudig en spesifiek van aard (Iarossi, 2006:31-42). Die navorser was van mening dat 'n wye verskeidenheid formate vir die vrae gebruik moes word om eentonigheid van die vraelys te voorkom. Die navorser het van ongestruktureerde vrae, gestruktureerde vrae, gestruktureerde oop vrae, digotomiese vrae en meervoudige keusevrae gebruik gemaak (Maree, 2003:51-53).

1.4.1.3 Data-analise

Volgens Kruger, De Vos, Fouché en Venter (2005:218), kan data-analise beskryf word as die *"… kategorisering, ordening, manipulasie en opsomming van data om antwoorde op navorsingsvrae te verkry."* Die skrywers meen die doel van analise is om die navorsingsprobleem te bestudeer en te toets en daarna gevolgtrekkings te maak deur data te vereenvoudig tot in 'n verstaanbare en interpreteerbare vorm. In hierdie studie is data met die hand ontleed om konstrukte vanuit die vraelyste te identifiseer. Colman (2006:166) omskryf 'n konstruk as 'n komplekse konsep wat meer eenvoudige konsepte omsluit. Hierdie konstrukte het ook oorvleuel met die indikatore vir die vraelys, waarna die frekwensie waarin dit voorkom, bepaal is en in die vorm van visuele voorstellings uiteengesit en bespreek is. Hiervolgens is gevolgtrekkings en aanbevelings rakende die studie gemaak.

1.4.2 Universum en populasie

Die universum verwys volgens Arkava en Lane (In Strydom, 2005:192) na alle potensiële respondente wat oor die spesifieke kenmerke beskik waarin die navorser belangstel. Vir die doeleindes van hierdie studie het die universum bestaan uit rolspelers woonagtig en betrokke by hoë risikogebiede wat die kleuter se belange op die hart dra. Dit sluit ouers, onderwysers, gemeenskapslede, maatskaplike werkers, spel-, spraak- en arbeidsterapeute, asook teoloë (pastore en predikante) in. Die navorser het besluit om spesifiek van alle belanghebbendes gebruik te maak, omdat dit nie noodwendig net ouers is wat 'n belang in kleuters se veiligheid het nie en dat dit volgens die Sisteemteorie duidelik is dat alle subsisteme konstant in wisselwerking met mekaar is en mekaar sodoende beïnvloed.

Die populasie verwys na spesifieke individue uit die universum, wat oor spesifieke eienskappe beskik (Arkava en Lane in Strydom, 2005:193). Ouers, onderwysers, die uitgebreide gesin, gemeenskapslede, maatskaplike werkers, terapeute, pastore en dominees wat in Danville, Pretoria, woonagtig of werksaam is, het die populasie van hierdie studie uitgemaak. In hierdie

spesifieke omgewing, soos deur die navorser waargeneem, is al hierdie rolspelers besorg oor die welstand van die kinders en hul opvoeding.

1.4.3 Steekproef en wyse van steekproefneming

Volgens nie-waarskynlikheidseleksie was doelbewuste steekproefneming die mees gepaste metode vir hierdie studie. Singleton (In Strydom, 2005:202) stel dat hierdie tipe steekproef totaal op die oordeel van die navorser berus, deurdat die steekproef saamgestel word deur elemente wat die mees belangrike eienskappe en verteenwoordiging van die populasie bied. Alle rolspelers of belanghebbendes by die gemeenskap van Danville se kleuters is in die steekproef betrek, alhoewel deelname vrywilliglik geskied het.

Dit is ook belangrik dat die steekproef verteenwoordigend van die populasie is om sodoende te veralgemeen, relatief tot die populasie. Strydom (2005:195) stel dat hoe groter die populasie is, hoe beter is die kans dat die gevolgtrekkings en voorspellings verteenwoordigend en akkuraat sal wees. Die steekproef behoort te beskik oor dieselfde eienskappe as die populasie. Ten einde die resultate van die studie te veralgemeen tot die gemeenskap van Danville, het die navorser probeer om soveel moontlik respondente by die studie te betrek. Stoker (In Strydom, 2005:196) verskaf ‘n tabel waarvolgens die steekproefgrootte bepaal word. Vir die doeleindes van hierdie studie is 64 respondente benodig vir die populasie van ongeveer 200.

1.5 ETIESE ASPEKTE

Etiek impliseer voorkeure wat gedrag in menseverhoudings beïnvloed (Strydom, 2005:57). Labuschagne en Eksteen (1993: 178) definieer etiek as ‘n *“onderdeel van die wysbegeerte wat oor sedelike gedrag en waardes handel”,* of as praktiese wysbegeerte. Vir die navorser omsluit etiek maniere om te verhoed dat skade aan respondente of kliënte aangerig word as gevolg van die navorsings- of terapeutiese proses. Die volgende etiese aspekte is in oorweging gebring om skade aan alle betrokkenes en respondente te verhoed:

- Die doel en proses van die navorsing is deeglik aan respondente deurgegee. Dilman (2007:158-167) lig die belangrikheid daarvan uit om respondente deeglik in te lig rakende die studie. Sekere aspekte wat mondelings of per brief ingesluit behoort te word, behels onder andere ‘n persoonlike naam en adres, die versoek, hoekom die respondent gekies is, die bruikbaarheid van die vraelys, konfidensialiteit, bereidheid om respondente se vrae te beantwoord, ‘n dankbetuiging en ‘n persoonlike handtekening. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit aan respondente verduidelik en ingesluit in ’n dekbrief wat respondente kon hou (Bylae 1 en 2).

- Deelname geskied op ‘n vrywillige basis. Geen respondent is geforseer om deel te neem nie, en het ook die keuse gehad om enige tyd gedurende die studie te onttrek. Soos vermeld deur Strydom (2005:59) is respondente ingelig oor die vrywilligheid van hulle deelname voordat die vraelys uitgedeel is en dit het in die dekbrief verskyn wat respondente vir hulself kon hou.

- Alle inligting en vraelyste is en sal te alle tye konfidensieel hanteer word en toegesluit word waar net die gemagtigde persone, naamlik die navorser en haar studieleier, toegang daartoe kan verkry. Delport en De Vos *(*2005:62) beklemtoon die belangrikheid daarvan om inligting konfidensieel te hou, veral rakende sensitiewe inligting en wyses waarop data ingesamel is. Dit was en bly die verantwoordelikheid van die navorser om hierdie inligting met die uiterste konfidensialiteit te hanteer.

- Die reg tot anonimiteit van respondente is voorbehou. Geen respondent hoef sy/haar naam op die vraelys neer te geskryf het nie.

- Terugvoer aan respondente, indien dit verlang sou word: Resultate moet so duidelik en ondubbelsinnig moontlik aan respondente

oorgedra word. Respondente moet op ‘n objektiewe wyse ingelig word van die resultate sonder om te veel inligting te verskaf of konfidensialiteit te belemmer (Strydom, 2005:66).

In lyn met die Gestaltbenadering, het die navorser alle respondente gerespekteer en beskou as waardig, outonoom en ‘n persoon in eie reg.

1.6 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Die volgende hoofkonsepte is geïdentifiseer:

1.6.1 Seksuele opvoeding

Volgens Gordon en Schroeder (1995:12) behels seksuele opvoeding, in die breedste konteks daarvan, om houdings, waardes en gevoelens rakende geslag (manlik of vroulik) oor te dra, asook om van liggaamsdele en die funksies daarvan te leer. Seksualiteit is die term wat gebruik word om ‘n persoon se biologiese aard, fisiese aspekte van seksuele verhoudings en gedrag te beskryf (Lively & Lively, 1991:21). Daar word gestel dat die primêre fokus daarop behoort te wees om die kind te help om sy seksualiteit so positief as moontlik te ontwikkel. Vir die navorser beteken die term seksuele opvoeding om ‘n kind te begelei om kennis rakende seksualiteit te verkry asook om op ‘n sosiaal-aanvaarbare wyse seksueel te ontwikkel.

1.6.2 Gemeenskapsopvoeding

Volgens Labuschagne en Eksteen (1993:210) is ‘n gemeenskap ‘n “*Groep persone met min of meer dieselfde belange*”. Volgens die Asian Women’s and Children’s Centre (2005) beskik die omskrywing van gemeenskapsopvoeding oor twee basiese elemente en word dit soos volg gestel: “*education for community within community”*. CeVe (In Asian Women’s and Children’s Centre, 2005) omskryf die konsep as ‘n proses wat ontwerp is om die lewens van individue en groepe te verryk deur in te skakel by mense wat in dieselfde geografiese area woon of gedeelde belange toon, om sodoende

op vrywillige basis geleerdheid, aksie en geleentheid vir refleksie te ontwikkel, wat deur die persone se persoonlike, sosiale, ekonomiese en politieke behoeftes bepaal word.

Minzey (2006) glo in ‘n paar basiese beginsels as kern van gemeenskapsopvoeding, naamlik dat opvoeding ‘n lewenslange proses is, ‘n uiters belangrike hulpbron is, vele persone betrokke is by die opvoedingsproses en dat elke gemeenskap ‘n oorvloed onaangeraakte opvoedkundige hulpbronne het. Sy noem verder dat daar gepoog moet word om fasiliteite en hulpbronne ten beste te benut, dat burgers wat by besluitneming betrokke is, geneig is om beter besluite rakende hul gemeenskap te neem, verbetering van die klein gemeenskap die beste manier is om die breër gemeenskap te verbeter, dat dienste bereikbaar moet wees en opvoeding gebaseer moet wees op die behoeftes van die persone vir wie dit beplan word.

Die navorser stem ooreen met die bogenoemde skrywers in die sin dat gemeenskapsopvoeding ‘n vennootskap is tussen die ‘kenners’ en gemeenskapslede, asook dat opvoeding aan die spesifieke gemeenskap se behoeftes moet voldoen.

1.6.3 Kleuter

Die kleuterstadium strek vanaf ongeveer ouderdom twee tot ses jaar, volgens Louw *et al.* (2002:16). Die kleutertydperk staan ook bekend as die vroeë kinderjare. Die kleuter ontwikkel gedurende hierdie tydperk aansienlik ten opsigte van kognisie en fisieke motoriek en word veral beïnvloed deur die gesin, sosiale invloede en kultuur. Ten opsigte van seksuele ontwikkeling, is dit gedurende hierdie fase wat geslagsrolidentiteit moet ontwikkel (vergelyk Sternberg, 2001:366). Vir die doel van hierdie studie is rolspelers in die hoë risikogemeenskap wat ‘n belang by kinders tussen die ouderdom van twee tot ses jaar het, betrek.

1.6.4 Veiligheid

Labuschagne en Eksteen (1993:988) definieer veiligheid as om vry van gevaar te wees. Veiligheid in die konteks van hierdie studie impliseer dat die kleuter beskerm is teen enige fisiese en seksuele blootstelling wat ‘n gevaar, bedreiging of skade (fisies, geestelik of emosioneel) vir die kleuter kan inhou.

1.6.5 Huislike omstandighede

Omstandighede kan volgens Labuschagne en Eksteen (1993:566) omskryf word as die *“… toestand waaronder iets gebeur”* terwyl huislik ‘n houding jeens die huis of *“… betreffende die huis”* impliseer (1993: 280). Louw *et al.* (2002:238) voer ook aan dat die sosiale omstandighede van ‘n gesin ‘n groot rol in die kleuter se ontwikkeling speel. Dit sluit byvoorbeeld in of die moeder werk of nie, die teenwoordigheid van ander familielede in die woning, die ekonomiese en sosiale status van die gesin, interaksie met en die aantal broers en susters, ouerlike opvoedingstyle en die ouderdomsverskil tussen kinders. Volgens die navorser is dit duidelik dat huislike omstandighede enige toestande by die kind se woning is wat ‘n invloed op sy ontwikkeling kan uitoefen. In die breër konteks kan daar verwys word na ‘n hoë risikogebied waar hierdie invloede hoofsaaklik negatief van aard is en moontlik ‘n bydrae tot seksuele mishandeling kan lewer.

1.7 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit die volgende hoofstukke:

- Hoofstuk 1: Algemene oriëntering.
  Hierdie hoofstuk skets ‘n algemene inleiding en uiteensetting van die studie en omsluit onder andere die doel, navorsingsvraag, navorsingsbenadering en metodologie.

- Hoofstuk 2: Gemeenskapsopvoeding en seksuele mishandeling van die kleuter. Hoofstuk twee bevat hoofsaaklik inligting relevant tot die studie, wat verkry is uit ‘n literatuurstudie. Daar is gefokus op seksuele opvoeding, die kleuter en sy ontwikkelingsfases, veiligheid en huislike omstandighede en ook voorkoming en gemeenskapsopvoeding.

- Hoofstuk 3: Empiriese bespreking van die navorsingsmetodologie. Die navorsingsproses word in diepte bespreek.

- Hoofstuk 4: Empiriese bevindinge. ‘n Analise, deur middel van grafiese voorstellings en besprekings van die empiriese bevindinge van die studie, word in hierdie hoofstuk gedek.

- Hoofstuk 5: Algemene samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings.
  Die navorsingsverslag word afgesluit met ‘n samevatting van die bevindinge, beperkinge van die studie asook aanbevelings vir verdere studie aan praktisyns, ouers, onderwysers en beleidmakers.

1.8 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om die beplanningsraamwerk van die navorsingstudie voor te lê sodat daar gesien kan word waar die fokus van die studie lê en hoe die navorsingsproses moet verloop. In Hoofstuk twee word ‘n oorsig van die beskikbare relevante literatuur bestudeer en bespreek.

HOOFSTUK 2: GEMEENSKAPSOPVOEDING EN SEKSUELE MISHANDELING VAN DIE KLEUTER

2.1 INLEIDING

Kindermishandeling is ‘n alledaagse gebeurtenis en kom in alle gemeenskappe voor, hoewel die publiek slegs sporadiese bekommernis toon as gevolg van nuusberigte of tydskrif- en koerantartikels (Prilleltensky *et al*., 2001:5). Die outeurs beklemtoon die essensie van kindermishandeling soos volg: *“Maltreatment is about trust betrayed, love warped and opportunities lost; it is about stealing happiness and depriving joy; it is about exploiting power and denigrating others. Abuse and neglect are about a vicious cycle that affects victims, their offspring and society at large.”*

Volgens Artikel 108, Deel 28 (RSA Ministry of Legislation, 1996) van die nuwe Konstitusie in Suid-Afrika het elke kind die reg om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing en degradering (Section 1(d) of Act 108 of 1996). Verder, volgens Artikel 108, is die beste belang van die kind van uiterste belang in elke saak rakende die kind en dat ‘kind’ ‘n persoon jonger as 18 jaar impliseer.

Alhoewel kindermishandeling, en veral seksuele mishandeling van kinders, gedurende die afgelope drie dekades baie aandag geniet, is daar reeds in 1996 bepaal dat seksuele mishandeling van kinders jaarliks in Suid-Afrika ‘n toename van 29% toon (Beeld, 1996:2). Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se statistieke vir 2005/2006 toon dat daar in Gauteng-provinsie alleen 1 171 sake van verwaarlosing en mishandeling van kinders aangemeld is. Ten spyte van die publieke bewustheid en kinderregte bly die getalle betekenisvol hoog.

In hierdie hoofstuk word seksuele mishandeling, die seksuele ontwikkeling van die kleuter en gemeenskapsopvoeding en voorkoming van seksuele mishandeling bespreek. Die navorser is van mening dat, ten einde kleuters effektief teen seksuele mishandeling te beskerm, gemeenskapslede ten volle ingelig moet wees rakende alle aspekte rondom die kleuter se seksuele

ontwikkeling asook seksuele mishandeling. Die definiëring van seksuele mishandeling, verskillende vorme daarvan en oorsaaklike faktore word bespreek, asook die rol van die samelewing, veral die hoë risikogebied, as bepalende faktor vir die seksuele ontwikkeling en opvoeding van die kleuter. Laastens word die belang van gemeenskapsopvoeding bespreek ten einde die probleem aan te spreek.

2.2 SEKSUELE MISHANDELING

2.2.1 Definiëring van die begrip seksuele mishandeling

Die komplekse, emosionele en verskuilde aard van seksuele mishandeling maak die begrip moeilik definieerbaar. Daar is verskeie mediese, sielkundige, regs-, sosiologiese en morele sienings rakende seksuele mishandeling. Colman (2006:691) definieer seksuele mishandeling as die onderwerping van ‘n kind of enige ander kwesbare persoon aan seksuele aktiwiteite wat fisiese of sielkundige skade kan veroorsaak. Colman (2006:129) stel ook dat seksuele mishandeling van kinders ‘n vorm van seksuele mishandeling is waar ‘n kind die slagoffer is.

Giardino (In Potgieter, 2006:17) definieer seksuele mishandeling soos volg:

> The involvement in sexual activities by an older person of a dependent, developmentally immature child or adolescent for that older person’s own sexual stimulation, or for the gratification of other persons, as in child pornography or prostitution. Abusive activities include exhibitionism, sexualised kissing, fondling, masturbation, digital or object penetration of the vagina or anus, and oral-genital, genital-genital, and anal-genital contact. The sexual act is imposed on a child or an adolescent who cannot provide informed consent because of his/her age or developmental stage. Central to the concept of sexual abuse are the misuse of power and the betrayal of a child’s trust by an older individual.

Sanderson (2004:45) stel verder dat die mishandelingsituasie gekenmerk word deur ‘n gebrek aan toestemming, ambivalensie, uitbuiting, dwang, geheimenis, sowel as deur ongelykheid.

Die ‘Sexual Offences Act’, Wet no 23(14) van 1957 omskryf wetgewing rakende seksuele oortredings met jeugdiges as volg:

“*Enige manlike/vroulike persoon wat*

a. *Onwettige seksuele omgang het of poog daartoe, met ‘n dogter/seun onder die ouderdom van 16 jaar of*
b. *‘n Immorele daad pleeg, of poog om dit te pleeg met ‘n dogter/seun onder die ouderdom van 19 jaar of*
c. *So ‘n dogter/seun uitlok tot deelname aan ‘n immorele daad, sal skuldig bevind word van ‘n kriminele oortreding*” (RSA Ministry of Legislation 1957:4).

2.2.2 Tipes seksuele mishandeling

Verskillende vorme of tipes seksuele mishandeling word in die literatuur beskryf:

- *Seksuele kontak-mishandeling*

  Britz (2003:102) stel dat die oortreder seksueel opgewek word deur die fisieke aanraking van die kind se liggaam asook deur beheer oor die kind se liggaam uit te oefen. Potgieter (1996:28) voeg by dat dit die aanraking van *“intieme liggaamsdele”* insluit. Aktiwiteite soos onder andere die vertroeteling van die borste of geslags-organe, ongepaste geseksualiseerde soenery, masturbasie, pene-trasie van die vagina of anus met die penis of ‘n ander objek word hierby ingesluit.

- *Geen-kontak seksuele mishandeling*

  Geen-kontak seksuele mishandeling kom voor wanneer die mishandeling nie fisiek van aard is nie, maar steeds fokus op die seksuele drange van die volwassene (Britz, 2003: 98). Seksuele aanmerkings, blootstelling, voyeurisme, blootstelling aan of die gebruik van ‘n kind vir pornografie en openlike seksuele gedrag voor ‘n kind word as geen-kontak seksuele mishandeling geklassifiseer. (Vergelyk Dunn, 2004:29; Potgieter, 1996:27; Sanderson, 2004: 42.)

- *Intrafamiliêre seksuele mishandeling*

  Intrafamiliêre seksuele mishandeling verwys na seksuele mishandeling binne die familieverband en verwys na enige familielid, al woon die persoon nie saam met die kind nie (Robertson, 1990:7). Hierdie verskynsel staan ook bekend as bloedskande en behels dat sibbe, biologiese ouers, stiefouers en aangenome ouers die oortreder kan wees (vergelyk Crosson-Tower, 1999:119; Snyman, 1995:335). Wanneer ‘n kind deur ‘n gesinslid seksueel mishandel word, kan dit een van twee uitwerkings op die gesin hê, naamlik dat die kind homself heeltemal van die gesin onttrek of die gesin ontwrig met simptomatiese gedrag (Briere & Elliot, 1993). Die skrywers vermeld dat verdeelde lojaliteit en beskerming van die gesin twee belangrike faktore is wat na vore tree. Die oortreder ontken meestal die aanklag en reageer defensief en met geweld teenoor die kind of enige ander persoon wat die kind ondersteun.

- *Ekstrafamiliêre seksuele mishandeling*

  Oortreders van dié tipe mishandeling is gewoonlik ander persone wat nie deel is van die kind se familie nie en kan moontlik ‘n

onderwyser, familievriend of enige ander vertroueling wees (Crosson-Tower, 1999:119). Briere en Elliot (1993) stel ook dat hierdie tipe oortreder nie ‘n familielid is nie en dat rolle en verhoudings binne die gesin in ‘n mindere mate beïnvloed word deur die seksuele mishandeling. Negatiewe gesinsdinamiek kan wel as ‘n risikofaktor dien vir seksuele viktimisasie buite gesins-verband.

2.2.3 Voorkoms van seksuele mishandeling van kinders

Vanaf 1996 het die Kinderbeskermingseenheid (of soos dit vandag bekend staan die Eenheid vir Kinderbeskerming, Seksuele oortredings en Gesinsgeweld) jaarliks meer as 35 000 oortredings teenoor kinders ondersoek (Tanfa, 2004:7).

Daar word verder vermeld dat aanmeldings by die SAPD rakende kinder-verkragting en poging tot verkragting van ‘n kind, toegeneem het en dat die voorkoms daarvan in Gauteng gestyg het – vanaf 12 117 gedurende 1997 tot 12 421 gedurende 2000.

Lamers-Winkelman (In Potgieter, 1996:35) hou voor dat kinders van alle ouderdomme seksueel mishandel word en dat ongeveer 38% van kinders onder ses jaar seksueel mishandel word. Volgens Faller (In Potgieter, 1996:36) kom seksuele mishandeling die meeste voor by kinders tussen drie en vier jaar. Daar word verder gereken dat kinders tussen die ouderdom van drie en vyf jaar die tweede grootste teikengroep van seksuele mishandeling is. Prilleltensky *et al.* (2001:100), stem nie hiermee saam nie en toon dat kinders ouer as ses jaar die grootste teikengroep is.

Dit is welbekend dat ‘n groot persentasie oortredings nie aangemeld word nie en dat die SAPS se statistieke as gevolg hiervan nie noodwendig ‘ware syfers’ toon nie. Maatskaplike statistieke kan dalk meer lig hierop werp omdat alle maatskaplike aanmeldings nie noodwendig as ‘n klag by die SAPS eindig nie. Onlangse statistiek van die Ondersteuningsraad toon dat daar twee gevalle

van seksuele mishandeling van kleuters in Danville, Pretoria, gedurende hierdie jaar (Januarie tot Augustus) by hulle aangemeld is (Ondersteuningsraad, 2007). Volgens die navorser is die beskikbare statistieke nie ‘n betroubare en ware refleksie van die voorkoms van seksuele mishandeling van kleuters nie. Daar is ’n duidelike diskrepansie tussen die hoeveelheid aanmeldings by die SAPD, die Ondersteuningsraad en verwysings vir Spelterapie. Ongelukkig is daar geen beskikbare offisiële statistieke van die hoeveelheid kleuters en ander kinders in die Danville-omgewing wat as gevolg van seksuele mishandeling of geseksualiseerde gedrag vir Spelterapie verwys word nie, behalwe die navorser se persoonlike ervaring. Hieruit blyk dit asof nie alle gevalle aangemeld word nie (óf by Maatskaplike dienste, die SAPD of deur terapeute nie). As gevolg van algemene reëls en regulasies was dit ook nie vir die Pretoria-Wes SAPD tak moontlik om die mees onlangse statistieke aan die navorser bekend te maak nie.

Ten spyte van hierdie statistiek vind daar steeds net in graad sewe formele seksuele opvoeding plaas met die fokus wat hoofsaaklik op voorligting val (Abrahamse, 2007), en dit terwyl daar reeds erken is dat seksuele opvoedingsprogramme by kleuters sukses kan afwerp (Gordon & Schroeder, 1995:18). Die navorser is van mening dat opvoedingsprogramme nie net vir die kleuter aangebied moet word nie, maar ook vir die ouers en gesin, plaaslike gemeenskap en die samelewing, omdat die probleem op alle sisteemvlakke aangespreek en voorkom behoort te word. Harmer (1998:98) bevestig die navorser se mening deur te sê: *“The approaches that have the greatest potential for success are those which take place in neighborhoods and which involve all the segments of the population”*, wanneer sy strategieë bespreek wat sosiale probleme suksesvol aanspreek.

2.2.4 Oorsake van seksuele mishandeling

In die literatuur word verskeie oorsake vir seksuele mishandeling van kinders genoem. Aangesien die Sisteemteorie en Gestaltbenadering die teoretiese aannames van hierdie studie uitmaak, word gekyk na elke vlak van die

sisteem en na watter oorsake aanleiding tot seksuele mishandeling kan gee. Die oorsake word gegroepeer volgens die verskillende sisteme, naamlik die samelewing, gemeenskap, gesin en ouers, sowel as die individu. Vervolgens word ‘n raamwerk verskaf om die invloed van die verskillende sisteme op die individu en gesin te verduidelik, veral in terme van seksuele mishandeling, waarna die verskillende oorsaaklike faktore wat by elke sisteem teenwoordig is, bespreek word.

Bolen (In Tanfa, 2004:12) is van mening dat die samelewing en die gesin die mees kritieke rol speel in die bepaling van seksuele mishandeling. Prilleltensky *et al.* (2001:11) stel dat net soos welstand, mishandeling ook ‘n ekologiese konstruk is wat bepaal word deur verskeie faktore van die verskillende sisteme, wat interaktief op mekaar inwerk. Die outeurs is van mening dat mishandeling aan die ander pool van die kontinuum, teenoor welstand, lê. Welstand kan gedefinieer word as ‘n gunstige toestand wat veroorsaak word deur ‘n kombinasie van sterk waardes, voldoende psigologiese en fisiese hulpbronne, effektiewe beleide en suksesvolle programme (Prilleltensky *et al.*, 2001:9). Verder word die welstand van die gesin omskryf as die teenwoordigheid van ondersteunende, affektiewe en vervullende verhoudings wat poog om persoonlike groei van gesinslede sowel as die gesin as geheel te bevorder. Welstand kan gedeeltelik beskou word as ‘n produk van beskermingsmeganismes wat in elke subsisteem voorkom. Net so kan kindermishandeling gedeeltelik beskou word as ‘n produk van risiko-faktore wat in elke subsisteem voorkom. Figuur 2.1 verskaf ‘n visuele beeld van die verhouding tussen welstand en mishandeling, risikofaktore en beskermingsmeganismes en die Sisteemteorie.

Risikofaktore Beskermingsmeganismes



Figuur 2.1 Uitkoms tussen welstand en mishandeling, risikofaktore en beskermingsmeganismes en die Sisteemteorie (Prilleltensky *et al.,* 2001:61).

Die pyl aan die linkerkant van die diagram toon aan dat kindermishandeling voorkom wanneer daar risikofaktore in een of meer van die subsisteme teenwoordig is, sonder dat dit deur gepaste en voldoende beskermings-meganismes gebalanseer word. Sodra gepaste en voldoende beskermings-meganismes in een of meer van die subsisteme voorkom, kan die impak van risikofaktore teengewerk word, wat weerstandige kinders en gesinne, sowel as die voorkoming van mishandeling tot gevolg het. Die pyl in die middel van die diagram wat die twee sirkels verbind, verteenwoordig die interaksie tussen risikofaktore en beskermingsmeganismes wat weerstandigheid as positiewe uitkoms toon. Die afwesigheid van identifiseerbare risikofaktore, soos deur die regterpyl aangewys, het tot gevolg dat welstand en funksionering deur die beskermingsmeganismes bevorder word. Na aanleiding van die werking van die diagram is dit belangrik dat die verskeie risikofaktore en beskermings-meganismes wat in elke subsisteem in werking is, nie noodwendig dieselfde vir elke individu of gesin is nie. Hierdie faktore, so ook die gevolge daarvan, wissel oor tyd en na aanleiding van die individu en gesin se konteks.

Dit is noodsaaklik dat intervensie gegrond sal wees in die daaglikse realiteit van die kinders en familie. Dit is nodig om te weet watter faktore bydra tot die familie se welstand en watter meganismes tot mishandeling aanleiding gee. Die voorkoms van seksuele mishandeling van kinders kan verminder word

deur risikofaktore te verminder, beskermingsfaktore te versterk en omstandigheede wat welstand bevorder, te versterk (Prilleltensky *et al.*, 2001:20). Vervolgens kan risiko- en beskermingsfaktore gedefinieer word as *"… circumstances, events, or characteristics of a person or their environment that respectively increase or reduce the likelihood of problems"*. Swak fisieke gesondheid, stresvolle lewensgebeure, seksuele, fisieke of emosionele mishandeling en ekonomiese uitbuiting kan as risikofaktore beskou word. In teenstelling hiermee word 'n hoë selfbeeld, toereikende hanteringsvaardighede, voldoende sosiale ondersteuning en genoegsame ander hulpbronne as beskermingsfaktore beskou.

Vervolgens word daar na die verskillende sisteme gekyk in terme van die rol wat hierdie risiko- en beskermingsfaktore ten opsigte van seksuele mishandeling van kinders speel.

2.2.4.1 *Die samelewing*

Die samelewing behels sekere kulturele, sosiale en ekonomiese aspekte wat druk op die familie of gesin plaas. Faktore soos armoede, werkloosheid en norme en waardes wat geweld en minagting van kinders ondersteun, skep gesamentlik moeilike omstandighede vir die gesin (Prilleltensky *et al.*, 2001:65). Faktore in die samelewing wat aanleiding kan gee tot seksuele mishandeling by kinders, word vervolgens bespreek.

Dit is wel so dat seksuele mishandeling van kinders binne elke sosio-ekonomiese groep voorkom en nie slegs onder die lae inkomstegroep nie (Potgieter, 1996:39). Volgens Kruttschnitt, McLeod en Dornfeld (In Prilleltensky *et al.*, 2001:65) het studies egter bewys dat hoe langer 'n gesin in **armoede** leef, die mishandeling naderhand chronies word en die graad daarvan vererger. Sexual Violence: Fact Sheet (2007) hou voor dat armoede die daaglikse lewe van vrouens en kinders meer gevaarlik maak, deurdat hulle byvoorbeeld alleen in die nag moet loop (as gevolg van 'n gebrek aan vervoer) en minder ouertoesig (as gevolg van ouers wat werk en nie

alternatiewe sorg kan bekostig nie). Nog ‘n gevolg, volgens die skrywer, is dat armoede vroue en kinders meer afhanklik van mans maak vir oorlewing en dat hulle minder seggenskap en beheer het oor hul eie seksualiteit, toestemming tot seksuele aktiwiteite, om hul eie kwesbaarheid te erken of om hulp te soek wanneer hul geviktimiseer word. Al die bogenoemde verhoog die vrou en kind se kanse op seksuele viktimisasie. Gordon en Schroeder (1995:10) het ook bepaal dat twee- tot sewejarige kinders uit die laer-inkomste groep minder kennis het oor liggaamsdele en hul funksies, swangerskap en die voorkoming van mishandeling, as kinders uit middel- en hoër inkomstegroepe.

Werkloosheid hou nouliks verband met armoede. Navorsing het getoon dat ‘n tekort aan werk, beperkte aanstellings en onstabiele werksomstandighede geassosieer word met risiko vir kindermishandeling (vergelyk Prilleltensky *et al.*, 2001:69; Potgieter, 1996:39; Tanfa, 2004:13). Prilleltensky *et al.* (2001:69) is van mening dat werkloosheid die hoofoorsaak is van armoede in gesinne met kinders. Potgieter (1996:39) voeg by dat die seksuele mishandeling van ‘n kind, die werklose man in ‘n magsposisie plaas.

Jan Publiek word daagliks aan **geweld** blootgestel, al is dit deur middel van ‘n nuusberig, die woorde van ‘n liedjie of ‘n fliek. Onwetend word geweld as deel van die lewe aanvaar en wat daaruit geleer word vorm waardes, gedrag en benaderings tot konflikhantering. (Vergelyk Prilleltensky *et al.*, 2001:71; Tanfa, 2004:13.) Kulturele herkoms bepaal ook die aanvaarbaarheid van geweld. In verskeie Suid-Afrikaanse kulture word die man nog as hoof van die huis en as dominant teenoor die vrou en kind beskou. Dit kom dikwels voor dat “*… die man homself veroorloof om die kind en die vrou seksueel te misbruik”* (Potgieter, 1996:38).

2.2.4.2 Die plaaslike gemeenskap

Die plaaslike gemeenskap is die woonbuurt waar die kind woon. *“Child maltreatment is a symptom of not just individual or family trouble but neighborhood and community trouble as well”* (Prilleltensky *et al.*, 2001:72).

Die direkte gemeenskap impliseer ook skole, werkplekke en benodigde hulpbronne en die beskikbaarheid daarvan. Bolen (In Tanfa, 2004:14) is van mening dat daar nie ‘n direkte verband is tussen die plaaslike gemeenskap en seksuele mishandeling nie, maar dat die plaaslike gemeenskap wel oor sekere risikofaktore kan beskik. Van hierdie risikofaktore is onder andere ‘n tekort aan sosiale kohesie, verhoogde werkloosheid, hoë vlakke van mobiliteit, ontoeganklike dienste en hulpbronne, ondergeskikte en onvoldoende behuising, sowel as onvoldoende kindersorg (Prilleltensky *et al.*, 2001:73). Verdere risikofaktore wat binne die plaaslike gemeenskap voorkom, word vervolgens bespreek.

Verarming verwys breedweg na omstandighede soos die graad van armoede en werkloosheid asook die persentasie van huishoudings met vroue en minderjariges aan die hoof (Prilleltensky *et al.*, 2001:73). Kempe en Kempe (In Tanfa, 2004:14), Drake (1998) en Pauw ([sa]) sê verder dat die stres wat gepaardgaan met swak sosio-ekonomiese omstandighede, ’n bydraende faktor is tot veral seksuele mishandeling en mishandeling in die algemeen.

Rekreasiefasiliteite, werkopleidingsprogramme, biblioteke, skole, mediese en dwelmmisbruiksentrums vorm deel van addisionele **hulpbronne** wat ‘n ondersteunende en beskermende rol vir die familie kan vervul. Ongelukkig, volgens Coulton, Korbin, Su en Chow (1995:1265) en Vondra (In Prilleltensky *et al.*, 2001:79) het die meeste hoë risikogebiede ‘n tekort aan hierdie tipe ondersteuningsbronne en het dit ‘n groot invloed op kindermishandeling.

Onvoldoende behuising het ‘n groot uitwerking op die gesin en kan moontlik lei tot seksuele mishandeling. Faller (In Potgieter 1996:39) ondersteun hierdie uitgangspunt, so ook Kellerman en Soni (In Tanfa 2004:14). Volgens Prelleltensky *et al.* (2001:79) is onkoste slegs een aspek van behuising. Behuising moet skuiling teen die elemente bied, dit moet warm en droog en in ‘n goeie toestand wees en basiese sanitêre- en kookfasiliteite hê. Die huis moet ook groot genoeg wees vir die hoeveelheid mense wat daar woon. Die Danville Kamers, geleë te Danville, Pretoria, is een so ‘n voorbeeld van onvoldoende behuising. Die Kamers was voorheen ‘n kantoorblok wat tans

bestaan uit 80 kamers en vier ablusie blokke wat versprei is tussen die twee vloere. Badkamers het ‘n tekort aan stortgordyne en toiletdeure. Daar was tot onlangs geen skeiding tussen die kombuis-opwasarea en die badkamers nie en ‘n hele gesin woon saam in een kamer. Dit is duidelik dat daar nie voldoende sanitêre en kookfasiliteite is nie en die Kamers word gekenmerk deur oorbevolking. In hierdie tipe omstandighede word kinders blootgestel aan naaktheid, seksuele aktiwiteite en besonderhede van ouers en ander se sekslewe wat oorstimulerend en verwarrend kan wees, en plaas hul ook in ‘n moontlike posisie vir seksuele mishandeling. (Vergelyk Lively & Lively, 1991:16; Gordon & Schroeder, 1995:74; Siegel, 2000:162.)

Die konsep van voldoende behuising omsluit ook die woonbuurt se vermoë om kinders en families teen **geweld** te beskerm (Doyle in Prilleltensky *et al.*, 2001:79). Woonbuurte waar misdaad en substansmisbruik voorkom, het ‘n negatiewe invloed op die gesin se gesonde funksionering. Coulton *et al.* (1995:45) berig dat ‘n studie getoon het dat mishandeling spruit uit sekere faktore in die gemeenskap wat ook oortredingsgedrag tot gevolg het, byvoorbeeld geweldsmisdaad, dwelmhandel, jeugmisdaad en tienerswanger-skappe. Hierdie verskynsel word duidelik beskryf deur die volgende aanhaling: *“Where you live matters … People around with drugs, whatever … The people aren’t necessarily bad who live there, but the area attracts bad things. So when you live there you always feel like you’re going to be in some fight, probably get shot, drugs, whatever”* (Prilleltensky *et al.*, 2001:80).

Sosiale isolasie kan moontlik ‘n rol speel in seksuele mishandeling. Sosiale isolasie kan moontlik ‘n oorsakende rol speel in of ‘n gevolg wees van seksuele mishandeling of kan dit verleng. (Vergelyk Potgieter, 1996:40; Pauw, [sa].) As gevolg van die sosiale isolasie is daar moontlik nie iemand om te vertel van die seksuele mishandeling nie, en indien dit intrafamiliêr plaasvind sal die mishandeling nie maklik ontdek word nie en sodoende moontlik vir ‘n lang periode voortduur.

2.2.4.3 Die ouers en gesin

Die gesin is die onmiddellike omgewing waarin kindermishandeling voorkom en dit sluit in gesinsdinamika, ouerskapstyle, sielkundige hulpbronne en die ontwikkelingsgeskiedenis van die ouers. (Vergelyk Prilleltensky *et al,*, 2001:81; Tanfa, 2004:15.) Briere en Elliot (1993) stel dat alhoewel seksuele mishandeling 'n gevolg van negatiewe gesinsdinamiek mag wees, dit ook negatiewe gesinsrolle en verhoudings tot gevolg kan hê. Spesifieke lewenssituasies van gesinne kan die moontlikheid van seksuele mishandeling verhoog, byvoorbeeld huwelikskonflik, gesinsgeweld, werkloosheid, finansiële stres en sosiale isolasie, alhoewel hierdie faktore opsigself nie noodwending mishandeling veroorsaak nie (Pauw, [sa]). Faktore binne die gesinsisteem wat moontlik kan bydra tot seksuele mishandeling van kinders word vervolgens bespreek.

Groot gesinne wat saamwoon, oorbevolking en min beskikbare ekonomiese en menslike hulpbronne dra alles by tot verhoogde vlakke van kindermishandeling en verwaarlosing in sulke gesinne (Prilleltensky *et al.*, 2001:82). Hierdie aspek vergelyk nouliks met onvoldoende behuising en oorbevolking op gemeenskapsvlak.

Volgens navorsing (vergelyk Prilleltensky *et al.*, 2001:85; Douglas & Finkelhor, 2005) ontwikkel **akute stres** as gevolg van 'n verskeidenheid situasies en omstandighede insluitende die volgende: ekonomiese onsekerheid, onvoldoende behuising, werksverlies, aanpassing binne en buite die skool, verhuising, ernstige gesondheidsprobleme, afsterwe van 'n familielid of nabye vriend, egskeiding, huwelikskonflik en -geweld, swangerskap en geboorte en gemeenskapsgeweld. Dit is gedurende hierdie tye dat daar min ondersteuning is, dat kinders meer vatbaar is vir seksuele mishandeling.

Douglas en Finkelhor (2005) is van mening dat **huwelikskonflik** direk geassosieer kan word met seksuele mishandeling van kinders. Wanneer daar konflik en geweld binne die huwelik is, lei die kinders ook daaronder, hetsy dit fisies, emosioneel of deur verwaarlosing is. Kinders kan ook met opset of per

ongeluk beseer word wanneer hulle tussenbeide probeer tree. Williams-Meyer en Finkelhor (In Prilleltensky *et al.,* 2001:86) noem dat die motivering vir ongeveer 10% van pa's wat hul dogters seksueel mishandel, vergelding teenoor die moeder is. Huwelikskonflik veroorsaak ook 'n wanverhouding binne die seksuele verhouding van die ouerpaar. Potgieter (1996:45) meen dat die pa op 'n subtiele manier verwag dat die dogter sy seksuele behoeftes moet bevredig, om sodoende sy behoefte aan nabyheid te vervul.

Die meeste vaders wat hul eie kinders seksueel mishandel, het meestal self ook moeilike kinderjare gehad en het moontlik 'n traumatiese seksuele ervaring gehad wat as positief of neutraal beleef is (Mrazek & Kempe in Potgieter, 1996:40). Dieselfde geld ook vir moeders wat self as kind seksueel mishandel is en dat hierdie moeder as volwassene nie noodwendig haar eie kind teen seksuele mishandeling kan beskerm nie omdat sy moontlik nie sensitief is vir situasies wat haar kind in gevaar plaas nie. Dit is duidelik dat mishandeling van enige aard 'n **sikliese patroon** toon en dat dit dan in **generasies** herhaal kan word. (Vergelyk Sexual Violence: Fact Sheet, 2007; Pauw, [sa].)

Omdat 'n groot hoeveelheid ouers reeds in die sikliese patroon van armoede, tiener- en ongewensde swangerskappe en gemeenskapstressors leef, beskik hierdie ouers nie altyd oor die kennis en hulpbronne om kinders suksesvol en effektief groot te maak nie.

> The problem in most of the neighbourhoods like this, is the adults are just children themselves. You've got 14-, 15-year old girls that are pregnant and mothers. And all they are doing is their mother got pregnant at 15 and they are on 'the system.' 'Oh, when you get 16 you can get pregnant and start getting money too.' It's children having children (Prilleltensky *et al.*, 2001:88).

Pauw ([sa]) hou voor dat sekere omstandighede soos ongewensde swangerskappe, siekte en 'n beperkte vermoë om empatie met die kind te toon, kanse op seksuele mishandeling van kinders verhoog, veral wanneer

die gesin sosiale stres en isolasie ervaar. Hierdie faktore hou ook nouliks verband met **swak ouerskapstyle**. Prilleltensky *et al.* (2001:89) stel dat dissipline, interaksie en verwagtinge die drie areas is waarmee ouers wat mishandel, probleme ondervind. Ouerskapstyle wat gekenmerk word deur die verstoting van die kind hou direk verband met seksuele mishandeling van kinders, volgens Douglas en Finkelhor (2005). Field ([sa]) is van mening dat ouerskapstyle aangeleer word en stel dit soos volg:

> Before blaming the parents, the reason parents are dysfunctional is because they were brought up in dysfunctional families. The more dysfunctional the parent, the more dysfunctional were their parents ... and so on. Most people are never taught parenting skills. The sole teachers of parenting skills are thus ... our parents. It's not that we actively teach our kids to parent – kids learn by example. We grow up and repeat what they did to us. If all you have ever known is abuse, that is the only way you know how to behave. Human beings do not automatically know what is right and what is wrong; we have to learn it.

Beide Tanfa (2004:15) en Prilleltensky *et al.* (2001:89) voer aan dat beperkte kognitiewe vermoëns ‘n direkte verband met kindermishandeling toon. Ouers se **beperkte opvoeding, onderrig** en **kognitiewe vermoëns** maak dit moeilik om kompeteerbaar te wees in die werksektor en hul beskik ook meestal oor minder hulpbronne om die stres van ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede te hanteer.

Die gebruik van **afhanklikheidsvormende middels** soos dwelms en alkohol is ‘n direkte oorsaak vir kindermishandeling en ander vorme van gesinsgeweld. (Vergelyk Douglas & Finkelhor, 2005; Potgieter, 1996:41; Prilleltensky *et al.*, 2001:91; Tanfa, 2004:15.) Hierdie middels verminder die *“… pyn en skuld wat verband hou met seksuele molestering, by die molesteerder …”* (Potgieter, 1996:41) en gaan gewoonlik gepaard met verwaarlosing. Een kind se ervaring hiervan is soos volg (Prilleltensky *et al.*, 2001:91): *“Yeah, drinking. And they lose their kids to alcohol because the alcohol is more important than their family is. They’d rather drink and leave their kids at home by themselves than to be home with them.”* Volgens die

Ondersteuningsraad se statistiek, kom alkoholmisbruik in 90% van hul gevalle voor en die gebruik van dagga deur ouers in 65% gevalle (Ondersteuningsraad, 2007). Dit is duidelik dat substansafhanklikheid ‘n risikofaktor is vir kinders wat moontlik kan lei tot hul seksuele mishandeling.

Moeders toon ‘n hoë mate van afhanklikheid van ander persone vir ondersteuning, hulle is emosioneel labiel en sosiaal teruggetrokke (Potgieter, 1996:42). Herman (In Tanfa, 2004:15) stem saam dat **persoonlikheid** ‘n rol te speel het in seksuele mishandeling van kinders deur te sê dat hierdie ouers gewoonlik ‘n lae vlak van strestoleransie toon vir alkohol- en dwelmmisbruik. Verskeie navorsers in Prilleltensky *et al.* (2001:92) is van mening dat persoonlikheidsfaktore soos probleme met aggressie, gewelddadigheid en woedebestuur tydens interaksie met hul kinders, ‘n direkte verband toon met kindermishandeling.

Vanuit die bespreking van die gesinsfaktore is dit duidelik dat die grootte van die gesin, akute stressors, huwelikskonflik, mishandeling van ‘n ouer as kind, tienerouerskap, swak ouerskapstyle, beperkte opvoeding en onderrig, verslawings- en persoonlikheidsfaktore interaktief met mekaar ‘n groot risiko vir seksuele mishandeling van kinders uitspel. Die literatuur stel ook voor dat veral huwelikskonflik, swak ouer-kind verhoudings, ‘n afwesige moederfiguur, onvoldoende supervisie, swak geestesgesondheid, substansmisbruik en biologiese verwantskappe groot risikofaktore binne die gesinstruktuur is wat met seksuele mishandeling geassosieer kan word.

2.2.4.4 Die kind

Die kind het ook intrinsieke faktore wat kan bydra of ‘n risikofaktor is vir seksuele mishandeling. Pauw ([sa] hou voor dat party kinders meer vatbaar is vir mishandeling as ander. Veral die kind se ouderdom en geslag speel ‘n bepalende rol ten opsigte van seksuele mishandeling. Fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die kind kan grootliks die moontlikheid van seksuele mishandeling verhoog of verlaag (Pauw, [sa]). Kinders se **innerlike voorstellings** van die self en ander, hulle vermoë om emosies te

reguleer en stres te hanteer, ‘n outonome self te ontwikkel effektiewe portuurverhoudings te stig en suksesvolle aanpassing by die skool omsluit alles faktore wat intrinsiek tot die kind is (Tanfa, 2004:16). Sekere van hierdie faktore word deur die eksterne gevorm, soos byvoorbeeld gehegtheid. Pauw ([sa]) is van mening dat kinders wat as **‘anders’** bestempel word – soos gestremde kinders – ‘n groter gevaar loop vir seksuele mishandeling. Kinders wat sosiaal geïsoleerd is en byvoorbeeld nie hegte bande met gesinslede of vriende het nie, is meer vatbaar vir aandag en toegeneentheid.

Alle literatuur stem nie ooreen oor die rol wat **geslag** as bepalende faktor te speel het nie, hoewel verskeie navorsers bevind het dat meisies meer vatbaar is vir seksuele mishandeling as seuns. (Vergelyk Prilleltensky *et al.*, 2001:100; Douglas & Finkelhor, 2005.) Daar is reeds vermelding gemaak van verskeie navorsers se bevindinge rakende die vatbaarste **ouderdomsgroep** vir seksuele mishandeling van kinders. Verskillende kritieke ouderdomsgroepe is geïdentifiseer deur die verskeie navorsers en daar kan afgelei word dat die risiko verspreid is oor die kinderjare, naamlik die ouderdomme van 0 tot 18 jaar (Douglas & Finkelhor, 2005).

2.3 DIE KLEUTER

Dit is belangrik om te verstaan wie en wat die kleuter presies is en hoe hy ontwikkel en speel, om begrip van die studie teen die agtergrond van beskikbare literatuur te fasiliteer.

2.3.1 Seksuele ontwikkeling van die kleuter

2.3.1.1 Normale seksuele ontwikkeling van die kleuter

Om ‘n effektiewe rol te speel in die bekamping van en beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling, is dit nodig dat die gemeenskap genoegsaam ingelig word aangaande die normale seksuele ontwikkeling van die kleuter. Die navorser is verder van mening dat inligting rakende die seksuele ontwikkeling van die kind daartoe sal bydra dat gemeenskapslede

moontlike slagoffers vroegtydig kan identifiseer aan die hand van hul gedrag. Potgieter (1996:59) noem die belang van hierdie kennis vir die terapeut om te besef dat sekere gedragsprobleme manifesteer as gevolg van seksuele mishandeling en indien die persoon oor genoegsame kennis beskik kan die wortel van die probleem aangespreek word en nie net die gedrag nie. Volgens die navorser geld dieselfde prinsiep vir gemeenskapsopvoeding. Die normale seksuele ontwikkeling van die kleuter word vervolgens bespreek en is van onskatbare waarde vir gemeenskapsopvoeding in terme van die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling in ‘n hoë risikogebied.

Dit is ‘n algemene opvatting, dog ‘n wanpersepsie, dat die kleuter a-seksueel is en geen seksuele stimulasie of gevoelens kan ervaar nie (Potgieter, 1996:60). Gordon en Schroeder (1995:3) stel dit wel duidelik dat babas en jong kinders (kleuters) seksuele gevoelens ervaar maar nie oor die kognitiewe vermoë en ervaring beskik om seksuele konnotasies te maak, soos dit by volwassenes voorkom nie. Beide Potgieter (1996:60) en Gordon en Schroeder (1995:3) stem saam dat, volgens navorsing, die fetus sy vingers en tone suig en dat die nuutgebore seuntjie ‘n penisereksie kan kry, terwyl die dogtertjie vaginale lubrikasie kry. Maar dit is eers vanaf twee- tot vyfjarige ouderdom dat seksuele en genitale belangstelling aansienlik verhoog. Seksuele gedrag in kinders is ‘n natuurlike verskynsel en kom voor in ‘n mindere of meerdere mate ten spyte van die kind se ervarings. Kennis oor seksualiteit verminder die histerie wat aan kinderseksualiteit gekoppel word (Gordon & Schroeder, 1995:viii).

Vierjarge kinders is geneig om mekaar uit te trek, en selfs urinering kan as ‘n seksuele aktiwiteit beskou word (Glaser & Frosh en Gill & Johnson, In Potgieter, 1996:63). Hierdie seksuele speletjies behels ontkleding en seksuele eksplorasie. Die vyfjarige kind is veronderstel om tussen manlike en vroulike persone te kan onderskei, veral aan die hand van prente, poppe en tekeninge. Begrip en die weergee van besonderhede van seksuele gemeenskap of koïtus vind eers plaas rondom die ouderdom van 12 jaar. Hierdie kennis mag wel al op die ouderdom van so vroeg as nege jaar voorkom, aangesien pubertyd begin om vroeër ‘n aanvang te neem (Widd,

2007). Wanneer ‘n kleuter begrip daarvan toon, beteken dit dat die kind óf seksueel mishandel word óf blootgestel word aan eksplisiete video’s of ander materiaal.

Volgens Ryan en Blum (1994:8) is dit algemeen dat normale kleuters vrae van seksuele aard sal vra, soos wat ‘n vagina is, waar babas vandaan kom, hoekom pappa en mamma bymekaar slaap, ensovoorts. Kleuters is geneig om ander se liggame waar te neem, sowel as hul eie genitalieë, of hulself in die spieël beskou. Dit is ook hoekom hulle *“Wys my joune, dan wys ek jou myne”* speel.

Gordon en Schroeder (1995:2) gebruik die volgende tabel as riglyn vir normale seksuele ontwikkeling:

Tabel 2.1 Normale seksuele ontwikkeling van die kleuter

Seksuele kennis	***Seksuele gedrag***
Geboorte tot twee jaar	
Oorsprong van geslagsidentiteit	Genitale eksplorasie
Oorsprong van selfbeeld	Penisereksie en vaginale lubrikasie
Leer name van liggaamsdele insluitende genitalieë	Ervaar genitale bevrediging/plesier
Gebruik byname	Raak aan ander se genitalieë
Drie tot vyf jaar	
Geslagbestendigheid word vasgestel	Masturbeer vir plesier
Geslagverskille word begryp	Seksuele spel met maats: blootstel van genitalië, eksplorasie van eie en ander se genitalië, pogings tot omgang.
Beperkte inligting oor swangerskap en geboorte	
Ken name van seksuele liggaamsdele maar gebruik byname	
Gebruik eliminasiefunksies vir seksuele dele	

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat kinders, waaronder ook kleuters, seksuele spel beoefen. Dit is belangrik dat ouers en ander belangrike rolspelers, soos terapeute en onderwysers, die verskil sal weet tussen normale en abnormale seksuele spel om sodoende die kind wat moontlik seksueel mishandel word, te identifiseer (Potgieter, 1996:59).

2.3.1.2 Seksuele spel

Dit word algemeen aanvaar dat seksuele spel grootsliks deur nuuskierigheid gemotiveer word, maar dit is ook 'n bron van seksuele stimulasie en opwinding, volgens Lamb en Coakley (In Gordon & Schroeder, 1995:6). Ryan en Blum (1994:11) noem 'n aantal funksies van seksuele spel by die kind, onder andere die volgende:

- Eksplorasie en sensasie

  Sensasies soos opwinding word ervaar wanneer kinders verskillende dele van hul genitalië ondersoek en eksploreer. Volgens Gordon en Schroeder (1995:4) en Health Forum (2005) is masturbasie die mees algemene seksuele gedrag wat by die kleuter voorkom as gevolg van eksplorasie. Child and Youth Health – Parenting SA (2007) meen dat masturbasie vier funksies verrig, naamlik om die liggaam te eksploreer, dit voel goed, dui dat die kind badkamer toe wil gaan of dit stel die kind gerus wanneer sy bekommerd is.

- Wedersydse aanraking met die portuurgroep

  Wedersydse aanraking is 'n belangrike aspek van seksuele spel deurdat kinders mekaar sal aanraak. Dit vind meestal tussen maats van dieselfde ouderdom plaas (vergelyk Potgieter, 1996:65; Child & Youth Health – Parenting SA, 2007).

- Kontak met die teenoorgestelde geslag

  Kontak met die teenoorgestelde geslag vind meestal plaas omdat die kleuter begin agterkom dat seuntjies en dogtertjies verskillend lyk. Hierdie kontak kom meer voor in die vroeë kinderjare sowel as adolessensie (vergelyk Child & Youth Health – Parenting SA, 2007; Potgieter, 1996:66).

- Kinderspel

  Gedurende die tydperk vanaf ongeveer twee- tot vyfjarige ouderdom geniet die kleuter dit om kaal te wees, sy klere uit te trek en in seksuele spel met ander te tree. Hierdie spel sluit die klassieke voorbeeld van dokter-dokter speel in. Die spel is hoofsaaklik ingestel om meer kennis rakende die ander kleuter se liggaam te verkry. Tydens seksuele spel vind daar oor die algemeen nie penetrasie plaas nie (vergelyk Child & Youth Health – Parenting SA, 2007; Potgieter, 1996:66).

Seksuele gedrag kan om verskeie redes as problematies beskou word. Ryan en Blum (In Potgieter, 1996:66) vermeld die volgende redes hiervoor:

- *"Waar die gedrag die kind in 'n riskante posisie plaas dat hy sy liggaam sal beseer;*
- *Waar die gedrag die res van die kind se ontwikkeling inhibeer – geseksualiseerde gedrag;*
- *Waar die seksuele gedrag van die kind met sy sosiale of gesinsverhoudings bots;*
- *Waar die seksuele gedrag die reëls van die gesin, familie of gemeenskap oortree;*
- *Waar die seksuele gedrag tot selfdestruktiewe gedrag lei;*
- *Seksuele gedrag mag ook vir die kind 'n probleem wees indien hy glo dat dit 'n probleem is of*

- *Waar die seksuele gedrag 'n negatiewe uitwerking op ander persone het."* Dit kan byvoorbeeld ongemak skep by 'n ander persoon wat die kind probeer vermy as gevolg daarvan, dit kan op die verkeerde plek of tyd geskied, dit kan in konflik wees met geloof, waardes, norme en reëls of dit kan daartoe lei dat hy ander kinders seksueel mishandel.

Wanneer daar 'n hoë voorkoms van geseksualiseerde spel of pre-okkupasie met seksuele aktiwiteite ten koste van ander spel by die kind voorkom, kan dit 'n aanduiding wees dat die kind seksueel gestimuleer word. (Vergelyk Child & Youth Health – Parenting SA, 2007; Potgieter,1996:73; Gordon & Schroeder, 1995:vii.) Hierdie tipe spel boots gewoonlik volwasse seksuele gedrag na, byvoorbeeld penetrasie en orale kontak. Dié tipe kennis en gedragsidees word gewoonlik verkry deur herhaaldelike blootstelling aan volwasse seksuele aktiwiteite of die kyk van video's of boeke. Faller (1995:26) en Child and Youth Health (2007) is van mening dat die kleuter dan gedrag kan openbaar wat insluit verbale uitlatings wat dui op ontoepaslike seksuele kennis, eksplisiete seksuele tekeninge, seksuele interaksie met ander en seksuele interaksie met diere of speelgoed. 'n Pre-okkupasie met die seksuele kom dus voor veral in tekeninge, stories en spel.

Friedrich (1995:220) vermeld dat slagoffers van seksuele mishandeling onderskei kan word van slagoffers van trauma, op grond van ontoepaslike seksuele gedrag wat geopenbaar word. Die plaas van objekte in die vagina of rektum, ten spyte van pyn of ongemak, word geassosieer met woede en angsgevoelens as gevolg van seksuele mishandeling. Daar word verder vermeld dat die kind wat seksueel mishandel word ook sy tong in die mond van 'n ander sal plaas, 'n ander se genitalieë sal aanraak en seksuele omgang sal naboots.

'n Gesonde mate van seksuele spel is normaal, maar wanneer daar wel uitvalle voorkom soos geseksualiseerde spel en ontoepaslike seksuele gedrag, is dit van die uiterste belang dat die kleuter deur 'n kundige geëvalueer word om te bepaal of die kleuter seksueel mishandel word en of

daar slegs passiewe blootstelling aan seksuele aktiwiteite en materiaal plaasvind.

2.4 GEMEENSKAPSOPVOEDING EN VOORKOMING VAN SEKSUELE MISHANDELING VAN KINDERS

Heinze (2000:32) is van mening dat kindwees op die essensie van onskuld en afhanklikheid gebou is. Onskuld word gereeld in verband gebring met onkunde, veral rakende seksuele sake. Dit is juis wat kinders sogenaamd anders maak – hierdie gebrek aan kennis van volwasse seksualiteit. Die skrywer sê: *"Childish innocence is very beautiful but the bloom is soon destroyed" (*Heinze, 2000:32). Hierdie stelling impliseer dat kinderonskuld deur seksuele kennis bederf kan word.

Ouers is die primêre bron van seksuele onderrig as gevolg van hul intensiewe en langdurige kontak met die kind (Gordon & Schroeder, 1995:12). Ten spyte hiervan voer ouers talle redes aan waarom hulle nie geskik is vir hierdie rol nie. Wanneer 'n kind nie hierdie kennis deur sy ouers bekom nie, word dit vanaf verskeie ander bronne soos die media en portuurgroep verkry en hierdie inligting is meestal onakkuraat, verwarrend en kan moontlik skadelik wees.

As gevolg van 'n toename in klagtes van seksuele mishandeling van kinders (SAPD, 2006), is dit juis noodsaaklik om kinders persoonlike veiligheids-vaardighede te leer as deel van seksuele opvoeding (Gordon & Schroeder, 1995:17). Juis omdat ouers as primêre seksopvoeders beskou word, is dit belangrik dat hulle bemagtig sal word in hul rol deur aan hulle die nodige inltigting te verskaf. Die meeste ouers leer hul kinders van *"stranger danger"*, in plaas van persoonlike veiligheidsreëls of seksuele mishandeling. Dit is spesifiek belangrik omdat meeste oortreders iemand is wat die kind ken. Die Ondersteuningsraad (2007) stem hiermee saam deur te vermeld dat 'n familielid in die meeste gevalle die oortreder is. Vervolgens sal die voorko-ming van seksuele mishandeling van kinders, beskermingsfaktore, asook die eienskappe van die beskermende gemeenskap bespreek word.

2.4.1 Voorkoming van seksuele mishandeling van kinders

Dit kan aangevoer word dat kinders, en spesifiek die kleuter, se inherente onskuld en afhanklikheid die kind nie opsigself teen seksuele mishandeling sal beskerm of daarvan bewus sal maak nie. Hiervolgens is dit belangrik dat ouers, onderwysers en ander belangrike rolspelers die belang hiervan sal raaksien en daarvolgens sal optree. Willows (1991:xii) ondersteun die bogenoemde deur die geskiktheid van die skool en onderwyser te vermeld vir die sukses van voorkomings- en bewusmakingsprogramme as gevolg van die skool se langtermynverhouding en kontak met ouers. Volgens Harmer (1998:142) is samewerking ‘n noodsaaklike komponent vir die suksesvolle implementering van programme. Daar word voorgestel dat gesinne, skole, kerke, besighede, die polisie en enige ander belangegroepe binne die gemeenskap in kennis gestel word van wat gepoog word.

Volgens die literatuur beskik voorkoming van seksuele mishandeling van kinders oor twee kante. Die eerste is die onderrig van veiligheidsmaatreëls en ontwikkelings-gepaste seksuele kennis en die tweede fokus op die voorkoming van seksuele mishandeling van kinders deur volwassenes (as oortreders) wat as kind self seksueel mishandel is (Wickham & West, 2002:52). Dit is na die navorser se mening tog belangrik om bewustheid op gemeenskapsvlak te skep om die voorkoming en vroeë identifisering van seksuele mishandeling van kinders te fasiliteer.

Dit is ‘n miskonsepsie en mite dat daar nog nie genoegsame inligting beskikbaar is om die lewens van kinders en families te verbeter nie. Kennis is ‘n relatiewe begrip, en terwyl dit wel so is dat die mensdom nog nie alles weet oor kinders en hul gesinne nie, is dit ook so dat hulle oor genoeg kennis beskik om veel meer in die kind en gesin te belê (Prilleltensky *et al.*, 2001:159). Die skrywer vermeld dat vroeë intervensie en hoë kwaliteit voorkomingsprogramme beduidende humanitêre en ekonomiese voordele inhou.

2.4.1.1 Bevordering van die kind en gesin se welstand

Die grootste en mees effektiewe strategie vir die voorkoming van seksuele mishandeling van kinders is die kind en gesin se welstand. Verskeie rolspelers kan op verskillende maniere hiertoe bydra. Tabel 2.2 verskaf 'n uiteensetting hiervan (Prilleltensky *et al.*, 2001:163).

Tabel 2.2 Bevordering van die kind se welstand deur verskeie rolspelers

ROLSPELERS:	MOONTLIKE WAARDEGEDREWE AKSIES OM DIE WELSTAND VAN DIE KIND TE VERHOOG:
OUERS EN UITGEBREIDE FAMILIE	• Skep veilige gehegtheidsbande met die kind. • Betrokkenheid by die kind se opvoeding. • Bevorder die kind se bemagtiging en self-doeltreffendheid. • Respekteer die kind se unieke identiteit. • Respekteer die kind se opinie rakende persoonlike en sosiale kwessies. • Verwag ouderdomsgepaste sosiale insette. • Voorsien basiese benodighede.
SKOOLPERSONEEL	• Skep 'n veilige, versorgende omgewing. • Verhoog persoonlike groei en vermoëns. • Bewerkstellig betekenisvolle betrokkenheid. • Verskaf opvoeding in sosiale vaardighede. • Leer politiese bewustheid en belang van sosiale institusies. • Skep geleenthede om familiebetrokkenheid te fasiliteer.
KUNDIGES EN GEMEENSKAPSHELPERS	• Implementeer mishandelingvoorkomingsprogramme. • Voorsien geleenthede vir opleiding in gemeenskapsprogramme. • Bemark inklusiewe programme. • Modelleer en verwag respek. • Verskaf dienste op 'n regverdige, gelyke en toeganklike basis.
JOERNALISTE EN DIE MEDIA	• Kritiseer norme van geweld en bevorder menslike waardigheid. • Kommunikeer 'n visie van groei. • Maak kwessies rakende kinders van nasionale belang. • Elimineer gewelddadige rolmodelle uit die media. • Verhelder die rol van sosiale geregtigheid rakende die bemagtiging van welstand.
BELEIDMAKERS EN KINDER-VOORSTANDERS	• Stig 'n nasionale departement vir die bevordering van gesinswelstand.

	• Borg opvoedkundige aangeleenthede. • Stig 'n kantoor vir die ombudsman om vir kinderregte voorspraak te maak. • Implementeer wetgewing rakende diskriminasie. • Balanseer regte met verantwoordelikhede. • Versprei sosiale hulpbronne ook op grond van nood.

Tesame met die bevordering van die kind en gesin se welstand, speel verskeie faktore 'n rol in die beskerming van die kind teen seksuele mishandeling.

2.4.2 Beskermingsfaktore

Navorsing gerig op beskermingsfaktore en bemagtigingsprosesse wat verband hou met die voorkoming van kindermishandeling en bevordering van welstand, is 'n relatiewe nuwe verskynsel. Prilleltensky *et al.* (2001:102) omskryf beskermings- en bemagtigingsprosesse as omstandighede, toestande en karaktertrekke wat die kind, ouers, families, organisasies en gemeenskap bystaan om uitdagings en stressors effektief te hanteer. Wanneer beskermingsfaktore gebruik word, word risiko teëgewerk en wanneer welstand bevorder word, word hierdie risiko's voorkom. Net soos risikofaktore, is daar verskeie beskermingsfaktore en bemagtigingsprosesse wat op elke subsisteem voorkom en interaktief met mekaar en met die ander subsisteme reageer. Sexual Violence: Fact Sheet (2007) ondersteun die laasgenoemde stelling:

> Protective factors may lessen the likelihood of sexual violence, victimization or perpetration, and exist at individual, relational, community and societal levels. Although less is known about protective factors, the literature suggests measures to prevent potential perpetrators. Some examples for youth are connectedness with school, friends and adults in the community, and emotional health.

Beskermingsfaktore dra by tot weerstandigheid van die kind, gesin, gemeenskap en samelewing teen seksuele mishandeling. Dit is dan juis belangrik dat die klem nie slegs op die kind en gesin val nie, maar ook op die betrokke

stressors en teenspoed wat in die sosiale konteks voorkom (Jones & Ramchandani, 1999). Hierdie stelling word deur Rutter (In Jones & Ramchandani, 1999) gesteun wanneer hulle sê dat elke kind uniek op ‘n situasie reageer en dat sy hele konteks dus in ag geneem behoort te word om die effek daarvan te versaan:

> Children vary in their vulnerability to psycho-social stress and adversity as a result of both genetic and environmental influences; that family-wide experiences tend to impinge on individual children in quite different ways; that the reduction of negative, and increase of positive, chain reactions influences the extent to which the effects of adversity persist over time; that new experiences which open up opportunities, can provide beneficial ‘turning-point’ effects; that although positive experiences in themselves do not exert much of a protective effect, they can be helpful if they serve to neutralise some risk factors; and that the cognitive and affective processing of experiences is likely to influence whether or not resilience develops.

Vervolgens word die beskermingsfaktore van elke sisteem kortweg bespreek:

Die **samelewing** kan ‘n ernstige destruktiewe invloed op die gesin en kind se funksionering uitoefen, maar net so behoort daar sekere fasette van die samelewing te wees wat bydra tot die gesin en die kind se welstand en weerstand. Onder hierdie faktore geld ondersteunende sosiale beleide, sterk sosiale waardes en sosiale bewustheid (Prilleltensky *et al.*, 2001:104). Hierdie stelling ondersteun die navorser se mening dat seksuele mishandeling van die kleuter ook op alle vlakke van die kleuter se konteks aangespreek behoort te word.

Die **gemeenskap** is die direkte omgewing waarbinne die kind en gesin funksioneer en daarom is die impak wat die gemeenskap uitoefen, soveel sterker. ‘n Gemeenskap wat ondersteunend is aan families ten opsigte van die grootmaak van gesonde en weerstandige kinders met ‘n belowende toekoms, beskik oor eienskappe soos voldoende behuising, hulpbronne en

sosiale ondersteuning, ‘n versorgende en ondersteunende skoolomgewing en ‘n positiewe gemeenskapsklimaat. (Vergelyk Jones & Ramchandani, 1999; Prilleltensky *et al.*, 2001: 106.)

Die **gesin** is die kern waarin die kind grootword*: “The family is still society’s place for children to grow up in. We haven’t found, as a society, any alternative to a family that can provide such levels of nurturance” (*Prilleltensky *et al.*, 2001:110). ‘n Gesin wat intense versorging en koestering aan die kind kan verskaf en sodoende die moontlikheid van seksuele mishandeling kan verhoed, beskik oor onder andere ‘n goeie familiestruktuur, kohesie, ‘n ondersteunende klimaat, goeie kommunikasie, effektiewe hanteringsmeganismes, positiewe verhouding tussen die huweliksmaats, positiewe ouerskapgeskiedenis en positiewe ouerskappraktyke. Jones en Ramchandani (1999) voeg by dat die kapasiteit van die ouers om stabiliteit, leiding en grense, stimulasie, emosionele warmte, veiligheid en basiese sorg te voorsien asook inagneming van familiegeskiedenis en funksionering, uitgebreide familie en sosiale integrasie van die gesin kan bydra tot die beskerming en bevordering van die kleuter se welstand.

Die **kleuter** self beskik oor sekere beskermingsfaktore en bemagtigingsprosesse soos positiewe gedrag, intelligensie, goeie probleemoplossingsvermoë, sosiale vaardighede en weerstandigheid (Prilleltensky *et al.*, 2001:119). Jones en Ramchandani (1999) is van mening dat die ouers (gesin), gemeenskap en samelewing moet saamwerk om in verskeie ontwikkelingsbehoeftes van die kind te voorsien ten einde die kind te beskerm en sy welstand te bevorder. Hierdie behoeftes sluit selfsorgvaardighede, sosiale voorstelling, gesins- en sosiale verhoudings, identiteit, emosionele en gedragsontwikkeling, opvoeding en gesondheid in.

Alhoewel daar verskeie beskermingsfaktore en bemagtigingsisteme op elke vlak van die sisteem voorkom, is dit van kritieke belang dat gemeenskappe en samelewings sal begin om die belang hiervan raak te sien. Die samelewing en verskeie gemeenskappe het verval tot daar net risikofaktore oorgebly het. Harmer (1998:6) noem verskeie faktore wat verantwoordelik is vir ‘n swakker

gevoel van gemeenskap, naamlik toenemende verlies aan vertroue in die gemeenskap wat deur die vrees van misdaad aangevoer word, asook publieke amptenare, politici en ‘n politieke sisteem wat op die self gefokus is in plaas van op die gemeenskap. Spesifieke hoë risikowoongebiede het juis die hulp en ekstra hulpbronne nodig om hul weerstand weer op te bou om die kleuter teen seksuele mishandeling te beskerm. Volgens Harmer (1998:6) is ‘n barmhartige en medelydende gemeenskap die oplossing. Verskeie persone moet saamwerk om dit te verwesenlik, maar die saadjies wat geplant word, moet versorg word – veral in ‘n tyd waar barmhartigheid en medelye bedreig word.

2.4.3 Die gemeenskap en gemeenskapsopvoeding

Die bekende gesegde lui “*It takes a villiage to raise a child*”. Volgens die navorser beteken dit dat die hele gemeenskap betrokke is by en verantwoordelikheid aanvaar om kinders veilig en suksesvol tot volwassenheid te begelei. Harmer (1998:88) skryf dat in die moderne wêreld almal die gemeenskap moet bou wat nodig is, anders sal niemand se kinders goed grootgemaak kan word nie.

Om in die ware sin van die woord ‘n gemeenskap te wees, beteken om die self te verenig en te verbind aan wat dit mag kos om daardie eenheid te bewaar. Harmer (1998:5) beweer dat ‘n gemeenskap beteken om beskikbaar te wees om ondersteuning te bied asook om ondersteuning vir die self te kry, dit wil sê gee en ontvang. Geen gemeenskap kan bestaan sonder begrip, medelye en barmhartigheid nie! Daar word verder gestel dat ‘n gevoel van om iewers te behoort, die hart van enige ware gemeenskap is. “*Die barmhartige en medelydende gemeenskap wat regverdig en juis optree, is duidelik noodsaaklik in ons hedendaagse wêreld as ons met die talle disfunksies van daardie wêreld wil klaarspeel*” (Harmer, 1998:8).

Welwillendheid is ‘n belangrike element van burgerdeug, wat behels dat alle lede betrokke is by dienslewering aan die gemeenskap, waar die dienste gefokus is op die verhoging van die gemeenskap se welstand. Vir die

gemeenskap om so te transformeer, behels dat daar na gemeenskapslede, veral na die armstes en kwesbaarstes, gekyk sal word soos God na hulle kyk (Harmer, 1998:27).

Wanneer ‘n gemeenskap ‘n gevoel van behorendheid, welwillendheid en omgee vir sy lede ervaar, kan die beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling op gemeenskapsvlak gefasiliteer word. Verskeie benaderings om sosiale probleme aan te spreek, is geëvalueer en daar is bevind dat suksesvolle benaderings oor spesifieke kenmerke beskik:

- Integrasie

  Integrasie behels die betrokkenheid van alle lede van die aangetaste populasie, die wat ly onder die probleem sowel as die ouers, opvoeders, kerke, besighede, die regering en ander sosiale instansies (Harmer, 1998:97). “*Politici, regsgeleerdes en vakkundiges kan ‘n oorsig en basiese kennis oordra, maar dit vereis ‘n breër forum wat saamwerk om verandering teweeg te bring”* (Harmer, 1998:97). Om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm, is die samewerking van alle rolspelers ‘n vereiste.

- Gemeenskapsbetrokkenheid

  Harmer (1998:98) stel verder dat die benaderings wat die grootste impak en sukses het, dié is wat in die gemeenskap plaasvind en alle segmente van die populasie insluit. Wanneer die gemeenskap bewus en betrokke raak, kan kleuters se veiligheid en beskerming teen seksuele mishandeling groot vrugte afwerp en bydra tot die opheffing van die gemeenskap.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat kleuters slegs suksesvol teen seksuele mishandeling beskerm kan word as die hele gemeenskap betrokke en bewus is. Met gemeenskapsopvoeding behoort die gemeenskap geraadpleeg te

word rakende behoeftes, besluite rakende strategieë, asook die eintlike werk (Harmer, 1998:137). Die skrywer stel dat die tyd om dinge vir en aan mense te doen, lank vergete is. Die tyd vir samewerking en deelname het aangebreek. 'n Verdere belangrike element van gemeenskapsopvoeding is om op die bemagtiging van mense te fokus. Dit behels betrokkenheid van gemeenskapslede om self vir hul toekoms te beplan en daartoe te werk. Verder is dit belangrik dat die gemeenskap aktief betrokke sal wees en dat hul opinies gehoor en gerespekteer sal word. Harmer (1998:139) noem dat wanneer gemeenskapslede betrokke is by beide die behoefteanalise en die oplossing, 'n sin van eie vermoë versterk word en persoonlike en groeps-verantwoordelikheid versterk word. Vir 'n gemeenskap soos Danville is dit ook belangrik dat die gemeenskap hul eie gesag en mag sal ervaar – dat hul 'n verskil in hul eie sowel as hul kinders se lewens kan maak. Dit is belangrik omdat hierdie tipe gemeenskap uitgelewer is aan 'n gevoel van magteloos-heid as gevolg van armoede en werkloosheid.

Die rol van die gemeenskap in die beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling, is van kardinale belang. *"Die plaaslike gemeenskap het 'n verantwoordelikheid teenoor die individu of gesin wat in die moeilikheid is … Vele woonbuurte het maniere ontwikkel vir bure om mekaar te help, asook om saam te staan om gevaarlike of ongesonde situasies te verander"* (Harmer, 1998:155). Met die nodige kennis wat oorgedra word deur middel van 'n gemeenskapsopvoedingsprogram, tesame met die samewerking en betrok-kenheid van gemeenskapslede, kan gemeenskappe soos Danville weer opgehef word en die veiligheid van kleuters verseker word. "*The best way to keep your family safe is to educate yourself about child sexual abuse. The earlier we can see what is happening, the earlier we can do something to stop the abuse"* (Sanderson, 2004:272). Uit die bogenoemde is dit duidelik dat nie slegs die individu of gesin gesonde verandering en voorkoming van seksuele mishandeling van kinders kan teweegbring nie, maar dat dit 'n gemeenskap se bewustheid, kennis, toewyding en samewerking behels.

2.5 SAMEVATTING

Seksuele mishandeling kan omskryf word as seksuele dade deur ‘n ouer persoon, met ‘n afhanklike, ontwikkelingsonvolwasse kind of adolessent vir die ouer persoon se eie seksuele stimulasie of vir die genot van ander deur middel van pornografie of prostitusie. Verskeie tipes seksuele mishandeling van kinders wat kan voorkom, sluit in kontak-seksuele mishandeling, geen-kontak seksuele mishandeling, intrafamiliêre en ekstrafamiliêre seksuele mishandeling. Geen konsensus is onder navorsers bereik rakende die mees kwesbare ouderdomsgroep vir seksuele mishandeling van kinders nie en daar kan algemeen aanvaar word dat die risiko versprei is oor die kinderjare-kontinuum. Daar is wel bevind dat 38% van kinders onder ses jaar die teiken van seksuele mishandeling is en hierdie ouderdomsgroep vorm dan die tweede grootste teikengroep vir seksuele mishandeling.

Verskeie oorsake op samelewings-, gemeenskaps-, gesins- en individuele vlak is in wisselwerking met mekaar en dra by tot die verskynsel van seksuele mishandeling van kinders. Seksualiteit by die kleuter is ‘n normale verskynsel en daar is bewyse dat kinders tussen die ouderdom van nul en ses jaar ook seksueel ontwikkel. Wanneer seksualiteit ‘n bekommernis voortbring as gevolg van geseksualiseerde spel of ontoepaslike seksuele gedrag, behoort die kleuter deur ‘n deskundige geassesseer te word vir die moontlikheid van seksuele mishandeling of blootstelling aan seksueel-eksplisiete gedrag of materiaal. Met inagneming van laasgenoemde stelling, kan seksuele opvoedings- en voorkomingsprogramme met groot sukses geïmplementeer word as hulpmiddel teen seksuele mishandeling. Dit is egter nodig dat die gemeenskap, gekenmerk deur medelye en samewerking, ‘n aktiewe rol in die verband sal inneem.

In Hoofstuk drie word die navorsingsmetodologie wat vir hierdie studie gevolg is, van nader bekyk voordat die empiriese bevindinge onder bespreking kom.

HOOFSTUK 3: EMPIRIESE BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING

Die doel van die navorsingstudie tot dusver, was om ‘n teoretiese raamwerk saam te stel rakende gemeenskapsopvoeding in terme van die beveiliging van kleuters in ‘n hoë risikogebied, veral rakende seksuele mishandeling. Die literatuurstudie (Hoofstuk twee) fokus op seksuele mishandeling, seksuele ontwikkeling van die kleuter, sowel as gemeenskapsopvoeding en voorkoming van seksuele mishandeling van die kleuter.

Die navorser wil poog om binne die bestek van hierdie hoofstuk ‘n oorsig te gee van die navorsingsmetodologie wat vir hierdie studie gebruik is. Die bevindinge van die studie is deur middel van vraelyste verkry wat beide ouers, sowel as ander rolspelers binne die gemeenskap se ervaringe, opinies en behoeftes weerspieël. Hierdie bevindinge word in Hoofstuk vier verder bespreek, om sodoende ‘n geheelbeeld te verskaf van die Danville-gemeenskap se behoefte aan gemeenskapsopvoeding ten opsigte van die kleuter se veiligheid.

3.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Volgens Leedy (In Fouché & Delport, 2005:72) kan die navorsingsproses beskryf word as ‘n spiraal wat begin met ‘n probleem en eindig waar die probleem opgelos is. Babbie en Mouton (In Fouché & Delport, 2005:72) dui op die bestaan van vier standaardelemente van ‘n navorsingsproses, naamlik die navorsingsprobleem, navorsingsontwerp, empiriese bewyse en gevolg-trekkings. Om hierdie navorsingsproses suksesvol te voltooi, het die navorser besluit op ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering om sodoende ‘n groot persentasie van die betrokke gemeenskapslede en rolspelers te bereik. Tabel 3.1 verskaf ‘n duidelike skematiese uiteensetting van die navorsingsproses volgens die kwantitatiewe benadering, wat stapsgewys gevolg is vir hierdie betrokke studie.

Tabel 3.1 Die professionele navorsingsproses vanuit ‘n kwantitatiewe benadering

<table>
<tr><th>Fase 1: Navorsingsonderwerp</th><th>Fase 2: Formele formulerings</th><th>Fase 3: Beplanning</th><th>Fase 4: Implementering</th><th>Fase 5: Interpretasie en voorstelling</th></tr>
<tr><td rowspan="4">Identifiseer navorsingstema of onderwerp</td><td>Bepaal geskiktheid van navorsings-benadering</td><td>Literatuurstudie</td><td>Onderneem proeflopie (voorondersoek)</td><td>Prosesseer en analiseer data</td></tr>
<tr><td>Probleem-formulering</td><td>Selekteer navorsings-ontwerp</td><td rowspan="3">Data-insameling</td><td>Interpreteer resultate</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Navorsings-voorstel</td><td>Selekteer en konstrueer wyse van data-insameling en analise</td><td rowspan="2">Skryf van verslag</td></tr>
<tr><td>Bepaal die steekproef</td></tr>
</table>

Die navorsingsonderwerp, sowel as die formele formulerings (fase een en twee), is reeds in Hoofstuk een uiteengesit. Die navorsingsproses, soos in Tabel 3.1 beskryf, sal vervolgens vanaf fase drie bespreek word.

3.2.1 Fase 3: Beplanning

3.2.1.1 Literatuurstudie

Die beplanningsfase van die navorsingsproses behels eerstens ‘n literatuurstudie. Die navorser het die kernelemente, relevant tot die navorsingsonderwerp, geïdentifiseer en alle beskikbare inligting hieroor versamel. Hierdie kernelemente het ingesluit seksuele mishandeling, die kleuter en meer spesifiek die seksuele ontwikkeling van die kleuter, sowel as gemeenskapsopvoeding en voorkoming van seksuele mishandeling van kinders. Die mees belangrike en relevante teoretiese inligting wat die rug-graat van die studie vorm, is in Hoofstuk twee uiteengesit.

3.2.1.2 Soort navorsing en navorsingsontwerp

Toegepaste navorsing, wat ten doel het om probleme in die praktyk op te los, is die soort navorsing wat die meeste geskik is vir hierdie studie, soos reeds in Hoofstuk een bespreek. Tesame met die toegepaste navorsing, word daar gefokus op die verkennende en beskrywende aard van navorsing. Die verkennende aard poog om begrip rakende ‘n spesifieke fenomeen te verkry, in hierdie geval die behoefte aan gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling in ‘n hoë risikogebied. Die beskrywende aard het ten doel om ‘n nadere beskouing van die spesifieke sosiale omgewing en omstandighede te illustreer om sodoende begrip verder te fasiliteer. Vir die doeleindes van hierdie studie word die Danville-gemeenskap van nader bekyk en beskryf ten opsigte van bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters en bestaande risiko- en beskermingsfaktore ten einde die behoefte aan gemeenskapsopvoeding ten opsigte van die kleuter se veiligheid te bepaal.

Die “*Randomised cross-sectional survey*”-ontwerp is geïmplementeer as gevolg van die feit dat respondente nie-willekeurig gekies is vir deelname aan die studie. Hierdie ontwerp maak ook algemeen gebruik van vraelyste as data-insamelingsmetode. Met hierdie ontwerp word slegs een ondersoek op die eksperimentele groep uitgevoer sonder enige behandeling of na-ondersoek wat daarop volg (Fouché & De Vos, 2005:137). Vir die doel van hierdie studie is daar besluit om vraelyste aan respondente te versprei om die behoefte aan gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling in ‘n hoë risikogebied te bepaal.

3.2.1.3 Die wyse van data-insameling

3.2.1.3.1 Steekproef

Die universum sluit die oorkoepelende groep respondente van alle potensiële respondente in wat die spesifieke eienskappe besit waarin die navorser belangstel. In die geval van hierdie studie is dit ouers en professionele

rolspelers in ‘n hoë risikogebied wat die kleuter se belange op die hart dra. Vir die doel van hierdie studie word professionele rolspelers omskryf as kleuterskoolpersoneel, skoolhoofde, maatskaplike werkers, terapeute, pastore en dominees. Ouers en die bogenoemde professionele rolspelers wat woonagtig of werksaam is in Danville, Pretoria maak die populasie van hierdie studie uit.

Volgens nie-waarskynlikheidseleksie (Strydom, 2005:201) was doelbewuste steekproefneming (Strydom, 2005:201) die meeste gepas vir hierdie studie aangesien spesifieke respondente genader is vir deelname aan die studie. Uit ‘n populasie van ongeveer 200 relevante rolspelers, is, volgens Stoker (In Strydom, 2005:196), bepaal dat ongeveer 64 respondente benodig word (n=64). Al die ouers van die plaaslike kleuterskool is op ‘n vrywillige basis genader deur middel van ‘n brief wat huis toe gestuur is. Die vraelys is gedurende ‘n groepbyeenkoms voltooi, waar agt-en-dertig ouers (n=38) aan die studie deelgeneem het. Die oorgrote meerderheid ouers was moeders met slegs drie vaders wat opgedaag het, al is al die ouers uitgenooi. Verskeie professionele rolspelers is persoonlik genader, waaronder een sielkundige (n=1), vier maatskaplike werkers (n=4), twee skoolhoofde (n=2), nege onderwysers (n=9), twee arbeidsterapeute (n=2), vyf spraakterapeute (n=5), twee geestelike werkers (pastore of dominees, n=2) en twee ander gemeenskapslede (n=2) wat by kleuters betrokke is. Die meeste professionele rolspelers wat egter by die Danville-gemeenskap betrokke is, is vroulik (n=24).

3.2.1.3.2 Data-insameling

Vraelyste is geïdentifiseer as die wyse van data-insameling. Die sensitiewe aard van die studie, sowel as die noodsaaklikheid om ‘n groot gedeelte van die gemeenskap te betrek, het daartoe gelei dat vraelyste as data-insamelingstegniek geïdentifiseer is. Volgens Delport (2005:170) is dit belangrik dat die navorser presies weet watter inligting ingesamel moet word. Verder is dit ook belangrik dat die vraelys deur ‘n dekbrief vergesel word wat die

respondent bekendstel aan en inlig aangaande die vraelys. Belangrike fasette wat in die dekbrief aangespreek word, sluit in:

- Die rasionaal agter die navorsing, die doel van die navorsing en inligting rakende die navorser;
- Die inhoud van die navorsing;
- Die selekteringsproses van respondente;
- Motivering om die vraelys eerlik te voltooi;
- Annonimiteit, vertroulikheid, sowel as ander etiese aspekte en
- Kontakbesonderhede van die navorser en enige ander belangrike partye (byvoorbeeld Childline en die SAPS).

Die vraelys se formaat en uitleg moet duidelik, netjies en maklik wees om te volg, volgens Delport (2005:170). Dit was van uiterste belang vir die navorser dat die vraelys maklik bewoord en uitgelê word om by die vlak van ouers se geletterdheid in te skakel. Die vraelys is ook in spesifieke afdelings verdeel om voltooiing daarvan verder te vergemaklik. Vir die samestelling van die vraelys is indikatore vanuit die literatuur verkry en in kategorieë en spesifieke vrae omskep. Delport (2005:171) ondersteun hierdie metode om sodoende die nut van elke vraag te staaf deur inligting wat vanuit die literatuurstudie verkry is. Delport (2005:171) hou verder sekere basiese beginsels voor vir die formulering van die vrae:

- Sinne moet kort en tot-die-punt wees en die woordeskat en styl moet bekend en verstaanbaar wees vir die respondent;
- Vrae en alternatiewe antwoorde moet duidelik wees en nie slegs verteenwoordigend wees van die navorser se voorkeure nie;
- Vrae moet relevant tot die doel van die vraelys wees;
- Die vrae moet so georden word dat die vraelys begin met algemene en nie-bedreigende vrae en progresseer tot meer sensitiewe en persoonlike vrae en
- Instruksies moet duidelik wees.

Die navorser het twee vraelyste opgestel, een vir ouers en ‘n ander vir professionele rolspelers, bloot omdat die vrae vir die verskillende groepe soms sou verskil om optimale data-insameling te verseker. Die vraelyste is opgedeel in drie kategorieë ter ondersteuning van die literatuur, naamlik: biografiese inligting, seksuele mishandeling en voorkoming van seksuele mishandeling. Hierdie spesifieke indikatore is verkry deurdat dit die hoofaspekte was wat voorgekom het uit die literatuur en dit ondersteun die fokus van hierdie studie.

Afdeling A: Biografiese inligting is ingesluit in die vraelyste om ‘n breë agtergrond te skets van die tipiese ouer of professionele rolspeler in die Danville-gemeenskap. Aangesien die Gestaltbenadering een van die studie se fundamentele beginsels vorm, word daar gekyk na die veld van respondente om ‘n holistiese uitkyk en begrip van respondente te verkry. Vrae wat vir die navorser belangrik was, sluit die volgende in:

- Die respondent se geslag, ouderdom en populasiegroep skets die individu se agtergrond en help om verdere vrae in konteks te verstaan.

- Ouers is uitgevra oor hul hoeveelheid kinders en die geslagte en ouderdomme van hulle kinders. Hierdie inligting is van waarde in die sin dat die kleuter se posisie (eerste, middelste of laaste kind, ensovoorts) tussen sibbe bepaal word en om te bepaal of gemeenskapsopvoeding ‘n direkte impak op die spesifieke ouer en kleuter sal hê indien daar ‘n behoefte daarvoor bestaan.

- Die ouer se hoogste opvoedkundige kwalifikasie. Hierdie inligting is relevant wanneer dit vergelyk word met inligting rondom werksposisie en -vermoë van die ouer, finansiële status en ouerskapstyle. Al die bogenoemde dien as risiko- of weerstandigheidsfaktore ten opsigte van seksuele mishandeling van kleuters.

- Die tipe beroep, kwalifikasies, frekwensie waarmee die professionele rolspeler met die kleuters te doen kry, sowel as die tydperk wat die rolspeler al betrokke is in Danville, was van belang om ‘n agtergrond en begrip van die professionele rolspeler te fasiliteer.

Afdeling B fokus hoofsaaklik op seksuele mishandeling, veral van kleuters. Aspekte wat in hierdie afdeling aangespreek word, is: kennis rondom seksuele mishandeling en seksuele ontwikkeling van kleuters, bewustheid van seksuele mishandeling, persepsies en oorsaaklike faktore van seksuele mishandeling.

- Respondente se kennis rakende seksuele mishandeling, spesifiek van kleuters, is getoets om die behoeftebepaling verder te fasiliteer. Hierdie kennis is geëvalueer deur vrae soos *“Wat beteken seksuele mishandeling van kleuters?*”, “*Wie is dit wat kleuters seksueel mishandel?*”, “*Wie dink u dra die skuld wanneer ‘n kleuter seksueel mishandel word?*”, “*Kan kleuters seksuele stimulasie ervaar?*” Verder is klem gelê op die tipe seksuele gedrag wat as normaal geklassifiseer kan word, maar ook wat ouers en professionele rolspelers as abnormale of kommerwekkende seksuele gedrag beskou.

- Bewustheid van seksuele mishandeling is aangespreek deur vrae soos “*Hoe gereeld dink u word kleuters in u gemeenskap seksueel mishandel?*” en “*Hoe bewus dink u is uself en lede van u gemeenskap van seksuele mishandeling van kleuters?*”

- Die vraag na die respondent se belewenis van die mate van privaatheid wat daar in huishoudings bestaan, reflekteer elke respondent se persepsie daarvan, asook die vraag na wat ‘n kleuter ‘n maklike teiken vir seksuele mishandeling maak.

- Die aanwesigheid van moontlike oorsaaklike faktore van seksuele mishandeling, soos in die literatuur uitgespel, is getoets aan die hand van spesifieke vrae. Byvoorbeeld, "*Wat is u huidige huwelikstatus?", "Hoe goed kom u as ouers (ma en pa) met mekaar oor die weg?", "Hoe dissiplineer u u kleuter?", Hoe goed kom u met u bure en ander lede van die gemeenskap oor die weg?", "Hoe bewus is u van waar u kleuter elke oomblik van die dag is?", "Beskryf asseblief u eie kinderjare", "Wat is u gesin se totale maandelikse inkomste?", "Beskryf u huidige posisie ten opsigte van werk", "Op watter van die volgende spandeer u die meeste geld?", "Word u kleuters en u as gesin aan enige vorme van die volgende tipes geweld in u huis of gemeenskap blootgestel? (Geweld in die media, op straat, binne die huis, of misdaad en substansmisbruik)", "In watter tipe huis woon u?", "Hoeveel kamers is daar in die huis?", "Hoeveel gesinne woon saam in hierdie huis?", "Word u kleuter aan naaktheid, konflik tussen ouers, seksuele aktiwiteite of pornografie blootgestel? en indien wel, word dit dan aan die kleuter verduidelik*", *"Is iemand in u gesin al seksueel mishandel?*", en "*Wat dink u maak 'n kind 'n maklike teiken vir seksuele mishandeling?*"

Die fokus van **Afdeling C** van die vraelyste was hoofsaaklik om respondente se behoefte, persepsies en kennis rakende voorkoming van seksuele mishandeling te bepaal. Die vrae van die twee verskillende vraelyste het meestal oorvleuel, behalwe dat drie addisionele vrae aan professionele rolspelers gerig is. Hierdie vrae het gefokus op die huidige omstandighede en of daar vanuit 'n professionele oogpunt reeds iets in plek is in Danville wat help om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm, of die respondent self al betrokke was by 'n program of intervensie om beskerming te fasiliteer, sowel as 'n oop vraag waar gevra word of die respondent nog enige verdere opmerkings wil maak. Behoeftes, persepsies en kennis rakende voorkoming is verder geëvalueer deur die volgende vrae: *"Dink u dit is nodig om kleuters te leer van seksuele mishandeling en hoe om hulself veilig te hou daarteen?", "Wie se verantwoordelikheid dink u is dit om kleuters te beskerm teen, en te leer van seksuele mishandeling en hoe om hulself veilig te hou daarteen?",*

"Wat doen u om u kleuter teen seksuele mishandeling te beskerm?" (ouers), *"Watter van die volgende dink u sal bydra om u kleuter teen seksuele mishandeling te beskerm?", "Stem u saam met die gesegde "It takes a village to raise a child."?", "Indien u dink die gemeenskap het ook 'n belangrike rol om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm, dink u dat u gemeenskap ingelig behoort te word rakende al die belangrike inligting wat nodig is om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm*?", en *"… waarvan sal u meer inligting wil hê?*".

3.2.1.3.3 Geldigheid en betroubaarheid

"Die mate waartoe 'n empiriese meting die konsep wat dit veronderstel is om te meet, akkuraat reflekteer", is volgens Babbie (In Delport, 2005:160) 'n omskrywing van geldigheid. Rymarchyk ([sa]), stel dat *"Geldigheid 'n element van sosiale wetenskap navorsing is wat bepaal of die navorser werklik meet wat hy/sy voorhou om te meet."* Opsommend bestaan daar, volgens Delport (2005:160), twee hoofelemente van die term geldigheid, naamlik dat die instrument die konsep onder bespreking werklik meet, en dat die konsep akkuraat gemeet word.

Verskillende tipes geldigheid bestaan en sal vervolgens bespreek word.

- Inhoudsgeldigheid

  Inhoudsgeldigheid bepaal of die inhoud voldoende in die meetinstrument verteenwoordig word (Delport, 2005:160). Colman (2006:167) omskryf inhoudsgeldigheid as die juistheid van items van 'n meetinstrument ten opsigte van die inhoudsdomein. Vanuit die bogenoemde omskrywings vra inhoudsgeldigheid of die instrument werklik die konsep meet wat veronderstel word en of daar voldoende items in die meetinstument voorkom wat die konsep meet (Delport, 2005:161). Om inhoudsgeldigheid te verseker, is indikatore vanuit die literatuur geïdentifiseer en verskeie vrae, wat hierdie indikatore verteenwoordig, opgestel. Die spesifieke konsep-

te wat vir die doel van hierdie studie gemeet word, behels seksuele mishandeling van kleuters en die voorkoming daarvan, moontlik deur middel van gemeenskapsopvoeding.

- Gesigsgeldigheid

  Gesigsgeldigheid verteenwoordig die mate waartoe ‘n meetinstrument lyk of dit die betrokke konsepte meet wat dit voorhou om te meet (Delport, 2005:161). Colman (2006:271) definieer gesigsgeldigheid as die tipe geldigheid wat intuïtief beoordeel word sonder behulp van enige objektiewe bewyse. Om gesigsgeldigheid te verseker, het die navorser die vraelyste in drie spesifieke en relevante afdelings verdeel waaronder elke afdeling se vrae die hoofkonsep op een of ander wyse verteenwoordig. Dit was belangrik dat die vrae lyk asof dit die voorgehoue konsepte meet, naamlik seksuele mishandeling en die voorkoming van seksuele mishandeling deur middel van gemeenskapsopvoeding, en die behoefte daaraan.

- Kriteriumgeldigheid

  Kriteriumgeldigheid word verkry deur die resultate van die meetinstrument te vergelyk met ‘n eksterne kriterium wat die konsep wat bestudeer word, meet (Delport, 2005:161). Volgens Rymarchyk ([sa]) bestaan kriteriumgeldigheid uit voorspellings- sowel as konkurrente geldigheid. Konkurrente geldigheid behels dat geldigheid tegelykertyd met ‘n ander eksterne kriterium bepaal word terwyl voorspellingsgeldigheid behels dat vergelykings met die eksterne kriterium eers heelwat later geskied (Colman, 2006: 158, 593). Vir die doeleindes van hierdie studie is die resultate, waar moontlik, vergelyk met beskikbare literatuur en statistieke om die mate van ooreenstemming te bepaal.

Betroubaarheid van ‘n meetinstrument behels die konsekwentheid van die meting. Delport (2005:162) meen dat wanneer dieselfde veranderlike onder soortgelyke omstandighede gemeet word behoort dieselfde resultate opgelewer te word. Om die betroubaarheid van die vraelyste te verseker, het die navorser soos volg te werk gegaan:

- Konstrukte is duidelik gekonseptualiseer deurdat ‘n duidelike teoretiese definisie vir elke konstruk omskryf is en deur te verseker dat elke vraag slegs een konstruk verteenwoordig. ‘n Definisie van algemene konsepte soos ‘kleuter’ is duidelik omskryf om verwarring uit te skakel. Vrae is ook so eenvoudig moontlik in die vraelys gestel om te verseker dat net een konstruk per vraag voorkom.

- Die navorser het gepoog om gedetailleerde inligting te ontlok deur van beide oop vrae sowel as geslote vrae gebruik te maak. Waar geslote vrae voorkom, is die antwoorde se kategorieë so verteenwoordigend as moontlik opgestel. Hierdie geslote vrae het ook ‘n “ander”-opsie gehad, waar respondente ‘n persoonlike antwoord kon skryf indien die kategorisering onvoldoende was.

- Elke aspek van die veranderlike word gemeet deur meer as een vraag. Byvoorbeeld “*Wat beteken seksuele mishandeling van kleuters vir u?*” sowel as “*Dink u seksuele mishandeling van kinders is …*” wat gevolg word deur vier kategorieë om uit te kies.

- Die vraelyste is getoets deur eers ‘n proeflopie af te lê en sodoende te bepaal dat geen verwarring voorkom en dat die betekenisse van vrae en instruksies duidelik is.

3.2.1.4 Die wyse van data-analise

Omdat dit amper onmoontlik is om rou data te verstaan, is dit nodig om eers

die data te analiseer en interpreteer. Analise, volgens Kruger *et al.* (2005:218), beteken:

> Die kategorisering, ordening, manipulering en opsomming van data om sodoende antwoorde op navorsingsvrae te verkry. Analise het ten doel om data tot ‘n verstaanbare en interpreteerbare vorm te reduseer sodat die verhoudings van navorsingsprobleme bestudeer en getoets kan word en gevolgtrekkings daarvolgens gemaak word.

Die proses van data-analise wat deur die navorser gevolg is, word vervolgens bespreek.

Data is eerstens afsonderlik vir die twee vraelyste gekodeer. Dit behels dat daar langs elke vraag se oorspronklike kategorieë ooreenstemmend ‘n merkie gemaak word vir elke respons (Kruger *et al.,* 2005:224). Sommige gekodeerde data word net so voorgestel terwyl ander gegroepeer word (byvoorbeeld die ouderdom van ouers en professionele rospelers). Hierdie gekodeerde data word dan grafies deur ‘n histogram voorgestel, waarvolgens dit verduidelik en geïnterpreteer kan word en gevolgtrekkings gemaak kan word.

3.2.2 Fase 4: Implementering

Volgens Tabel 3.1 behels die implementeringsfase om eers ‘n proeflopie te neem en daarna die data in te samel. Nadat die vraelys opgestel is, is dit aan proefpersone voorgelê om te bepaal of instruksies duidelik is, vrae maklik verstaanbaar is, daar genoegsame antwoordkategorieë verskaf word en of die lengte en taalgebruik geskik is. Hierna is verskeie aanpassings aan die vraelys gemaak voordat dit deur die respondente ingevul is.

3.2.3 Fase 5: Interpretasie en voorstelling

Fase 5, volgens Tabel 3.1, vereis dat die ingesamelde data verwerk en geanaliseer word. Nadat data-prosessering en data-analise plaasgevind het,

word die data geïnterpreteer en in ‘n navorsingsverslag omskryf. Hierdie fase word in Hoofstuk vier in meer besonderhede bespreek.

3.3 SAMEVATTING

Vir die doeleindes van hierdie studie is gebruik gemaak van ‘n kwantitatiewe navorsingsbenadering. Toegepaste navorsing, tesame met die verkennende en beskrywende aard daarvan, is as die mees gepaste soort navorsing geïdentifiseer omdat dit ten doel het om probleme in die praktyk op te los. Die ‘*Randomised cross-sectional survey*’-ontwerp het bepaal dat hoofsaaklik vraelyste as data-insamelingsmetode sal dien. Die steekproef is bepaal en respondente spesifiek geselekteer, waarna die strategies-opgestelde vraelys aan respondente versprei is vir die voltooiing daarvan. Geldigheid en betroubaarheid is telkens verseker om sodoende seker te maak dat die verkryde inligting relevant en bruikbaar sal wees. Tydens data-analise is data afsonderlik vir die twee vraelyste gekodeer en voorberei vir die interpretasie daarvan. Vervolgens, in Hoofstuk vier, word die behoeftes van die gemeenskap in die vorm van grafiese data voorgestel en geïnterpreteer, wat kan lei tot aanbevelings vir ‘n meer aktiewe rol in terme van gemeenskaps- en seksuele opvoeding om sodoende die kleuter se veiligheid in hoë risikogebiede aan te spreek.

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE BEVINDINGE

4.1 INLEIDING

Gedurende hierdie hoofstuk sal die data wat deur die vraelyste verkry is en reeds gekodeer, is grafies voorgestel word om begrip en interpretasie daarvan te vergemaklik en te fasiliteer. Die interpretasie van die bevindinge het ten doel om die navorsingsvraag te beantwoord. Voordat die bevindinge geïnterpreteer kan word om begrip rakende die navorsingskwessies te fasiliteer, moet die bevindinge eers duidelik uiteengesit word. Om die bevindinge te illustreer, word gebruik gemaak van grafieke omdat dit "*visueel effektief en maklik is om te interpreteer ...*" (Kruger *et al.,* 2005:227), waarna die grafieke bespreek sal word. Die bevindinge word volgens die drie afdelings van die vraelyste bespreek, naamlik biografiese inligting, seksuele mishandeling en voorkoming van seksuele mishandeling. Telkens word daar verwys na respondente volgens twee terme, naamlik "ouers" en "professionele rolspelers". "Ouers" verwys na die ouers van kleuters, en "professionele rolspelers" verwys na kleuterskoolpersoneel, maatskaplike werkers, terapeute (Sielkundiges, Spraak- en Arbeidsterapeute), gemeenskapslede wat betrokke is by kleuters asook pastore en predikante.

4.2 EMPIRIESE BEVINDINGE VAN DIE STUDIE

4.2.1 Afdeling A: Biografiese inligting

4.2.1.1 Geslag van respondente

Figuur 4.1.1 dui die geslag van alle respondente aan wat deel uitgemaak het van die studie.



Figuur 4.1.1 Geslag van respondente.

Volgens Figuur 4.1.1 het daar in totaal 38 ouers, waarvan 34 (n=34) vroulik en 3 (n=3) manlik is, hierdie vraag voltooi. Een (n=1) ouer het nie die vraag beantwoord nie. Van die professionele rolspelers was 24 (n=24) vroulik en 3 (n=3) manlik uit die totale 27 professionele rolspelers wat aan die studie deelgeneem het.

Volgens Figuur 4.1.1 was die grootste meerderheid van die 65 respondente vroulik, naamlik 58.

4.2.1.2 Ouderdom van respondente

Figuur 4.2.1 illustreer die ouderdomme van die 65 (N=65) respondente wat aan die studie deelgeneem het.



Figuur 4.2.1 Ouderdom van respondente.

Volgens Figuur 4.2.1 was daar 11 (n=11) ouers en tien (n=10) professionele rolspelers van tussen 18 en 29 jaar oud, 15 ouers (n=15) en nege (n=9) professionele rolspelers van tussen 30 en 39 jaar oud en twee (n=2) ouers en vier (n=4) professionele rolspelers tussen 40 en 49 jaar oud. Daar was ook drie (n=3) ouers en drie (n=3) professionele rolspelers tussen 50 en 59 jaar oud en een (n=1) van die professionele rolspelers is tussen 60 en 70 jaar oud. Twee (n=2) ouers het die vraag nie beantwoord nie en vyf (n=5) ouers het verkeerdelik die ouderdom van hul kleuter ingevul.

Vanuit Figuur 4.2.1 kan afgelei word dat die grootste hoeveelheid respondente, naamlik 24, tussen 30 en 39 jaar oud is, gevolg deur 18 tot 29 jaar oud.

4.2.1.3 Nasionaliteit van respondente

Figuur 4.3.1 dui aan van watter nasionaliteit respondente is.



Figuur 4.3.1 Nasionaliteit van respondente.

Figuur 4.3.1 illustreer dat, uit die totaal van 38 ouers (n=38), 36 (n=36) van blanke nasionaliteit, en een van beide swart (n=1) en gekleurde nasionaliteit (n=1) was. Daar was 25 (n=25) professionele rolspelers van blanke nasionaliteit. Een (n=1) professionele rolspeler was swart en een (n=1) gekleurd, maar geen (n=0) professionele rolspelers was Indiërs nie.

Die bogenoemde inligting bevestig dat vanuit al die respondente, beide ouers en professionele rolspelers, hoofsaaklik 61 van blank was.

4.2.1.4 Hoeveelheid kinders, hul geslag, ouderdomme en rangorde

Figuur 4.4.1 toon die geslag van ouers wat as respondente opgetree het, se kinders aan.



Figuur 4.4.1 Geslag van ouers se kinders.

Figuur 4.4.1 toon aan dat ouers in totaal 47 (n=47) seuns en 39 (n=39) dogters het, sonder inagneming van die 3 (n=3) ouers wat nie die vraag beantwoord het nie.

Figuur 4.4.2 illustreer die ouderdomme van ouers se kinders wat in Figuur 4.4.1 aangetoon is.



Figuur 4.4.2 Ouderdomme van ouers se kinders.

Figuur 4.4.2 dui aan dat vanuit die totale 86 (N=86) kinders, ses (n=6) onder een jaar oud is, 42 (n=42) kleuters tussen twee en ses jaar is en 29 (n=29) in hul middelkinderjare van 7 tot 12 jaar oud is. Verder is 13 (n=13) kinders tussen 13 en 18 jaar oud en in die adolessensiejare, en twee (n=2) is reeds ouer as 18 jaar.

Vanuit die hoeveelheid kinders en elkeen se ouderdom wat deur respondente gegee is, kan bepaal word watter posisie die kleuter ten opsigte van sibbe inneem. Hierdie rangorde word in Figuur 4.4.3 weergee.



Figuur 4.4.3 Posisie van kleuter ten opsigte van sibbe.

Volgens Figuur 4.4.2 is daar in totaal 42 (n=42) kleuters uit die 86 (N=86) kinders. Figuur 4.4.3 dui daarop dat 13 (n=13) van hierdie kleuters die eersgeborene is, 12 (n=12) die tweede kind en sewe (n=7) die derde geborene. Sewe (n=7) is die vierde kind, twee (n=2) die vyfde kind en een (n=1) kleuter is ook die enigste kind.

Vanuit die bostaande figure (Figure 4.4.1, 4.4.2 en 4.4.3) kan gesien word dat daar meer seuns as dogters is en dat 42 van die totale 86 kinders in hul kleuterjare (2 tot 6 jaar) is. Hiervan is die meeste eerste geborenes (13) of tweede geborenes (12).

4.2.1.5 Hoogste opvoedkundige kwalifikasie van respondente

Figure 4.5.1 en 4.5.2 dui die hoogste opvoedkundige kwalifikasies afsonderlik aan, wat deur die ouers en professionele respondente bekom is.



Figuur 4.5.1 Hoogste opvoedkundige kwalifikasies van ouers.

Figuur 4.5.1 illustreer die ouers se hoogste opvoedkundige kwalifikasie. Uit die 38 (N=38) respondente beskik vier (n=4) slegs oor 'n kwalifikasie tussen graad vier en graad sewe, 12 (n=12) beskik oor 'n kwalifikasie tussen graad agt en nege, 19 (n=19) beskik oor graad 10 tot 12, twee (n=2) het tersiêre opleiding ontvang en een (n=1) respondent het nie die vraag beantwoord nie.



Figuur 4.5.2 Hoogste opvoedkundige kwalifikasies van professionele rolspelers.

Figuur 4.5.2 illustreer die professionele rolspelers (N=27) se opvoedkundige kwalifikasies. Tersiêre opleiding is deur 15 (n=15) respondente ontvang. Vier (n=4) respondente beskik oor 'n graad 12-sertifikaat, vier (n=4) beskik oor 'n graad tien-sertifikaat en een (n=1) respondent beskik oor graad nege. 'n Verdere een (n=1) respondent beskik oor graad sewe deur 'n Spesiale Skool,

vier (n=4) respondente het kursusse bygewoon en een (n=1) respondent beskik oor geen kwalifikasie nie.

Vanuit Figuur 4.5.1 kan gesien word dat ouers hoofsaaklik oor ‘n graad 10 tot graad 12-kwalifikasie beskik en Figuur 4.5.2 illustreer dat die groter meerderheid, 15 professionele rolspelers, oor tersiêre opleiding beskik.

4.2.1.6 Gereeldheid van betrokkenheid by kleuters in Danville

In Figuur 4.6.1 word ‘n grafiese uiteensetting van professionele rolspelers se betrokkenheid by die kleuters van Danville verskaf.



Figuur 4.6.1 Gereeldheid van professionele rolspelers se betrokkenheid by kleuters.

Figuur 4.6.1 dui aan dat 13 (n=13) van die professionele rolspelers daagliks met kleuters werk, een (n=1) professionele rolspeler werk vier keer per week met kleuters (n=1) en vyf (n=5) professionele rolspelers werk twee tot drie keer per week met hulle. Sewe (n=7) professionele rolspelers werk een keer per week met kleuters en een (n=1) professionele rolspeler is slegs soms betrokke by die kleuters van Danville.

Die meeste (dertien) van die professionele rolspelers is op ‘n daaglikse basis by die Danville-kleuters betrokke.

4.2.1.7 Tydperk van betrokkenheid in Danville

Figuur 4.7.1 dui die tydperk waarop professionele rolspelers al in Danville betrokke is, aan.



Figuur 4.7.1 Tydperk van professionele rolspelers se betrokkenheid in Danville.

Volgens Figuur 4.7.1 is daar uit die totale hoeveelheid professionele rolspelers nege (n=9) wat al tot en met een jaar in Danville betrokke is, ses (n=6) professionele rolspelers is tussen een en twee jaar alreeds betrokke en agt (n=8) professionele rolspelers tussen drie en vyf jaar. Twee (n=2) professionele rolspelers is tussen ses en tien jaar en twee (n=2) ander professionele rolspelers is al vir langer as tien jaar by Danville betrokke.

Daar kan afgelei word dat die meerderheid professionele rolspelers tot en met een jaar, en drie tot vyf jaar se ondervinding en betrokkenheid in Danville het.

4.2.2 Afdeling B: Seksuele mishandeling

4.2.2.1 *Die term "seksuele mishandeling van kleuters"*

Figure 4.8.1 en 4.8.2 verskaf 'n illustrasie van ouers (en professionele rolspelers in 4.8.2) se omskrywing en begrip van die term "seksuele mishandeling van kleuters".



Figuur 4.8.1 Geïdentifiseerde temas vanuit ouers se omskrywing van die term "seksuele mishandeling van kleuters".

Volgens Figuur 4.8.1 toon 29 (n=29) ouers dat seksuele mishandeling van kinders een of ander vorm van seksuele gedrag impliseer, onder andere dat daar aan die kleuter se "*geslagsdele geraak word, verkragting, seksuele teistering deur 'n manspersoon en ontbloting*". Vier (n=4) ouers noem uitbuiting van onskuld en die kleuter in gevaar stel, onder andere om "*iets te doen wat die kind nie weet waaroor dit gaan nie*". 'n Verdere vier (n=4) ouers impliseer sosiaal onaanvaarbare gedrag waaronder "*vloek, middelvinger wys, slaan, verwaarlosing en alkohol en dagga"*. Twee (n=2) aanmerkings is deur ouers gemaak wat emosionele reaksies impliseer, naamlik dat dit "*onregverdig"* is en vyf (n=5) ouers het glad nie die vraag beantwoord nie.



Figuur 4.8.2 Omskrywing van die term “seksuele mishandeling van kleuters”.

Volgens Figuur 4.8.2 moes respondente (N=65) “seksuele mishandeling van kleuters” definieer volgens vier gegewe kategorieë. Drie (n=3) ouers het genoem dat “seksuele mishandeling van kleuters” slegs fisieke seksuele aanraking behels, geen (n=0) ouer het slegs blootstelling aan seksuele gedrag of materiaal gekies nie, 34 (n=34) ouers het genoem dat dit albei die bogenoemde insluit en een (n=1) ouer het genoem dat dit geen van die bogenoemde behels nie. Daar kan verder gesien word dat twee (n=2) professionele rolspelers noem dat die term “seksuele mishandeling van kleuters” slegs fisieke seksuele aanraking impliseer, geen (n=0) professionele rolspelers noem dat dit slegs blootstelling aan seksuele gedrag of materiaal behels nie, 24 (n=24) professionele rolspelers noem dat dit albei van die voorafgaande behels en een (n=1) professionele rolspeler noem dat dit geen van die bogenoemde behels nie.

Die oorgrote meerderheid van ouers (34) en professionele rolspelers (24) is bewus daarvan dat seksuele mishandeling van kleuters beide fisieke seksuele aanraking en blootstelling aan seksuele gedrag of materiaal behels.

Figuur 4.8.3 dui, volgens professionele rolspelers se ervaring, aan of gemeenskapslede bewus is van die betekenis van die term “seksuele mishandeling van kleuters”.



Figuur 4.8.3 Gemeenskapslede se bewustheid van die betekenis van die konsep “seksuele mishandeling van kleuters”, volgens professionele rolspelers.

Figuur 4.8.3 illustreer dat 11 (n=11) van die professionele rolspelers ervaar dat gemeenskapslede bewus is van die betekenis van die konsep “seksuele mishandeling van kleuters”. Vier (n=4) professionele rolspelers ervaar dat gemeenskapslede nie bewus is van die betekenis van die konsep nie, nege (n=9) noem slegs dat sommige daarvan bewus is terwyl drie (n=3) professionele respondente nie die vraag beantwoord het nie (n=3).

Volgens Figuur 4.8.1 en Figuur 4.8.3 kan gesien word dat gemeenskapslede grotendeels ‘n idee het wat “seksuele mishandeling van kleuters” beteken. Beide ouers en professionele rolspelers is ook deeglik bewus, soos geïllustreer in Figuur 4.8.2 dat seksuele mishandeling van kleuters beide fisieke seksuele aanraking sowel as blootstelling aan seksuele gedrag of materiaal behels.

4.2.2.2 *Gereeldheid van seksuele mishandeling van kleuters*

Figuur 4.9.1 dui aan hoe gereeld seksuele mishandeling van kleuters volgens die respondente plaasvind.



Figuur 4.9.1 Gereeldheid van seksuele mishandeling van kleuters.

Vanuit Figuur 4.9.1 kan gesien word dat volgens een (n=1) ouer, kleuters nooit seksueel mishandel word nie. Drie ouers (n=3) noem dat dit slegs soms plaasvind, 11 (n=11) noem dat dit wel gereeld gebeur en 23 (n=23) ouers noem dat dit op ‘n daaglikse basis geskied. Die figuur illustreer verder dat volgens een (n=1) professionele rolspeler, seksuele mishandeling van kleuters nooit plaasvind nie, 21 (n=21) professionele rolspelers noem dat dit gereeld plaasvind en vyf (n=5) professionele rolspelers noem dat dit daagliks plaasvind.

Vanuit al die respondente (N=65), is 23 ouers bewus dat seksuele mishandeling van kleuters hoofsaaklik op ‘n daaglikse basis geskied en 21 professionele rolspelers noem dat hierdie verskynsel op ‘n gereelde basis geskied.

4.2.2.3 Bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters

In Figuur 4.10.1 word die bewustheidsvlak van respondente (N=65) ten opsigte van seksuele mishandeling van kleuters geïllustreer.



Figuur 4.10.1 Respondente se vlak van bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters.

Vir die ouers is 29 (n=29) baie bewus van seksuele mishandeling van kleuters en slegs ses (n=6) professionele respondente is tot dieselfde mate bewus daarvan. Ses (n=6) ouers en 19 (n=19) professionele rolspelers is redelik bewus daarvan en drie (n=3) ouers en geen (n=0) professionele rolspeler is glad nie bewus van die seksuele mishandeling van kleuters nie.

Vanuit Figuur 4.10.1 is ouers meestal baie bewus van seksuele mishandeling van kleuters en die professionele rolspelers is hoofsaaklik redelik bewus daarvan.

4.2.2.4 *Optrede in die geval van seksueel mishandeling van 'n kleuter*

Figuur 4.11.1 en 4.11.2 dui afsonderlik ouers en professionele rolspelers se optrede aan in die geval van seksuele mishandeling van 'n kleuter.



Figuur 4.11.1 Optrede deur ouers in die geval van seksuele mishandeling van 'n kleuter.

In Figuur 4.11.1 vermeld ouers verskeie maniere om op te tree wanneer 'n kleuter seksueel mishandel word. Die polisie sal deur 21 (n=21) respondente genader word vir hulp, ses (n=6) vermeld dat hulle die voorval sal rapporteer, maar noem nie spesifiek aan wie nie en vyf (n=5) sal beide die polisie sowel as Maatskaplike Dienste in kennis stel. Drie (n=3) ouers sal eerstens die kind probeer help, een (n=1) het genoem dat die oortreder die doodstraf behoort te kry en nog een (n=1) dat sielkundige hulp ingeroep moet word. Een respondent (n=1) het die vraag nie beantwoord nie.



Figuur 4.11.2 Optrede van professionele rolspelers in die geval van seksuele mishandeling van 'n kleuter.

Volgens Figuur 4.11.2 toon professionele rolspelers verskeie reaksies, deurdat elf (n=11) die polisie in die geval van seksuele mishandeling van ‘n kleuter sal verwittig, vyf (n=5) sal dit rapporteer maar noem nie spesifiek aan wie nie, ‘n verdere vyf (n=5) sal Maatskaplike Dienste inlig en vier (n=4) sal in hul eie professionele hoedanigheid optree. Drie (n=3) professionele rolspelers sal hul dosent inlig en vier (n=4) sal die skool daarvan in kennis stel.

Figuur 4.11.1 en Figuur 4.11.2 kan afgelei word dat die meeste ouers (29) en professionele rolspelers (11) eerstens die polisie se hulp sal inroep wanneer hul kennis dra van seksuele mishandeling van kleuters of bewerings daarvan hoor.

4.2.2.5 *Belangrikheid om seksuele mishandeling aan te meld*

In Figuur 4.12.1 word aangedui hoe belangrik dit vir ouers is om seksuele mishandeling aan te meld.



Figuur 4.12.1 Belangrikheid om seksuele mishandeling aan te meld.

Figuur 4.12.1 wys 38 ouers (n=38) het aangedui dat dit vir hulle belangrik en altyd nodig is om seksuele mishandeling aan te meld. Verder word getoon dat 26 (n=26) professionele rolspelers dit van kardinale belang ag om seksuele mishandeling by ‘n Maatskaplike werker of die polisie aan te meld en een (n=1) van die professionele rolspelers noem dat dit sal afhang van die persoon se blootstelling aan die oortreder.

Vanuit bostaande figuur kan afgelei word dat al 38 ouers en 26 van die professionele rolspelers dink dit is van die uiterste noodsaaklikheid om seksuele mishandeling van kleuters aan te meld.

4.2.2.6 *Die oortreder*

In Figuur 4.13.1 en 4.13.2 word apart aangedui wie, volgens die ouers en professionele rolspelers, gewoonlik die oortreder van seksuele mishandeling van kleuters is.



Figuur 4.13.1 Die oortreder, volgens ouers.

Figuur 4.13.1 illustreer wie ouers dink die oortreder van seksuele mishandeling van kleuters is. Vier ouers (n=4) meld dat dit vreemdelinge is, vyf (n=5) noem dat dit familielede is en twee (n=2) noem dat die oortreder 'n familievriend is. Een (n=1) ouer noem dat dit bure of lede van die gemeenskap is, 31 (n=31) noem dat dit moontlik enige iemand van die bogenoemdes kan wees en geen ouers (n=0) noem dat dit geen van die bogenoemde of moontlik "ander" kan wees nie.



Figuur 4.13.2 Die oortreder, volgens professionele rolspelers.

Twaalf professionele rolspelers (n=12), volgens Figuur 4.13.2, is van mening dat vreemdelinge oortreders van seksuele mishandeling van kleuters, 21 (n=21) professionele rolspelers noem dat oortreders ook familielede kan wees en ‘n verdere 21 (n=21) noem dat oortreders moontlik familievriende kan wees. Verder dui 18 (n=18) professionele rolspelers dat dit bure of ander gemeenskapslede is en geen (n=0) professionele rolspelers noem dat dit moontlik iemand anders kan wees nie (n=0).

Vanuit bogenoemde twee figure word die afleiding gemaak dat ouers (n=31) meen dat die oortreder enigiemand van ‘n vreemdeling, familielid of -vriend, of bure tot ‘n lid van die gemeenskap kan wees (Figuur 4.13.1). Professionele rolspelers noem dat die oortreder hoofsaaklik ‘n familielid of nabye familievriend is (n=21), volgens Figuur 4.13.2.

4.2.2.7 *Seksuele mishandeling as samelewingskwessie*

In Figuur 4.14.1 toon respondente of hulle meen dat die seksuele mishandeling van kleuters as ‘n samelewingskwessie beskou behoort te word.



Figuur 4.14.1 Is seksuele mishandeling van kleuters ‘n samelewingskwessie?

Volgens Figuur 4.14.1 noem 37 (n=37) ouers dat seksuele mishandeling van kleuters ‘n samelewingskwessie is en slegs een (n=1) noem dat dit glad nie ‘n probleem vir die samelewing is nie. Verder word deur alle (n=27) professionele rolspelers aangedui dat seksuele mishandeling van kleuters as ‘n sosiale probleem beskou moet word.

Vanuit Figuur 4.14.1 kan afgelei word dat almal behalwe een ouer (n=37) dink dat seksuele mishandeling van kleuters ‘n samelewingskwessie is (Figuur 4.14.1) en alle professionele rolspelers (n=27) stem daarmee saam.

4.2.2.8 *Die skuldige party ten opsigte van seksuele mishandeling van kleuters*

Figuur 4.15.1 illustreer wie volgens die respondente die skuldige partye is in die geval van seksuele mishandeling van ‘n kleuter.



Figuur 4.15.1 Wie is die skuldige party?

Volgens die respondente (N=65) is daar verskeie partye wat die skuld dra vir seksuele mishandeling van kleuters. Figuur 4.15.1 illustreer dat nege (n=9) ouers die slagoffer blameer, 31 ouers (n=31) hou die oortreder verantwoordelik, 12 ouers (n=12) noem dat die gemeenskap die skuld dra en 20 ouers (n=20) noem dat ouers verantwoordelikheid moet aanvaar. ‘n Verdere agt ouers (n=8) hou die regering verantwoordelik en geen ouers (n=0) noem dat enigiemand anders ook moontlik verantwoordelik of skuldig kan wees nie. Verder word daar getoon dat uit die 27 professionele rolspelers, vier (n=4) aandui dat die slagoffer self die skuld dra wanneer sy seksueel mishandel word, 24 (n=24) dui aan dat die oortreder die skuldige is, en ses (n=6) dui aan dat die gemeenskap verantwoordelikheid behoort te aanvaar as die skuldige party. Elf (n=11) professionele rolspelers dui aan dat ouers skuldig is en twee rolspelers meen dat die regering die skuldige party is (n=2).

Vanuit Figuur 4.15.1 kan afgelei word dat ouers (n=31) en professionele rolspelers (n=24) grotendeels die oortreder verantwoordelik hou en beweer die persoon is die skuldige party, maar die figuur toon dat ander partye (gemeenskap, ouers en die regering) ook in ‘n mate blameer word vir die seksuele mishandeling van kleuters.

4.2.2.9 *Ervaring van seksuele stimulasie*

Figuur 4.16.1 illustreer ouers en professionele rolspelers se persepsie rakende kleuters se ervaring van seksuele stimulasie.



Figuur 4.16.1 Die vraag of kleuters wel seksuele stimulasie ervaar.

Volgens Figuur 4.16.1 (N=65) noem 30 (n=30) ouers en 27 (n=27) professionele rolspelers dat kleuters wel seksuele stimulasie of gevoelens ervaar sonder die seksuele konnotasies wat volwassenes daaraan kan heg. Ses ouers (n=6) en geen (n=0) professionele rolspeler dink kleuters is a-seksueel en kan geen seksuele stimulasie ervaar nie en twee (n=2) ouers het nie die vraag beantwoord nie.

Daar kan vanuit Figuur 4.16.1 afgelei word dat alle respondente (N=65), behalwe twee ouers wat nie die vraag beantwoord het nie, sê dat kleuters wel seksuele wesens is wat seksuele stimulasie kan ervaar.

4.2.2.10 *Seksuele ontwikkeling van kleuters*

Figure 4.17.1 en 4.17.2 toon kleuters se aanvaarbare seksuele gedrag volgens die verskeie respondente (ouers en professionele rolspelers) aan.



Figuur 4.17.1 Aanvaarbare seksuele gedrag by kleuters, volgens ouers.

Figuur 4.17.1 illustreer ouers se persepsies rakende seksuele gedrag by kleuters. Op die vraag of seksuele gedrag natuurlik is, noem agt (n=8) ouers dat dit wel natuurlik is, 27 (n=27) ouers meen dit is abnormaal en drie (n=3) ouers het nie die vraag beantwoord nie. Vrae van 'n seksuele aard by kleuters, byvoorbeeld "*Waar kom babas vandaan?*" is volgens 27 (n=27) ouers normaal. Volgens 10 (n=10) ouers is dit abnormaal en een (n=1) het nie die vraag beantwoord nie. Op die vraag of kleuters seksuele speletjies met mekaar speel, het 15 (n=15) ouers genoem dat dit wel voorkom, 20 (n=20) ouers noem dat normale kleuters dit nie doen nie, en drie (n=3) ouers het nie die vraag beantwoord nie.



Figuur 4.17.2 Aanvaarbare seksuele gedrag by kleuters, volgens professionele rolspelers.

Figuur 4.17.2 dui professionele rolspelers se persepsies rakende aanvaarbare en onaanvaarbare seksuele gedrag by kleuters aan. Seksuele gedrag word deur 13 (n=13) professionele rolspelers as natuurlik beskou, 12 (n=12) meen dit is onaanvaarbaar en twee (n=2) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie. Vir 25 (n=25) professionele rolspelers is vrae van 'n seksuele aard by kleuters normaal en twee (n=2) meen dit is abnormaal vir kleuters. Seksuele speletjies deur kleuters is vir 21 (n=21) rolspelers natuurlik en ses (n=6) beskou dit as onnatuurlik of abnormaal.

Volgens Figuur 4.17.1 is seksuele gedrag in kleuters vir 27 van die ouers nie normaal nie, maar alle professionele respondente toon dat dit normale gedrag is vir 'n kleuter (Figuur 4.17.2). Kleuters vra wel vrae van seksuele aard, volgens 27 ouers en 25 professionele rolspelers. Die meerderheid ouers dink kleuters is nie veronderstel om seksuele speletjies met mekaar te speel deur byvoorbeeld hul geslagsdele uit nuuskurigheid vir mekaar te wys nie, alhoewel 15 ouers en 21 professionele rolspelers meen dit is normaal.

4.2.2.11 *Kommerwekkende seksuele gedrag by kleuters*

Figure 4.18.1 en 4.18.2 illustreer ouers en professionele rolspelers se persepsies afsonderlik rakende kommerwekkende seksuele gedrag wat by kleuters voorkom.



Figuur 4.18.1 Kommerwekkende seksuele gedrag by kleuters, volgens ouers.

Volgens Figuur 4.18.1 is enige vorm van seksuele gedrag by 'n kleuter vir 13 (n=13) ouers kommerwekkend. Dit sluit gedrag in soos om klere uit te trek,

seksuele gedrag, vir mekaar hul privaatdele te wys en vingers by privaatdele in te druk. Vir vyf (n=5) ouers is seksuele taal en vloekery iets om hulle oor te bekommer, deurdat die kind oor seksuele gedrag praat of bloot vloek. Nege (n=9) ouers noem dat ander gedrag soos om saam met iemand te loop wat jy nie ken of vertrou nie, om mini's te dra en na pornografiese tydskrifte te kyk, mishandeling en 'man-vrou' speel, kommerwekkend is. Tien (n=10) van die ouers het nie die vraag beantwoord nie.



Figuur 4.18.2 Kommerwekkende seksuele gedrag by kleuters, volgens professionele rolspelers.

Figuur 4.18.2 illustreer dat 17 (n=17) professionele rolspelers daarop dui dat die uitbeelding van suggestiewe dade of om die self of ander te betas, kommerwekkend is. Vier (n=4) professionele rolspelers dui op masturbasie of 'n kleuter wat gedurig met haar hand in haar broekie loop. Vyf (n=5) professionele rolspelers noem die kleuter se oordrewe klem en beheptheid met die seksuele, een (n=1) dui wanneer die kleuter ander in gevaar stel deur hierdie gedrag en drie (n=3) professionele rolspelers dui op ontbloting deur die kleuter. Vier (n=4) professionele rolspelers noem die gebruik van seksuele taal of woorde wat onvanpas is vir die kleuterfase, een (n=1) noem afwykende gedrag maar spesifiseer nie wat daarmee bedoel word nie en vier (n=4) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie.

Vanuit die bogenoemde (Figuur 4.18.1) is ouers (n=13) hoofsaaklik bekommerd oor enige manifestasie van seksuele gedrag by 'n kleuter en

professionele rolspelers word meestal bekommer deur die uitbeelding van suggestiewe dade of betasting (n=17), volgens Figuur 4.18.2.

4.2.2.12 *Huwelikstatus van ouers*

Figuur 4.19.1 illustreer die huwelikstatus van ouers soos wat dit deur die respondente aangetoon is.



Figuur 4.19.1 Huwelikstatus van ouers.

Vanuit Figuur 4.19.1 kan, volgens die ouers, gesien word dat 26 (n=26) ouers getroud is, twee (n=2) verloof is en saamwoon, vyf (n=5) verloof is sonder om saam te woon en twee (n=2) nooit getroud is nie. Een (n=1) ouer is geskei/vervreem, een (n=1) 'n weduwee/wewenaar en een (n=1) ouer noem 'ander' sonder om dit te spesifiseer. Volgens die professionele rolspelers se ervaring, word deur 13 (n=13) genoem dat ouers getroud is, twee (n=2) dui aan dat ouers verloof is en tien (n=10) dui dat die ouers saamwoon. 'n Verdere 15 (n=15) professionele rolspelers dui op ouers se egskeiding en vervreemding van mekaar, geen (n=0) professionele rolspelers is bewus van weduwees en wewenaars nie en drie (n=3) noem dat ouers nooit getroud is nie. Twee (n=2) van die professionele rolspelers noem 'ander' opsies, onder andere onstabiele verhoudings en stiefouers.

Daar kan vanuit Figuur 4.19.1 afgelei word dat die meeste ouers self getroud is en volgens die professionele rolspelers se persoonlike ervaring is die

meeste ouers geskei, gevolg deur getroude ouerpare en daarna ouers wat saamwoon.

4.2.2.13 *Verhouding tussen die ouerpaar*

Figuur 4.20.1 gee ‘n grafiese aanduiding van die verhoudingskwaliteit van die ouerpare van kleuters.



Figuur 4.20.1 Verhouding tussen die ouerpaar.

In Figuur 4.20.1 kan gesien word dat volgens die ouers self, kom 20 (n=20) van hulle baie goed met mekaar as man en vrou oor die weg, nege (n=9) ouers kom goed met mekaar oor die weg en vier (n=4) ouers noem hul kom redelik met mekaar oor die weg. Geen (n=0) ouers noem dat hulle glad nie oor die weg kom nie. Daar kan verder gesien word dat geen (n=0) van die professionele rolspelers noem dat die ouerpare baie goed met mekaar oor die weg kom nie. Vyf (n=5) professionele rolspelers noem dat ouers goed met mekaar oor die weg kom, 18 (n=18) ervaar dat ouers slegs redelik met mekaar oor die weg kom en een (n=1) noem dat ouers glad nie met mekaar oor die weg kom nie.

Volgens Figuur 4.20.1 kan afgelei word dat ouers self meen dat hulle baie goed met mekaar oor die weg kom as ouerpaar en volgens die professionele rolspelers kom ouers redelik met mekaar oor die weg.

4.2.2.14 *Dissiplinering van kleuters*

In Figuur 4.21.1 kan gesien word watter wyses van dissiplinering ouers met hul kleuters toepas.



Figuur 4.21.1 Wyses van dissiplinering, volgens ouers.

Figuur 4.21.1 wys hoe die 38 (n=38) ouers self hul kleuters dissiplineer. Agt (n=8) ouers slaan die kleuter, nege (n=9) ouers straf die kleuter maar vermeld nie presies hoe nie en twee (n=2) ouers praat slegs met die kleuter daaroor. Een (n=1) ouer stuur die kleuter vroeg bed toe, vyf (n=5) ouers probeer die verskil tussen ‘reg en verkeerd’ by die kleuter tuisbring en ses (n=6) ouers neem iets by die kleuter weg. Twee (n=2) ouers laat die kleuter in ‘n hoek sit en sewe (n=7) ouers het nie die vraag beantwoord nie.

Figuur 4.21.2 illustreer hoe kleuters deur hul ouers gedissiplineer word, volgens die professionele rolspelers se ervaring.



Figuur 4.21.2 Wyses van dissiplinering, volgens professionele rolspelers.

Figuur 4.21.2 dui daarop dat 16 (n=16) van die professionele rolspelers ervaar dat kleuters geslaan word as vorm van dissiplinering, ses (n=6) noem dat kleuters gestraf word maar spesifiseer nie hoe nie en agt (n=8) ervaar dat die kleuter verskree en sleggesê word. Twee (n=2) professionele rolspelers noem dat ouers reëls neerlê, volgens twee (n=2) word die kleuter aangerand en een (n=1) professionele rolspeler dui aan dat dissipline inkonsekwent toegepas word. Drie (n=3) professionele rolspelers noem dat voorregte ontneem word, vier (n=4) noem dat daar geen vorm van dissiplinering is nie en een (n=1) ervaar dat kleuters gedreig word. Volgens een (n=1) professionele rolspeler word respek afgedwing en vier (n=4) het nie die vraag beantwoord nie.

Vanuit Figuur 4.21.1 is die mees algemene wyses, volgens die ouers, om ‘n kleuter te dissiplineer, eerstens straf en tweedens slaan. Professionele rolspelers ervaar (Figuur 4.21.2) dat slaan as hoofvorm van dissiplinering aangewend word.

4.2.2.15 *Verhoudings met die bure en gemeenskap*

Die kwaliteit van die verhouding onderling tussen bure en gemeenskapslede word in Figuur 4.22.1 aangedui.



Figuur 4.22.1 Verhoudings tussen bure en gemeenskapslede.

Die respondente (N=65) noem in Figuur 4.22.1 dat 18 (n=18) ouers baie goed met hul bure en ander gemeenskapslede oor die weg kom en geen (n=0) van die professionele rolspelers dui dit so aan nie. Verder dui 18 (n=18) ouers en 21 (n=21) professionele rolspelers aan dat bure redelik met mekaar oor die weg kom. Een (n=1) ouer en ses (n=6) professionele rolspelers noem dat hulle glad nie goed met mekaar oor die weg kom nie en een (n=1) ouer en twee (n=2) professionele rolspelers het 'ander' gekies. Onder 'ander', het die ouer nie gespesifiseer nie, een rolspeler meen dat sy glad nie weet nie en een noem dat dit van die konteks afhang omdat sommige gemeenskapslede baklei as hulle dronk is en vriendelik met mekaar is as hulle nugter is.

Vanuit Figuur 4.22.1 word afgelei dat die meeste ouers redelik tot baie goed met bure en gemeenskapslede oor die weg kom en dat professionele rolspelers ervaar dat bure en gemeenskapslede hoofsaaklik redelik met mekaar oor die weg kom.

4.2.2.16 *Bewustheid en toesig van kleuters se doen en late*

Die bewustheid van ouers ten opsigte van hulle kleuters se doen en late word in Figuur 4.23.1 geïllustreer.



Figuur 4.23.1 Ouers se toesig en bewustheid van kleuters se doen en late.

Figuur 4.23.1 wys dat 32 (n=32) ouers self altyd bewus is van wat hul kleuter doen en waar hul is, ses (n=6) ouers is meestal daarvan bewus en geen (n=0) ouer is slegs soms of nooit daarvan bewus nie. Volgens die professionele rolspelers se ervaring dui een (n=1) dat ouers altyd bewus is van hul kleuter se doen en late, 18 (n=18) ervaar dat ouers meestal bewus is en elf (n=11) noem dat ouers slegs soms weet waar en by wie hul kleuters is. Twee (n=2) professionele rolspelers ervaar dat ouers nooit weet waar en by wie hul kleuter is nie.

Volgens Figuur 4.23.1 kan afgelei word dat die meerderheid ouers altyd bewus is van waar en by wie hul kleuter is en die professionele rolspelers ervaar dat ouers meestal bewus is daarvan.

4.2.2.17 *Ouers se eie kinderjare*

Figuur 4.24.1 dui ouers se ervaring van hul eie kinderjare aan.



Figuur 4.24.1 Ouers se belewenis van hul eie kinderjare.

Ouers se eie kinderjare, volgens Figuur 4.24.1 kan volgens 13 (n=13) ouers beskryf word as armoedig, 19 (n=19) ouers beskryf dit as gelukkige jare en sewe (n=7) ouers vermeld dat hul mishandel was. Vier (n=4) ouers noem dat dit ongelukkige jare was, een (n=1) ouer noem dat haar ouer ‘n alkoholis was en 4 (n=4) ouers het nie die vraag beantwoord nie.

Figuur 4.24.2 dui op ouers van kleuters se kinderjare, soos wat die professionele rolspelers al uit hul ervaring en kontak met die gemeenskapslede geleer het.



Figuur 4.24.2 Professionele rolspelers se belewenis van ouers se kinderjare.

Figuur 4.24.2 dui dat 14 (n=14) professionele rolspelers die voorkoms van armoede in die ouers se eie kinderjare genoem het, ses (n=6) noem dat daar ‘n sikliese verloop is waar ouers se kinderjare in hul eie kinders se lewens herhaal word en daar is deur drie (n=3) professionele rolspelers van geweld melding gemaak. Vyf (n=5) professionele rolspelers noem die gebruik van drank en dwelms in die huis, vier (n=4) noem van mishandeling en agt (n=8) noem verwaarlosing. Sewe (n=7) professionele rolspelers noem ongelukkigheid van die ouer as kind, een (n=1) noem konflik en een (n=1) blootstelling aan maatskaplike probleme. Sewe (n=7) rolspelers net nie die vraag beantwoord nie.

Volgens Figuur 4.24.1 word afgelei dat die meeste ouers se belewenis van hul eie kinderjare gelukkig is alhoewel soms ook armoedig. Professionele rolspelers noem hoofsaaklik die teenwoordigheid van armoede in ouers se eie kinderjare.

4.2.2.18 *Gesinne se totale maandelikse inkomste*

In Figuur 4.25.1 word ‘n uiteensetting gegee van gesinne met kleuters se maandelikse totale inkomste, volgens die respondente.



Figuur 4.25.1 Totale maandelikse inkomste van gesinne.

Figuur 4.25.1 illustreer gesinne se totale maandelikse inkomste, soos dit deur die respondente (N=65) aangetoon is. Twee (n=2) ouers en een (n=1) professionele rolspeler dui aan dat gesinne geen maandelikse inkomste

ontvang nie en 19 (n=19) ouers (n=19) en tien (n=10) professionele rolspelers dui op ’n inkomste tussen R1 en R2 000. Nege (n=9) ouers en 15 (n=15) professionele rolspelers dui op ‘n inkomste van tussen R2 000 en R5 000 en vyf (n=5) ouers en een (n=1) professionele rolspeler toon inkomste tussen R5 000 en R10 000. Geen (n=0) ouer dui op R10 000 tot R15 000 nie terwyl een (n=1) professionele rolspeler dit wel aandui. Twee (n=2) ouers dui ‘n inkomste van meer as R15 000 per maand aan. Een (n=1) ouer toon ‘n ander maandelikse inkomste, maar spesifiseer dit nie en een (n=1) professionele rolspeler dui dat gesinne ‘n ongereelde inkomste ontvang.

Vanuit Figuur 4.25.1 kan afgelei word dat, volgens die ouers, die meeste gesinne tussen een rand en twee duisend rand per maand verdien, gevolg deur twee tot vyf duisend rand en dan vyf tot tien duisend rand per maand. Professionele rolspelers dui dat gesinne twee tot vyf duisend rand kry, gevolg deur een tot twee duisend rand per maand.

4.2.2.19 *Beroepstatus van ouers met kleuters*

Figuur 4.26.1 illustreer ouers van kleuters se eie beroepstatus.



Figuur 4.26.1 Beroepstatus van ouers, volgens ouers.

Die beroepstatus van ouers kan vanuit Figuur 4.26.1 afgelei word. Een (n=1) ouer is werkloos en glad nie opsoek na werk nie terwyl vier (n=4) ouers werkloos is en wel na werk soek. Drie (n=3) ouers het tydelike werk en is op soek na permanente werk, terwyl geen (n=0) ouers tydelike werk het en nie op soek is na permanente werk nie. Een (n=1) ouer is reeds ‘n pensioenaris. Agtien (n=18) ouers is huisvroue waarvan nege (n=9) op soek is na werk en die ander nege (n=9) nie op soek is na werk nie. Daar is geen (n=0) ouers wat voltydse studente is nie. Ses (n=6) ouers beklee ‘n permanente pos, twee (n=2) ouers het ‘ander’ geantwoord maar nie gespesifiseer nie en drie (n=3) ouers het nie die vraag beantwoord nie.

In Figuur 4.26.2 word die beroepstatus van ouers aangedui soos dit aan die professionele rolspelers bekend is.



Figuur 4.26.2 Beroepstatus van ouers, volgens professionel rolspelers.

'n Aanduiding van die professionele rolspelers se ervaringe met ouers en hul beroepstatus word in Figuur 4.26.2 aangetoon. Daar is sewe (n=7) professionele rolspelers wat aandui dat ouers werkloos is en nie werk soek nie en 15 (n=15) dui op ouers wat werkloos is maar op soek is na werk. Elf (n=11) professionele rolspelers noem ouers wat tydelike werk doen en wel na permanente werk soek en drie (n=3) noem ouers met tydelike werk waar ouers nie op soek is na permanente werk nie. Drie (n=3) professionele rolspelers noem ouers se beroepstatus as pensionarisse. Huisvroue wat nie op soek is na werk nie, word deur vyf (n=5) professionele rolspelers aangedui en huisvroue wat wel op soek is na werk, word deur drie (n=3) genoem. Daar is geen (n=0) studente nie en aanduidings van ouers wat 'n permanente pos beklee word deur sewe (n=7) professionele rolspelers gemaak. Twee (n=2) professionele rolspelers het onderskeidelik twee ander opsies bygevoeg naamlik 'n ongeskiktheidspensioen en "*op soek na werk met die hoop om nie te kry nie*".

Uit Figuur 4.26.1 kan afgelei word dat die meeste ouers aandui dat hulle huisvrouens is, hetsy hulle op soek is na werk, al dan nie. Professionele rolspelers dui aan dat ouers werkloos is en op soek is na werk, gevolg deur

ouers wat ‘n tydelike pos beklee en op soek is na permanente werk (Figuur 4.26.2).

4.2.2.20 *Oorhoofse uitgawes van ouers met kleuters*

In Figuur 4.27.1 word gesinne met kleuters se uitgawes aangedui, volgens die ouers.



Figuur 4.27.1 Finansiële uitgawes, volgens ouers.

Figuur 4.27.1 toon die uitgawepatroon van ouers aan. Nege (n=9) ouers spandeer geld op sigarette en tabak, geen (n=0) ouers toon dat hulle dwelms of drank koop nie en drie (n=3) ouers spandeer geld op vermaak. ‘n Verdere 22 (n=22) ouers spandeer geld aan persoonlike items, vyf (n=5) ouers koop koerante en skryfbehoeftes en vyf (n=5) ouers betaal die telefoonrekening. Sestien (n=16) ouers spandeer geld op petrol, olie en karonderhoud en vyf (n=5) ouers betaal vir openbare vervoer. Verder noem 36 (n=36) ouers kos en behuising as uitgawe, 15 (n=15) ouers betaal vir kindersorg en ses (n=6) ouers spandeer geld aan godsdiens. Drie (n=3) ouers betaal ‘n huishulp en een (n=1) betaal skuld af.

Figuur 4.27.2 gee ‘n uiteensetting van gesinne se uitgawes soos dit deur die professionele rolspelers ervaar word uit hul interaksie met die gesinne.



Figuur 4.27.2 Gesinne se finansiële uitgawes, volgens professionele rolspelers.

Volgens die professionele rolspelers kan gesinne se uitgawes uiteengesit word soos aangedui in Figuur 4.27.2. Hiervolgens dui 26 (n=26) professionele rolspelers aan dat geld op sigarette en tabak bestee word, ses (n=6) dui op dwelms, 21 (n=21) noem drank as ‘n uitgawe en vier (n=4) noem vermaak byvoorbeeld flieks en musiek. Ses (n=6) professionele rolspelers dui op persoonlike items byvoorbeeld seep, sjampoe en ‘n haarsny, drie (n=3) noem koerante en skryfbehoeftes, agt (n=8) dui die telefoon as uitgawe aan en ses (n=6) noem petrol, olie en karonderhoud. Twaalf (n=12) noem openbare vervoer (busse, taxi’s en treine), 17 (n=17) dui op kos en behuising as uitgawe, agt (n=8) noem kindersorg soos byvoorbeeld skoolfonds en geen (n=0) dui uitgawes op godsdiens en huishulp aan nie (n=0).

Figuur 4.27.1 toon dat ouers se oorhoofse uitgawes eerstens kos en behuising is, gevolg deur persoonlike items en vervoer (petrol, olie en karonderhoud, en uitgawes aan busse, taxi’s en treine). Professionele rolspelers dui volgens Figuur 4.27.2 op sigarette en tabak as die grootste uitgawe, gevolg deur drank en kos en behuising.

4.2.2.21 *Blootstelling aan geweld*

In Figuur 4.28.1 word kleuters se blootstelling aan verskillende tipes geweld voorgestel.



Figuur 4.28.1 Blootstelling aan verskillende tipes geweld.

Respondente (N=65) noem verskeie tipes geweld waaraan kleuters blootgestel word, soos uiteengesit in Figuur 4.28.1. Geweld in die media (nuusberigte, flieks en musiek) word deur 16 ouers (n=16) en 20 professionele rolspelers (n=20) genoem. Straatgeweld (straatgevegte) word deur 14 ouers (n=14) en 16 professionele rolspelers (n=16) genoem en vyf ouers (n=5) en 25 professionele rolspelers (n=25) toon blootstelling aan geweld in die huis (byvoorbeeld fisieke geweld en vloekery). Drie ouers (n=3) en 20 professionele rolspelers (n=20) noem blootstelling aan misdaad en substansmisbruik en een ouer (n=1) en een professionele rolspeler (n=1) noem blootstelling aan ‘n ander vorm van geweld waar slegs die professionele rolspeler prostitusie spesifiseer. Sewe (n=7) ouers het nie die vraag beantwoord nie.

Daar kan vanuit Figuur 4.28.1 afgelei word dat kleuters die meeste blootgestel word aan geweld in die media, gevolg deur geweld op straat, volgens die ouers. Volgens die professionele rolspelers word kleuters blootgestel aan geweld binne die huis, gevolg deur geweld in die media en misdaad.

4.2.2.22 *Tipe woning*

In Figuur 4.29.1 kan gesien word in watter tipe wonings gesinne met kleuters woonagtig is.



Figuur 4.29.1 Tipes wonings van gesinne.

Volgens Figuur 4.29.1 woon geen (n=0) van die gesinne in ‘n ‘shack’ nie. Volgens ouers en professionele rolspelers woon onderskeidelik 19 (n=19) en 17 (n=17) gesinne in ‘n huis. Twee (n=2) ouers en sewe (n=7) professionele rolspelers dui ‘n woonstel as woning en nege (n=9) ouers en 15 (n=15) professionele rolspelers dui ‘n kamer as woning aan. Vier (n=4) ouers en 16 (n=16) professionele rolspelers dui aan dat ‘n huis met ander gedeel word. Geen (n=0) ouers self en een (n=1) professionele rolspeler noem ‘n koshuis as woning. Een (n=1) ouer en nege (n=9) professionele rolspelers dui aan dat die gesin in ‘n buitekamer woon. Drie (n=3) ouers het ‘ander’ geantwoord deurdat een gesin in ‘n karavaan woon en twee gesinne elk in wendy-huisies. Ses (n=6) van die professionele rolspelers het ook wendy-huisies as wonings onder ‘ander' gespesifiseer.

Figuur 4.29.2 toon die hoeveelheid kamers en hoeveelheid gesinne per woning aan vir ouers wat aangetoon het dat hulle in ‘n huis woon of ‘n huis deel.

.



Figuur 4.29.2 Hoeveelheid kamers en gesinne per woning, volgens ouers.

Ses (n=6) gesinne woon in ‘n eenvertrek woning, agt (n=8) gesinne in twee vertrekke en 13 (n=13) gesinne se woning beskik oor drie vertrekke. Nog agt (n=8) gesinne woon in ‘n viervertrekwoning en een (n=1) gesin se woning beskik oor meer as vier vertrekke. Vanuit die totale hoeveelheid gesinne woon 24 (n=24) alleen, nege (n=9) gesinne woon saam met een ander gesin en drie (n=3) gesinne dui aan dat hul saam met twee ander gesinne woon. Twee (n=2) gesinne woon saam met vier ander gesinne en een (n=1) gesin woon saam met meer as vier gesinne in ‘n huis.

Figuur 4.29.3 dui die hoeveelheid kamers en gesinne per woning aan soos wat professionele rolspelers dit binne die gemeenskap beleef.



Figuur 4.29.3 Hoeveelheid kamers en gesinne per woning, volgens professionele rolspelers.

Figuur 4.29.3 dui aan dat, volgens die professionele persone, een (n=1) gesin se huis uit slegs een kamer bestaan, 13 (n=13) dui aan dat huise slegs twee

kamers het en 14 (n=14) noem dat die woning drie kamers het. Vier (n=4) rolspelers noem ‘n vierkamerwoning, een (n=1) noem meer as vier kamers en vyf (n=5) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie. Verder word daar deur drie (n=3) professionele rolspelers aangedui dat slegs een gesin per woning woon, agtien (n=18) dui aan dat wonings deur twee gesinne bewoon word en elf (n=11) noem drie gesinne wat saam woon. Sewe (n=7) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie.

Volgens Figure 4.29.1 en 4.29.2 kan afgelei word dat, volgens die ouers, die meeste gesinne in ‘n huis woon met hoofsaaklik drie kamers waar die gesin alleen woon. Dit kan ook afgelei word dat, volgens die professionele rolspelers (Figuur 4.29.1), die meeste gesinne in ‘n huis woon, hetsy alleen of dit met ander gesinne deel, gevolg deur ‘n kamer wat dien as woning. Vir die gesinne wat self in ‘n huis woon (besit of deel met ander), beskik hierdie wonings grootliks oor drie of twee kamers waar twee gesinne saamwoon.

4.2.2.23 *Persepsie rakende privaatheid in die woning*

Figuur 4.30.1 toon respondente se persepsies rakende die hoeveelheid privaatheid in die wonings van kleuters aan.



Figuur 4.30.1 Hoeveelheid privaatheid in die woning.

Die hoeveelheid privaatheid volgens respondente (N=65) in gesinne van kleuters se wonings, kan in Figuur 4.30.1 waargeneem word. Volgens 25

(n=25) ouers en een (n=1) professionele rolspeler is daar genoegsame privaatheid. Tien (n=10) ouers en 12 (n=12) professionele rolspelers sê privaatheid is redelik en drie (n=3) ouers en 17 (n=17) professionele rolspelers noem dat daar geen privaatheid is nie. Twee (n=2) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie.

Vanuit Figuur 4.30.1 kan afgelei word dat daar genoegsame privaatheid is volgens die ouers en die professionele rolspelers ervaar dat daar hoofsaaklik geen privaatheid in die wonings is nie.

4.2.2.24 *Blootstelling aan ontoepaslike situasies*

Figuur 4.31.1 dui verskillende ontoepaslike situasies aan waaraan kleuters, volgens die ouers, moontlik blootgestel word.



Figuur 4.31.1 Blootstelling aan ontoepaslike situasies, volgens ouers.

Figuur 4.31.1 illustreer kleuters se blootstelling aan verskeie ontoepaslike situasies, volgens hul ouers. Twee (n=2) ouers noem dat hul kleuters aan naaktheid blootgestel word, 31 (n=31) ouers noem dat kleuters nie aan naaktheid blootgestel word nie en vyf (n=5) ouers het nie die vraag beantwoord nie. Ses (n=6) ouers noem dat hul kleuters konflik tussen hulle as ouers sien, 28 (n=28) ouers toon geen blootstelling aan ouerlike konflik nie en vier (n=4) ouers het nie die vraag beantwoord nie. Drie-en-dertig (n=33)

ouers noem dat hul kleuters geen blootstelling aan seksuele aktiwiteite of pornografie kry nie en vyf (n=5) ouers het nie die vraag beantwoord nie.

Figuur 4.31.2 illustreer kleuters se blootstelling aan ontoepaslike situasies soos dit deur die professionele rolspelers ervaar word.



Figuur 4.31.2 Blootstelling aan ontoepaslike situasies, volgens professionele rolspelers.

In Figuur 4.31.2 word deur 16 (n=16) professionele rolspelers aangedui dat kleuters blootgestel word aan naaktheid. Een (n=1) professionele rolspeler noem dat sy geen kennis van blootstelling aan naaktheid dra nie en tien (n=10) rolspelers het nie die vraag beantwoord nie. Daar word deur 23 (n=23) professionele rolspelers melding gemaak van kleuters se blootstelling aan ouerlike konflik, twee (n=2) dui op geen blootstelling daaraan nie en vier (n=4) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie. Blootstelling aan seksuele aktiwiteite word deur 15 (n=15) professionele rolspelers genoem, vier (n=4) dui op geen blootstelling daaraan nie en agt (n=8) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie. Verder word daar deur 16 (n=16) professionele rolspelers aangedui dat kleuters aan pornografie blootgestel word waar drie (n=3) professionele rolspelers noem dat kleuters nie aan pornografie blootgestel word nie en agt (n=8) nie die vraag beantwoord het nie.

Kleuters se blootstelling aan verskeie ontoepaslike situasies, soos dit onderskeidelik deur die ouers en professionele rolspelers ervaar word, is in

Figure 4.31.1 en 4.31.2 uiteengesit. In Figuur 4.31.3 word geillustreer hoe gereeld kleuters aan hierdie situasies blootgestel word.



Figuur 4.31.3 Gereeldheid van blootstelling.

Drie (n=3) ouers noem dat hul kleuters weeklikse blootstelling ontvang, twee (n=2) ouers noem maandelikse blootstelling en 33 (n=33) ouers noem dat kleuters amper nooit aan ontoepaslike situasies blootgestel word nie. Professionele rolspelers toon 12 (n=12) daaglikse blootstellings, 11 (n=11) dui op weeklikse blootstelling, een (n=1) dui een keer per maand en een (n=1) amper nooit. Drie (n=3) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie.

In Figuur 4.31.4 kan gesien word of die gedrag aan kleuters verduidelik word wanneer hulle daaraan blootgestel is.



Figuur 4.31.4 Verduideliking van blootstelling.

Volgens Figuur 4.31.4 word die blootstelling wel deur 15 (n=15) ouers self verduidelik, ses (n=6) verduidelik dit nie aan die kleuter nie en vir 17 (n=17) ouers was die vraag nie van toepassing nie. Professionele rolspelers dui slegs in een (n=1) geval aan dat die blootstelling aan die kleuter verduidelik word, 23 (n=23) professionele rolspelers toon dat dit geensins verduidelik word nie en drie (n=3) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie.

Vanuit die vier bogenoemde figure kan die volgende afleidings gemaak word: Figuur 4.31.1 toon, volgens die ouers, dat kleuters die minimum blootstelling aan naaktheid (n=2), ouerlike konflik (n=6), seksuele aktiwiteite (n=0) en pornografie (n=0) kry. Professionele rolspelers (Figuur 4.31.2) meen dat kleuters wel blootgestel word aan ouerlike konflik (n=23) gevolg deur beide naaktheid (n=16) en pornografie (n=16) en dan seksuele aktiwiteite (n=15). Verder is ouers van mening dat kleuters amper nooit hieraan blootgestel word nie (n=33) en professionele rolspelers dui aan dat dit op ‘n daaglikse basis (n=12) tot een keer per week geskied (n=11). Figuur 3.31.4 toon dat ouers wel hierdie gedrag aan hul kleuters verduidelik indien dit plaasvind (n=15) en professionele rolspelers noem dat dit nie aan kleuters verduidelik word nie (n=23).

4.2.2.25 *Voorkoms van vorige seksuele mishandeling in die gesin*

Figuur 4.32.1 gee ‘n aanduiding of daar al voorheen seksuele mishandeling in die kleuter se gesin plaasgevind het. Hierdie voorstelling verteenwoordig slegs die ouers as respondente se ervaring.



Figuur 4.32.1 Voorkoms van vorige seksuele mishandeling in die gesin, volgens ouers.

Volgens Figuur 4.32.1 kan gesien word vanuit die totale 38 ouers, toon 14 (n=14) ouers dat iemand in die gesin wel voorheen seksueel mishandel is, 19 (n=19) ouers dui aan dat niemand nog seksueel mishandel is nie, en vyf (n=5) ouers het nie die vraag beantwoord nie.

Figuur 4.32.2 illustreer wie die oortreder was in die 14 gevalle waar daar wel reeds seksuele mishandeling van ‘n gesinslid plaasgevind het, soos in Figuur 4.32.1 gesien kan word.



Figuur 4.32.2 Oortreder van vorige seksuele mishandeling in die gesin, volgens ouers.

Volgens Figuur 4.32.2 toon vier (n=4) ouers dat die oortreder ‘n oom was, een (n=1) ouer noem dat dit ‘n stiefpa was, twee (n=2) ouers noem ‘n pa en twee (n=2) ouers noem ‘n oupa of stiefoupa. Een (n=1) noem ‘n neef, een (n=1) ‘n buurman en een (n=1) noem ‘n onderwyser as die oortreder. Twee (n=2) ouers noem vreemdelinge en vyf (n=5) ouers wil nie spesifiseer deur wie nie.

Vanuit Figure 4.32.1 en 4.32.2 hierbo kan afgelei word dat daar in 19 gesinne nog geen seksuele mishandeling was nie, maar dat daar in 15 gesinne wel seksuele mishandeling was, volgens die ouers. Verder word daar afgelei dat die oortreder hoofsaaklik iemand binne die familie is.

4.2.2.26 *Voorkoms van huidige seksuele mishandeling van 'n kleuter*

In Figuur 4.33.1 word geïllustreer hoeveel ouers en professionele rolspelers huidiglik bewus is van 'n kleuter wat seksueel mishandel word.



Figuur 4.33.1 Huidige seksuele mishandeling van 'n kleuter.

Figuur 4.33.1 stel hoeveel respondente (N=65) huidiglik bewus is van 'n kleuter wat seksueel mishandel word. Tans is vier (n=4) ouers bewus van 'n kleuter wat seksueel mishandel word, 31 (n=31) ouers is nie bewus van so 'n geval nie en drie (n=3) ouers het nie die vraag beantwoord nie. Ses (n=6) professionele rolspelers is tans bewus van iemand wat seksueel mishandel word, 18 (n=18) is nie van so 'n geval bewus nie en drie (n=3) professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie.

Vanuit Figuur 4.33.1 kan afgelei word dat in totaal 49 respondente glad nie huidiglik bewus is van seksuele mishandeling van 'n kleuter nie, terwyl slegs tien bewus is van so 'n geval en ses respondente nie die vraag beantwoord het nie.

4.2.2.27 *Eienskappe van kleuters as teikens vir seksuele mishandeling*

In Figuur 4.34.1 word die eienskappe van kleuters geïllustreer wat hul 'n maklike teiken vir seksuele mishandeling maak, volgens die ouers.



Figuur 4.34.1 Eienskappe van kleuters as teikens vir seksuele mishandeling, volgens ouers.

Volgens Figuur 4.34.1 is kleuters se vriendelikheid deur vier (n=4) ouers genoem, spontaneïteit is deur twee (n=2) ouers genoem en die kleuter se fisiese voorkoms word ook deur twee (n=2) ouers genoem. Nalatigheid van ouers kom 21 (n=21) keer voor, die kleuter se onskuld word deur vier (n=4) ouers genoem en armoedige omstandighede word deur een (n=1) ouer genoem. Die kleuter se omkoopbaarheid word vier (n=4) keer vermeld terwyl leefwyse, aandagsoekerigheid, ongelukkigheid en eensaamheid van die kleuter elk een (n=1) keer vermeld word. Sewe (n=7) ouers het nie die vraag beantwoord nie.

Volgens die professionele rolspelers kan seksuele mishandeling van kleuters aan verskeie einskappe van die kleuter toegeskryf word, soos uiteengesit in Figuur 4.34.2.



Figuur 4.34.2 Eienskappe van kleuters as teikens van seksuele mishandeling, volgens professionele rolspelers.

Volgens Figuur 4.34.2 noem drie (n=3) professionele rolspelers uitlokkende kleredrag, een (n=1) noem werkloosheid van ouers en twee (n=2) noem blootstelling. Twee (n=2) professionele rolspelers noem ook verwaarlosing en uitgelewerdheid aan omstandighede as eienskappe wat kleuters teikens maak van seksuele mishandeling. Ses (n=6) professionele rolspelers verwys na swak huislike omstandighede, een (n=1) dui op min selfvertroue van die kleuter en drie (n=3) noem die kleuter se soeke na liefde en aandag. Twee (n=2) professionele rolspelers dui op lae waardes, agt (n=8) noem die kleuter se onskuld, vier (n=4) die kleuter se onkunde en twee (n=2) noem onkunde by ouers. Verder word die kleuter se omkoopbaarheid en afpersbaarheid deur sewe (n=7) professionele rolspelers vermeld. Een (n=1) professionele rolspeler het nie die vraag beantwoord nie.

Volgens Figuur 4.34.1 kan afgelei word dat nalatigheid van ouers deur die ouers self beskou word as hoofoorsaak daarvan dat ‘n kleuter ’n maklike teiken is. Professionele rolspelers (Figuur 4.34.2) noem kleuters se onskuld,

omkoopbaarheid en swak huislike omstandighede as die drie kerneienskappe van kleuters wat hulle maklike teikens vir seksuele mishandeling maak.

4.2.3 Afdeling C: Voorkoming van seksuele mishandeling

4.2.3.1 *Noodsaaklikheid om kleuters op te voed rakende voorkoming van seksuele mishandeling*

In Figuur 4.35.1 word die noodsaaklikheid vir ouers en professionele rolspelers om kleuters op te voed rakende voorkoming van seksuele mishandeling, uiteengesit.



Figuur 4.35.1 Noodsaaklikheid om kleuters op te voed rakende voorkoming van seksuele mishandeling.

Volgens Figuur 4.35.1 is dit vir 36 (n=36) van die ouers en 26 (n=26) professionele rolspelers belangrik om kleuters op te voed rakende die voorkoming van seksuele mishandeling. Een (n=1) ouer en geen (n=0) van die professionele rolspelers dink dit is nie nodig nie, en een (n=1) ouer en een (n=1) professionele rolspeler het nie die vraag beantwoord nie.

Vanuit Figuur 4.35.1 kan afgelei word dat dit vir beide ouers en professionele rolspelers ewe noodsaaklik is dat kleuters opgevoed word rakende die voorkoming van seksuele mishandeling, deurdat 62 respondente daaroor saamstem.

4.2.3.2 *Verantwoordelike partye vir die voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters*

Figuur 4.36.1 illustreer wie volgens die ouers verantwoordelik is vir opvoeding ten opsigte van die voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters.



Figuur 4.36.1 Partye verantwoordelik vir opvoeding ten opsigte van voorkoming, volgens ouers.

Figuur 4.36.1 illustreer wie, volgens die ouers, verantwoordelik is om kleuters te beskerm en te leer van seksuele mishandeling. Vir 36 (n=36) ouers is hulle self verantwoordelik daarvoor, 16 (n=16) ouers hou familie daarvoor verantwoordelik en 17 (n=17) ouers hou die gemeenskap verantwoordelik Dertien (n=13) ouers hou vriende verantwoordelik, 17 (n=17) ouers die media en 27 (n=27) ouers hou die skool verantwoordelik. Sestien (n=16) ouers hou die regering verantwoordelik en twee (n=2) ouers hou ander partye verantwoordelik om kleuters te beskerm en te leer van seksuele mishandeling, sonder om te spesifiseer wie dit is.

Figuur 4.36.2 illustreer wie die verantwoordelike partye volgens professionele rolspelers is om kleuters te leer van en te beskerm teen seksuele mishandeling.



Figuur 4.36.2 Partye verantwoordelik vir opvoeding ten opsigte van voorkoming, volgens professionele rolspelers.

In Figuur 4.36.2 het 25 (n=25) professionele rolspelers aangedui dat ouers verantwoordelik is vir seksuele opvoeding rakende voorkoming van seksuele mishandeling en beskerming van die kleuter. Dat terapeute verantwoordelik gehou moet word, is deur 23 (n=23) professionele rolspelers aangedui, 14 (n=14) dui op die hele familie en 17 (n=17) professionele rolspelers hou die hele gemeenskap verantwoordelik. Drie (n=3) professionele rolspelers dui op vriende en maatjies, nege (n=9) op die media, 21 (n=21) dui op die skool as verantwoordelike party (n=21) en tien (n=10) dui op die regering. Geen (n=0) professionele rolspelers het niemand of ‘n ander party gespesifiseer nie.

Vanuit Figuur 4.36.1 kan afgelei word dat volgens die ouers, die ouers self en dan die skool hoofsaaklik verantwoordelik is om kleuters te beskerm en te leer van seksuele mishandeling. Dit kan vanuit Figuur 4.36.2 afgelei word dat die professionele rolspelers van mening is dat die ouers, gevolg deur terapeute en ander opgeleide persone en dan die skool, die drie hoofpartye is wat verantwoordelik is om kleuters te beskerm teen seksuele mishandeling asook om hul te leer hoe om hulself daarteen te beskerm.

4.2.3.3 *Huidige metodes om kleuters te beskerm teen seksuele mishandeling*

In Figuur 4.37.1 kan die tipe inligting gesien word wat deur ouers aan hul kleuters oorgedra word om hul teen seksuele mishandeling te beskerm.



Figuur 4.37.1 Tipe inligting wat huidiglik gebruik word vir voorkoming, volgens ouers.

Volgens Figuur 4.37.1 maak 32 (n=32) van die ouers hul kleuters bewus hoe om hulself veilig te hou, 29 (n=29) ouers leer hul kleuters van "*stranger danger*" en geen (n=0) ouers gebruik ander inligting ten opsigte van voorkoming nie.

Figuur 4.37.2 illustreer die strukture en dienste wat reeds, volgens die professionele rolspelers, in Danville in plek is om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm.



Figuur 4.37.2 Strukture en dienste wat reeds in plek is om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm, volgens professionele rolspelers.

Volgens Figuur 4.37.2 noem tien (n=10) van die professionele rolspelers gereelde polisiëring en die SAPD as een so 'n diens om beskerming van kleuters te fasiliteer. Ses (n=6) professionele rolspelers identifiseer skole en kleuterskole, vier (n=4) dui aan dat daar min of geen sulke strukture en dienste beskikbaar is nie en drie (n=3) noem opgeleide terapeute wat in die omgewing werksaam is. Nege (n=9) professionele rolspelers noem beskik-

bare maatskaplike dienste, twee (n=2) dui op kerke en ‘n verdere twee (n=2) op algemene bewustheid. Vier (n=4) van die professionele rolspelers het nie die vraag beantwoord nie.

Professionele rolspelers se eie betrokkenheid by ‘n program of intervensie om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm word in Figuur 4.37.3 geïllustreer.



Figuur 4.37.3 Professionele rolspelers se eie betrokkenheid by ‘n program of intervensie om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm.

Volgens Figuur 4.37.3 was 18 (n=18) van die professionele rolspelers nog geensins betrokke by ‘n program of intervensie om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm nie en drie (n=3) van die rolspelers het glad nie die vraag beantwoord nie. Verder is daar aangedui dat die ses oorblywende rolspelers wel by so ‘n program of intervensie betrokke was, wat bestaan uit die volgende: een (n=1) professionele rolspeler pas haar kennis in haar alledaagse betrokkenheid met kleuters en ouers toe, twee (n=2) rolspelers was al betrokke by ‘n intervensieprogram wat by ‘n kleuterskool aangebied is waar die kleuters geleer is hoe om hulself te beskerm en een (n=1) rolspeler verwys kleuters vir forensiese ondersoeke. ‘n Ander (n=1) poog om ouers, onderwysers en kinders te betrek en op te lei en die laaste (n=1) professionele rolspeler het al voorheen as vrywilliger by ‘n Plek van Veiligheid gewerk.

Vanuit die bogenoemde figure kan afgelei word dat ouers hul kleuters hoofsaaklik leer van persoonlike veiligheid en “*stranger danger*” (Figuur

4.37.1). Professionele rolspelers noem verder ‘n paar ondersteunende dienste wat wel beskikbaar is om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm waaronder die mees algemene die polisie, skole en kleuterskole is (Figuur 4.37.2). Ses van die professionele rolspelers is huidiglik of was al voorheen aktief betrokke om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm (Figuur 4.37.3).

4.2.3.4 *Aspekte wat voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters aanhelp – weerstandigheidsfaktore*

Verskeie weerstandigheidsfaktore dra by tot die beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling. Hierdie faktore soos deur die ouers bepaal, word in Figuur 4.38.1 aangedui.



Figuur 4.38.1 Weerstandigheidsfaktore, volgens ouers.

In Figuur 4.38.1 benoem 23 (n=23) ouers sterk sosiale waardes as beskermingsfaktor, 22 (n=22) ouers glo in sosiale bewustheid en 13 (n=13) ouers ondersteun ‘n ondersteunende gemeenskap waar die gemeenskap die

gesin ondersteun met die grootmaak van kinders. Verder noem 20 (n=20) ouers dat voldoende behuising, hulpbronne en sosiale dienste van waarde kan wees, 24 (n=24) ouers noem ‘n ondersteunende skoolomgewing en 17 (n=17) ouers noem ‘n positiewe gemeenskapsklimaat. Nog 26 (n=26) ouers glo in sterk gesinsbande en 23 (n=23) ouers ondersteun goeie verhoudinge tussen lede van die gesin om tot beskerming by te dra. Samewerking tussen alle lede van die gemeenskap word deur 32 (n=32) ouers ondersteun en een (n=1) ouer het nie die vraag beantwoord nie.

Figuur 4.38.2 illustreer die weerstandigheidsfaktore wat, volgens die professionele rolspelers, sal bydra om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm.



Figuur 4.38.2 Weerstandigheidsfaktore, volgens professionele rolspelers

.

Volgens Figuur 4.38.2 word sterk sosiale waardes deur 23 (n=23) professionele rolspelers ondersteun, 20 (n=20) glo in sosiale bewustheid en 17 (n=17) ondersteun ‘n ondersteunende gemeenskap waar die gemeenskap die gesin ondersteun met die grootmaak van kinders. Verder noem 20 (n=20) professionele rolspelers dat voldoende behuising, hulpbronne en sosiale

dienste van waarde kan wees en 25 (n=25) noem ook ‘n ondersteunende skoolomgewing. Negentien professionele rolspelers (n=19) ondersteun ‘n positiewe gemeenskapsklimaat, 21 (n=21) glo in sterk gesinsbande en 25 (n=25) ondersteun goeie kommunikasie tussen lede van die gesin om tot beskerming by te dra. Samewerking tussen alle lede van die gemeenskap word deur al 27 (n=27) van die professionele rolspelers ondersteun. Drie (n=3) van die professionele rolspelers het ook ander opsies gespesifiseer, onderskeidelik om menswaardigheid te verhoog, goed opgevoede ouers en beplande swangerskappe met een maat.

Vanuit Figure 4.38.1 en 4.38.2 kan afgelei word dat beide die ouers en professionele rolspelers albei baie sterk voel oor die samewerking van die hele gemeenskap om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm. Die ander faktore kom ook sterk voor, behalwe ‘n ondersteunende gemeenskap ten opsigte van die grootmaak van kinders wat in ‘n mindere mate genoem word.

4.2.3.5 *Gemeenskapsbetrokkenheid by die suksesvolle grootmaak van kinders*

Figuur 4.39.1 dui die behoefte vir gemeenskapsbetrokkenheid by die suksesvolle grootmaak van kinders aan.



Figuur 4.39.1 Behoefte aan gemeenskapsbetrokkenheid ten opsigte van kinders grootmaak.

Figuur 4.39.1 dui aan of die respondente (N=65) saamstem dat die hele gemeenskap nodig is om ‘n kind suksesvol groot te maak. In totaal het 24 (n=24) ouers en 25 (n=25) professionele rolspelers daarmee saamgestem. Dertien (n=13) ouers en een (n=1) professionele rolspeler voel dat gemeenskapsbetrokkenheid by kinders grootmaak nie nodig is nie en een (n=1) ouer en een (n=1) professionele rolspeler het nie die vraag beantwoord nie.

Vanuit Figuur 4.39.1 kan afgelei word dat die ouers en professionele rolspelers hoofsaaklik ooreenstem dat gemeenskapsbetrokkenheid van groot waarde is ten opsigte van kinders grootmaak deurdat 49 in totaal daarmee saamstem.

4.2.3.6 *Behoefte aan gemeenskapsopvoeding en aspekte daarvan wat meer kennis en onderrig vereis*

In Figuur 4.40.1 kan die behoefte aan gemeenskapsopvoeding ten opsigte van die kleuter se veiligheid gesien word.



Figuur 4.40.1 Behoefte aan gemeenskapsopvoeding.

Volgens Figuur 4.40.1 is dit vir 36 (n=36) ouers en al 27 (n=27) professionele rolspelers belangrik dat die gemeenskap verdere inligting en opvoeding ontvang om kleuters voldoende teen seksuele mishandeling te beskerm. Een (n=1) ouer meen dit is nie nodig nie en een (n=1) ouer het nie die vraag beantwoord nie.

Figuur 4.40.2 illustreer die tipe inligting wat verder verlang word om die gemeenskap op te voed rakende seksuele mishandeling van kleuters.



Figuur 4.40.2 Inligting wat verlang word deur gemeenskapsopvoeding.

Inligting aangaande wat seksuele mishandeling van kleuters is en wat dit behels, word volgens Figuur 4.40.2, deur 24 (n=24) ouers en 21 (n=21) professionele rolspelers verlang. Agt-en-twintig (n=28) ouers en 25 (n=25) professionele rolspelers wil meer inligting hê betreffende die oorsake van seksuele mishandeling. By die ouers is daar 24 (n=24) en by die professionele rolspelers is daar 22 (n=22) wat wil weet wat as normale seksuele gedrag en ontwikkeling by kleuters bestempel kan word. Agt-en-twintig (n=28) ouers en 23 (n=23) professionele rolspelers wil weet hoe om seksuele mishandeling van kleuters te voorkom. Nege-en-twintig (n=29) ouers en 24 (n=24) professionele rolspelers wil weet hoe om kleuters te leer om hulself te beskerm. Een (n=1) ouer het onder ‘ander’ genoem dat sy graag sal wil weet hoe om effektiewe kommunikasie tussen kleuters en ouers te verseker en drie (n=3) ouers het nie die vraag beantwoord nie. Professionele rolspelers het onder ‘ander’ vier aanduidings gemaak, naamlik Christelike waardesisteme, positiewe normhandhawing, verhoging van selfbeeld en menswaardigheid en hoe om op te tree indien seksuele mishandeling vermoed word (n=4).

Vanuit Figuur 4.40.1 en 4.40.2 kan afgelei word dat gemeenskapsopvoeding vir alle gemeenskapslede (n=63) baie belangrik is om kleuters voldoende teen seksuele mishandeling te beskerm. Dit word verder afgelei dat daar ‘n groot behoefte aan al die tipes inligting (definisie, oorsake, normale ontwikkeling, voorkoming, opvoeding, ensovoorts) bestaan.

4.2.3.7 *Opmerkings deur professionele rolspelers*

Die laaste vraag aan professionele rolspelers was betreffende enige verdere opmerkings. Ses rolspelers het die behoefte aan kennis deur ouers en onderwysers vermeld, daar was ‘n voorstel van ‘n aanmeldingskantoor wat 24 uur van die dag oop is en dat almal moet saamstaan om die probleem te bekamp en te voorkom. Drank, dwelms en rondslapery is verder as van die grootste oorsake van seksuele mishandeling van kleuters genoem en dat volwassenes, tieners en kinders op prakties-verstaanbare wyses hanteer moet word met die klem op erkenning van hul menswaardigheid en same-werking.

4.3 SAMEVATTING

Die doel van Hoofstuk vier was om ‘n duidelike uiteensetting en interpretasie van die studie se resultate te verskaf. In Hoofstuk vyf word gevolgtrekkings en aanbevelings hiervolgens gemaak. Hoofstuk vyf sal ook ‘n bespreking van die beperkinge en ‘n algemene samevatting van die studie insluit.

HOOFSTUK 5: ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Aanvanklik is daar in Hoofstuk een gefokus op die beplanning en verloop van die navorsingstudie. Hoofstuk twee voorsien ‘n oorsig van beskikbare literatuur wat relevant is tot die betrokke studie en Hoofstuk drie behels ‘n omskrywing van die navorsingsmetodologie wat uiteindelik gevolg is. In Hoofstuk vier is die empiriese resultate van die studie geïllustreer en uiteengesit om begrip daarvan te fasiliteer.

In Hoofstuk vyf word vervolgens gefokus op ‘n evaluasie van die navorsingsproses, gevolgtrekkings, beperkinge, aanbevelings en besondere bydraes van die studie. Ten opsigte van die evaluasie van die navorsingsproses, sal gekyk word na die manier waarop die doel van die navorsing bereik is, of die navorsingsprobleem aangespreek is en of die navorsingsvraag beantwoord is. Gevolgtrekkings word gemaak aan die hand van resultate soos dit in Hoofstuk vier uiteengesit en geïnterpreteer is. Aanbevelings word aan die hand van hierdie gevolgtrekkings aan alle betrokke rolspelers gemaak.

5.2 EVALUASIE

Die navorsingsproses word aan die hand van drie aspekte geëvalueer, wat vervolgens bespreek word.

5.2.1 Bereiking van die doel van die navorsingstudie

Die aanvanklike doel van hierdie navorsingstudie was om die behoefte van rolspelers in die hoë risikogemeenskap, rakende gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling, te ondersoek.

Gedurende die hele navorsingsproses was dit die mikpunt wat in gedagte gehou is. Alle gedrag en werksaamhede ten opsigte van die studie was gerig daarop om uiteindelik hierdie doel te bereik. Ten einde hierdie doel te bereik, is spesifieke doelwitte in plek gestel. Die eerste doelwit was om ‘n teoretiese raamwerk saam te stel om die navorsingsprobleem verder te verken. Hierdie teoretiese raamwerk is aangebied in die vorm van ‘n oorsigtelike literatuurstudie in Hoofstuk twee. Spesifieke aspekte wat relevant en noodsaaklik is om ‘n basiese begrip van die navorsingsprobleem te fasiliteer is in die literatuurstudie omsluit, onder andere seksuele mishandeling, seksuele ontwikkeling van die kleuter en gemeenskapsopvoeding en voorkoming van seksuele mishandeling van kinders.

‘n Volgende doelwit was *“Om kennis rakende seksuele mishandeling van kinders in ‘n hoë risikogebied, van rolspelers betrokke by die gemeenskap in te win. Vraelyste is vir hierdie doel opgestel en geïnterpreteer ten einde die navorsingsprobleem aan te spreek.”* Die vraelyste is opgestel aan die hand van indikatore wat vanuit die literatuur (soos uiteengesit in Hoofstuk twee) verkry is. Vraelyste is aan verskeie respondente, wat as rolspelers in die kleuters van Danville se lewens dien, gegee en ingevul. Hierdie resultate is verwerk en in Hoofstuk vier van die navorsingsverslag uiteengesit en geïnterpreteer.

Die laaste doelwit van die navorsingstudie was *“om aanbevelings te maak aan alle belanghebbendes rakende die behoefte vir gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling in ‘n hoë risikogebied.”* Hierdie laaste doelwit word later in hierdie hoofstuk bespreek.

Die afleiding kan gemaak word dat die doel van die navorsing bereik is deurdat die verskeie doelwitte bereik is en ‘n definitiewe antwoord van respondente ontvang is rakende die behoefte van rolspelers in die hoë risikogemeenskap rakende gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling. Hierdie antwoord word later in die hoofstuk uiteengesit.

5.2.2 Aanspreek van die navorsingsprobleem

In Hoofstuk een word die aanvanklike navorsingsprobleem soos volg gestel: "*Die veiligheid van kleuters in hoë risikogebiede is in gedrang omdat seksuele opvoeding nie vroeg genoeg aangespreek word nie, asook omdat die gemeenskap nie 'n aktiewe rol in die verband aanneem nie."*

Deurdat belangrike rolspelers in die gemeenskap van Danville die geleentheid gehad het om hul persepsies en ervarings rakende kleuters en seksuele mishandeling bekend te maak, kan die navorsingsprobleem aangespreek word. Vanuit die empiriese bevindinge is dit duidelik dat seksuele opvoeding nie vroeg genoeg plaasvind nie en dat daar 'n gebrek is aan die nodige inligting om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm. Die genoemde gebrek aan kennis en nodige inligting verhoed gemeenskapslede om 'n aktiewe rol in te neem om die kleuters te beskerm. Die ideaal sal wees dat gemeenskapsopvoeding met betrekking tot die beveiliging van kleuters in diè hoë risikogebied na afloop van die studie sal geskied sodat gemeenskapslede ten volle bewus kan wees van en paraat kan wees teen die verskynsel van seksuele mishandeling van kleuters. Wanneer hierdie ideaal bereik is, sal die veiligheid van die kleuters van Danville nie meer tot so 'n mate in gedrang wees nie.

5.2.3 Beantwoording van die navorsingsvraag

"Wat is die rolspelers in die hoë risikogemeenskap se behoefte aangaande gemeenskapsopvoeding in terme van die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling?" Dit is die navorsingsvraag wat deur die studie ondersoek word en sluit aan by die doel van die studie deurdat daar gefokus word op die behoefte van rolspelers in die gemeenskap.

Hierdie behoeftebepaling wys daarop dat 97% van die respondente gesê het dat verdere inligting en gemeenskapsopvoeding vereis word om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm. Verdere inligting en opvoeding behels onder andere 'n begripsomskrywing van seksuele mishandeling, oorsake,

normale seksuele ontwikkeling, voorkoming en ouderdomsgepaste seksuele opvoeding vir kleuters. Gemeenskapsbetrokkenheid, sosiale bewustheid, voldoende hulpbronne, ‘n ondersteunende skoolklimaat, sterk gesinsbande en kommunikasie word as ondersteunende faktore genoem wat sal bydra tot die sukses van ‘n gemeenskapsopvoedingsprogram. Wanneer hierdie behoefte aangespreek is, sal seksuele opvoeding van kleuters ook vroeër geskied en relevant wees tot hul ontwikkelingsvlak en omgewing.

5.3 GEVOLGTREKKINGS

Gevolgtrekkings vir die studie kan gemaak word vanuit die empiriese resultate. Dit word vervolgens bespreek. Hierdie gevolgtrekkings word, waar toepaslik, vergelyk met beskikbare literatuur.

5.3.1 Biografiese inligting

Soos reeds vermeld, dien die biografiese inligting van respondente as agtergrond om die veld van respondente beter te verstaan. Op sy beurt het die veld weer ten doel om te dien as verwysingsraamwerk vir die empiriese resultate wat vanuit die studie verkry is.

5.3.1.1 Geslag, ouderdom en nasionaliteit van respondente

Respondente wat vrywillig aan die studie deelgeneem het, was hoofsaaklik vroulik. Van die ouers was 89% vroulik, wat moontlik daarop kan dui dat die vrou hoofsaaklik verantwoordelik is vir die versorging van kinders en ander aangeleenthede wat hulle raak. Hierdie data stem ooreen met die rol van ‘n vrou soos uiteengesit in Titus 2:4-5 (Bible NKJV, 1979) en dr. Robert M. Lewis (Lewis, [sa]:2) wat stel dat die moeder ‘n intense invloed op die kind se lewe moet lewer, aangesien dit haar verantwoordelikheid is om die kind in die vormende jare te lei. Volgens die Heritage Community Foundation (2004) is dit die tradisionele rol van die vrou om kinders groot te maak en die huishouding te versorg.

Professionele rolspelers het ook bestaan uit 89% vroulike en slegs 11% manlike respondente. Dit kan moontlik toegeskryf word daaraan dat vroue hul ”*waardes en omgeefunksies wat tuis en in die gemeenskap aangeleer en beoefen is, oorgedra het na hul werk”* (Ricks, 1992). Hierdie bevindinge strook met dr. Robert Lewis ([sa]:1) se mening dat vroue inherent sagter, versorgend, meer opreg en responsief is as mans. Die moontlikheid bestaan wel dat die bedeling tussen vroulike en manlike deelname aan die studie blote toeval was.

Ouers is hoofsaaklik tussen 30 en 39 jaar oud, gevolg deur 18 tot 29 jaar en die professionele rolspelers is tussen die ouderdomme van 18 tot 29 jaar gevolg deur 30 tot 39 jaar. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat ouers en professionele rolspelers in die Danville-gemeenskap hoofsaaklik tussen die ouderdomme van 18 en 39 jaar oud is.

In terme van nasionaliteit is 95% van die ouers blank en gesamentlik 5% swart en gekleurd. Professionele rolspelers het bestaan uit 93% blank en 7% gesamentlik swart en gekleurd. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Danville hoofsaaklik ‘n blanke gemeenskap is. Hierdie bevindinge strook met die Sensus 2001 statistieke (Statistics South Africa, 2001) wat daarop dui dat daar in totaal 8 079 blankes, 2 931 swartes, 61 gekleurde en 39 Indiese inwoners in Danville is.

Vanuit die bogenoemde is dit duidelik dat respondente hoofsaaklik vroulik, tussen 18 en 39 jaar oud en van blanke nasionaliteit is.

5.3.1.2 Inligting rondom die kinders van ouers wat as respondente gedien het

Soos reeds vermeld was die groter meerderheid ouers tussen die ouderdomme van 18 en 39 jaar oud. Hul kinders bestaan uit 55% seuns teenoor 45% dogters. Hierdie figure stem ooreen met Statistiek Suid-Afrika se Sensus 2001-bevindinge dat daar 50,1% mans en 49,8% vroue in Danville woon. In totaliteit bestaan die groep uit 49% kleuters, wat die fokusouderdom

van die studie vorm. Hierdie kleuters is hoofsaaklik eerste- of tweede geborenes.

5.3.1.3 Kwalifikasies van respondente

Soos uiteengesit in Hoofstuk vier, kan gesien word dat 50% van die ouers oor ‘n graad tien- tot graad 12-sertifikaat beskik, gevolg deur 32% met ‘n graad agt- of graad nege-sertifikaat en 11% wat slegs tot en met graad vier tot sewe gevorder het. 5% van ouers beskik oor ‘n tersiêre opleiding. Volgens Sensus 2001 (Statistics South Africa, 2001) beskik die grootste persentasie Danville-inwoners oor ‘n graad 12-sertifikaat (23%), gevolg deur ‘n graad tien-sertifikaat (20%) en ‘n graad agt-sertifikaat (11%). In Hoofstuk twee is vermelding gemaak van beide Tanfa (2004:15) en Prilleltensky *et al.* (2001:89) wat aanvoer dat beperkte kognitiewe vermoëns ‘n direkte verband met kindermishandeling toon. “*Ouers se beperkte opvoeding, onderrig en kognitiewe vermoëns maak dit moeilik om kompeteerbaar te wees in die werksektor, en hul beskik ook meestal oor minder hulpbronne om die stres van ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede te hanteer*”.

Die kwalifikasies van professionele rolspelers dui daarop dat 55% ‘n tersiêre opleiding ontvang het en dat 15% elk ‘n graad tien- of graad 12-sertifikaat beskik of slegs kursusse voltooi het. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat alle professionele rolspelers nie voldoende gekwalifiseerd is vir die beroep wat beoefen word nie, en vanuit vergelykings tussen die tipe beroep en kwalifikasies, wil dit voorkom asof dit onderwysers is wat nie voldoende opgelei is nie.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat beperkte opvoeding en onderrig voorkom by beide ouers en professionele rolspelers en kan moontlik ‘n rede wees waarom hulle nie so bewus is van seksuele mishandeling van kinders en hoe om dit te voorkom nie.

5.3.1.4 Betrokkenheid van professionele rolspelers by die kleuters van Danville

Ag-en-veertig persent van professionele rolspelers is op ‘n daaglikse basis by die kleuters van Danville betrokke. Hierdie rolspelers wat daagliks betrokke is, bestaan hoofsaaklik uit onderwysers, een of twee gemeenskapslede en die Maatskaplike werkers. Ander professionele rolspelers soos arbeidsterapeute, spraakterapeute, sielkundiges en pastore of dominees is tussen een en vier keer per week by die Danville-kleuters betrokke, waarvan 26% een keer per week, 19% twee tot drie keer per week en slegs 4% vier keer per week betrokke is.

Die termyn van betrokkenheid van professionele rolspelers wissel hoofsaaklik tussen een tot twee jaar, drie tot vyf jaar en twee tot drie jaar. Dit kan afgelei word dat die meerderheid professionele rolspelers vir minder as vyf jaar in Danville werksaam is.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar vir die afgelope vyf jaar ‘n toenemende betrokkenheid van verskeie professionele rolspelers soos kleuterskoolpersoneel, skoolhoofde, maatskaplike werkers, arbeids- en spraakterapeute, sielkundiges, pastore en dominees is, waarvan die meerderheid op ‘n daaglikse basis in Danville werksaam is.

5.3.2 Seksuele mishandeling

Verskeie gevolgtrekkings kan vanuit die empiriese bevindinge gemaak word met betrekking tot respondente se kennis en ervaring van situasies wat aansluit by seksuele mishandeling.

5.3.2.1 Definisie van seksuele mishandeling van ‘n kleuter

Dit wil voorkom asof ouers relatief bewus is van die kernelement van seksuele mishandeling van ‘n kleuter, naamlik een of ander vorm van seksuele gedrag, byvoorbeeld om aan die kind se geslagsdele te raak, verkragting, seksuele

teistering deur ‘n manspersoon en ontbloting. Dit blyk ook dat 43% van ouers nie werklik ‘n omskrywing kon gee van wat seksuele mishandeling van ‘n kind behels nie. Professionele rolspelers verskaf verskillende opinies rakende ouers se bewustheid van die begrip, maar toon dat 74% in ‘n mindere of meerdere mate daarvan bewus is. Met die daaropvolgende geslote vraag kon ouers (89%) en professionele rolspelers (89%) bevestig dat dit beide fisieke seksuele aanraking en blootstelling aan seksuele gedrag of materiaal behels, wat ook aansluit by die verskillende tipes seksuele mishandeling.

Die gevolgtrekking word gemaak dat ouers en professionele rolspelers bewus is van die konsep *seksuele mishandeling van ‘n kleuter*, maar nie noodwendig bekend is met die akurate en wetlike omskrywing van die term nie. ‘n Verdere gevolgtrekking kan gemaak word dat dit die gemeenskap van Danville se eerste aanduiding van ‘n gebrek aan toepaslike kennis van die onderwerp in bespreking is.

5.3.2.2 Die oortreder van seksuele mishandeling van ‘n kleuter

Soos daar in Hoofstuk twee aangedui word, bestaan daar hoofsaaklik vier verskillende tipes seksuele mishandeling. Intrafamiliêre en ekstrafamiliêre seksuele mishandeling impliseer beide ‘n spesifieke oortreder. Volgens die empiriese bevindinge toon 82% van die ouers dat die oortreder enige persoon (vreemdelinge, familielede, familievriende, bure of ander gemeenskapslede) kan wees. Professionele rolspelers meen dat die oortreder meestal in ‘n familiêre verhouding tot die slagoffer staan, hetsy as familielid (29%) of familievriend (29%). Ouers moes spesifiseer of daar al voorheen seksuele mishandeling van ‘n gesinslid plaasgevind het en volgens 53% van hierdie gevalle het die oortreder in ‘n familiêre verhouding tot die slagoffer gestaan, hetsy as biologiese of stieffamilie. Die oortreder was slegs in 21% van hierdie gevalle iemand buite die familie.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat respondente bedag is op enige persoon wat moontlik ‘n oortreder kan wees, maar dat seksuele mishandeling van ‘n kind meestal deur ‘n familielid gepleeg word.

5.3.2.3 Voorkoms van seksuele mishandeling

Respondente het verskillende menings rakende die gereeldheid van seksuele mishandeling van kleuters. Volgens 49% respondente vind seksuele mishandeling van kleuters gereeld plaas. In totaal is 15% van respondente huidiglik bewus van ‘n kleuter wat seksueel mishandel word. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat seksuele mishandeling van kleuters ‘n gereelde verskynsel is eerder as die uitsondering.

In die geval waar ouers bewus is van die seksuele mishandeling van ‘n kleuter, sal dit deur 78% aangemeld word. In die geval van die professionele rolspelers sal so ‘n geval deur 66% aangemeld word. Deurdat 100% van die ouers en 92% professionele rolspelers die noodsaaklikheid daarvan bevestig om die seksuele mishandeling van ‘n kleuter aan te meld, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die aanmelding van seksuele mishandeling van ‘n kleuter as top-prioriteit beskou word.

5.3.2.4 Oorsake van seksuele mishandeling

Verskeie oorsake van seksuele mishandeling is reeds in Hoofstuk twee bespreek. Gevolgtrekkings betreffende die teenwoordigheid van sekere van hierdie oorsake wat in die empiriese bevindinge geïdentifiseer is, word vervolgens gemaak. Hierdie gevolgtrekkings word volgens verskillende sisteme bespreek soos dit uiteengesit is in die Sisteemteorie.

- Die samelewing en die plaaslike gemeenskap

  Op samelewings- en gemeenskapsvlak oorvleuel die oorsaaklike faktore van seksuele mishandeling van kleuters en gevolgtrekkings wat aan die hand van die empiriese bevindinge gemaak kan word, word vervolgens gesamentlik bespreek:

  Armoede en verarming word pertinent in die literatuur as ‘n oorsaaklike faktor van seksuele mishandeling bestempel, soos dit in

Hoofstuk twee ook genoem is. (Vergelyk Gordon & Schroeder, 1995:10; Potgieter, 1996:39; Prilleltensky *et al.,* 2001:65; Sexual Violence: Fact Sheet, 2007.) 50% van ouers het aangedui dat die gesin se totale maandelikse inkomste tussen een Rand en twee duisend Rand per maand is. Twee-en-vyftig persent van professionele rolspelers meen dat dié bedrag tussen twee en vyf duisend Rand per maand beloop en 35% meen dit is tussen een Rand en twee duisend Rand per maand. In totaal noem 43% van respondente dat gesinne in Danville se totale maandelikse inkomste tussen een rand en twee duisend Rand per maand beloop. Volgens die respondente word die vernaamste uitgawes van ‘n gesin soos volg genoem: Kos en behuising (22%), sigarette en tabak (14%), persoonlike items soos tandepasta en sjampoe (12%) en kindersorg (9%).

Volgens Martins (2005) is die minimum finansiële vereistes van ‘n gemiddelde gesin in een van Suid-Afrika se groter stedelike gebiede vir kos in 2004 ongeveer R1 067 per maand of R12 804 per jaar, vir ‘n gesin wat uit 3,6 lede bestaan. Die totale gemiddelde begroting vir ‘n huishouding in 2004 vir 20% van die land se armste huishoudings met gemiddeld 3,58 lede, was R7 072. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat gemeenskapslede van Danville onder die broodlyn leef en armoede en verarming ‘n realiteit in die gemeenskap is.

Werkloosheid is as verdere risikofaktor geïdentifiseer. (Vergelyk Prilleltensky *et al.*, 2001:69; Potgieter, 1996:39; Tanfa, 2004:13.) Ouers wat werkloos is (hetsy hulle op soek is na werk of nie en of hulle ‘n huisvrou is wat op soek is na werk of nie) beslaan 61% van alle ouers wat aan die studie deelgeneem het. Volgens die professionele rolspelers beslaan hierdie figuur 54%. In totaal is aangedui dat 56% van ouers in Danville werkloos is. Volgens Sensus 2001 (Statistics South Africa, 2001) is 30% mans en 39% vroue in Danville werkloos of ekonomies onaktief. Werkloosheid dra verder

by tot die verskynsel van verarming en het ‘n direkte invloed op die tipe behuising wat deur die gesin bekostig kan word.

Die verskynsel van **onvoldoende behuising** kan bydra tot die voorkoms van seksuele mishandeling. (Vergelyk Lively & Lively, 1991:16; Gordon & Schroeder, 1995:74; Potgieter, 1996:39; Prilleltensky *et al.,* 2001:79; Siegel, 2000:162; Tanfa, 2004:14.) Volgens die empiriese bevindinge woon 33% van gesinne in ‘n huis, 22% in ‘n kamer, 18% deel ‘n huis en 8% woon in ‘n wendy-huisie. Respondente het ‘n verdere aanduiding gemaak dat 31 wonings oor net een kamer beskik (gesinne wat in ‘n kamer woon en huise wat net een kamer het). Gesinne wat wel in ‘n huis woon (hetsy alleen of deel) dui dat hierdie huis gemiddeld drie kamers het en dat daar gemiddeld een of twee gesinne saam woon. Die blote feit dat 22% van gesinne saam in ‘n kamer woon en 8% saam in ‘n wendy-huisie, in totaal 30%, is reeds ‘n aanduiding van onvoldoende behuising. Hierdie tipe behuising kan nie genoegsame voorsiening van kombuis- en ablusiegeriewe bied nie.

Blootstelling aan verskillende vorme van **geweld** is deur respondente genoem. Kleuters word aan verskeie tipes geweld blootgestel. Volgens 28% van die respondente word hul aan geweld in die media blootgestel, 23% noem geweld op straat, 23% geweld in die huis en 18% noem misdaad (byvoorbeeld algemene misdaad en substansmisbruik). Volgens professionele rolspelers spandeer 20% gesinne geld aan die aankoop van sigarette en tabak, 18% aan alkohol en 5% aan dwelms. Alhoewel blootstelling van kleuters hieraan in ‘n mindere mate aangetoon word, is afhanklikheids-vormende middels soos alkohol, dwelms en sigarette bekend vir die gemoedsveranderende effek wat dit op die individu uitoefen en kan moontlik met geweld geassosieer word (Straight Facts about drugs and drug abuse, 2007). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat kleuters wel in ‘n mate aan verskeie tipes geweld blootgestel word, wat hul risiko van seksuele mishandeling verhoog.

Op die plaaslike gemeenskapsvlak is **sosiale isolasie** ook van belang. Volgens die empiriese bevindinge kan afgelei word dat die inwoners van die Danville-gemeenskap redelik goed met mekaar oor die weg kom en sosiale isolasie nie werklik as ‘n kwessie beskou kan word nie.

- Die gesin

Verskeie gesinsfaktore kan as risikofaktore beskou word vir seksuele mishandeling van kleuters. Die huwelikstatus van ouers word weergegee as eerstens getroud (47%), gevolg deur geskei (19%) en saamwoon (18%). Die verhouding tussen die ouers word hoofsaaklik as redelik (39%) gesien, gevolg deur baie goed (35%) en goed (25%). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat ouers hoofsaaklik getroud is en slegs redelik met mekaar oor die weg kom. Hierdie figure kan ook verder vergelyk word met die 23% van kleuters wat aan geweld binne die huis blootgestel word deurdat ouers mekaar byvoorbeeld slaan. Dit kan afgelei word dat hoewel ouers van kleuters getroud is, hul hoofsaaklik slegs redelik met mekaar oor die weg kom en dat daar in sommige gevalle vind **huwelikstwis en -geweld** voor die kinders plaasvind. (Vergelyk Douglas & Finkelhor, 2005.)

Die **ouers se eie kinderjare** het ook ‘n beduidende invloed op die moontlikheid van seksuele mishandeling van ‘n kleuter. (Vergelyk Sexual Violence: Fact Sheet, 2007; Pauw, [sa].) Twee-en-vyftig persent van ouers noem dat hul eie kinderjare ingekleur was met verskynsels soos armoede, mishandeling, ongelukkigheid en alkoholisme. Professionele rolspelers noem ‘n totaal van 77% van ouers wat self blootgestel was aan armoede, geweld, drank en dwelms, mishandeling, verwaarlosing, ongelukkigheid, konflik en maatskaplike probleme. Elf persent van professionele rolspelers noem die sikliese verloop waar omstandighede en sekere faktore in

geslagte herhaal word. Dit kan afgelei word dat kleuters wel ‘n gevaar loop vir moontlike seksuele mishandeling as gevolg van hul ouers se eie vroeër kinderjare.

Die **ouerskapstyl** of manier waarop die ouer die kleuter hanteer, kan bepalend wees ten opsigte van seksuele mishandeling Prilleltensky *et al.* (2001:89). Dit kan afgelei word dat ontoereikende vorme van dissiplinering hoofsaaklik toegepas word (verskree, slaan, geen dissipline, ensovoorts). Verder kan afgelei word dat ouers altyd (47%) en meestal (34%) bewus is van waar en by wie hul kleuter is, iets wat die risiko van seksuele mishandeling van die kleuter verminder.

Beperkte opvoeding en onderrig as risikofaktor is reeds aangespreek (vergelyk Tanfa 2004:15; Prilleltensky *et al.,* 2001:89) en daar kan afgelei word dat ouers en ‘n groot deel van die professionele rolspelers se beperkte opvoeding en onderrig ‘n gebrek aan noodsaaklike kennis vir die voorkoming en bewustheid van seksuele mishandeling van ‘n kleuter tot gevolg het. Net so is daar reeds vermelding gemaak van ouers se gebruik van **afhanklikheidsvormende middels,** wat ‘n negatiewe impak op die ouer-kind verhouding het en dat dit in meeste gevalle die gevolg is van fisieke geweld wanneer ouers onder die invloed is (Maderthaner, 2005: 231-232).

5.3.3 Seksuele ontwikkeling van die kleuter

Die navorser is van mening dat alle rolspelers wat betrokke is by kleuters, oor voldoende kennis en begrip moet beskik om sodoende ingelig te wees rakende aanvaarbare en onaanvaarbare of kommerwekkende seksuele gedrag wat ‘n kleuter openbaar.

In totaal het 88% van die respondente aangedui dat kleuters wel seksuele stimulasie kan ervaar, alhoewel hul geen seksuele konnotasie daaraan heg

soos ‘n ontwikkelde volwassene nie. Sestig persent van respondente noem dat ‘n sekere mate van seksuele gedrag in kleuters nie normaal is nie. Tagtig persent noem dat dit wel aanvaarbaar is vir kleuters om vrae van seksuele aard te vra, soos “*Waar kom babas vandaan?”* of *“Hoekom lyk Jannie anders as ek?”* en 55% van die respondente noem dat kleuters wel seksuele speletjies speel wat aanvaarbaar is, byvoorbeeld *“Wys my joune dan wys ek jou myne.”* Child and Youth Health – Parenting SA (2007) meen dat ‘n sekere mate van seksuele gedrag, vrae en speletjies by kleuters wel aanvaarbaar is. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar verwarring bestaan tussen wat wel as aanvaarbare seksuele ontwikkeling, gedrag, vrae en spel beskou kan word.

Problematiese gedrag word deur 49% van die ouers beskou as enige vorm van seksuele gedrag of seksuele taal wat deur die kleuter gepraat of geopenbaar word. Dit is teenstrydig met die bogenoemde, naamlik dat kleuters wel soms seksuele speletjies speel. Professionele rolspelers spesifiseer hoofsaaklik ‘n bekommernis oor suggestiewe dade en noem verder faktore soos masturbasie, ‘n oordrewe klem op die seksuele, ontbloting, seksuele taal en afwykende gedrag. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat gemeenskapslede en professionele rolspelers redelik bewus is van die verskillende tekens wat as kommerwekkend beskou moet word, maar met inagneming van die verwarring wat hierbo bespreek is, kan afgelei word dat verdere kennis en inligting hieroor nodig is.

Die nabootsing van volwasse seksuele gedrag word baie duidelik in die literatuur gestel as kommerwekkende seksuele gedrag deur ‘n kleuter. (Vergelyk Child & Youth Health – Parenting SA, 2007; Potgieter,1996:73; Gordon & Schroeder, 1995:vii.) Hierdie word beskou as ontoepaslike gedrag vir die kleuter se ontwikkelingstadium en kennis daarvan kan slegs deur middel van blootstelling verkry word. Blootstelling aan hierdie tipe volwasse seksuele gedrag bring die kwessie van privaatheid in die woning ter sprake. Verskillende persepsies is opgemerk deurdat 66% van ouers meen daar is genoegsame privaatheid in hul wonings en 53% professionele rolspelers meen dat daar geen privaatheid is nie. Hierdie verskil kan toegeskryf word

aan die verskillende velde (omgewing) van die verskeie respondente, hulle eie kinderjare en huidige woonomstandighede. In totaal meen 37% van respondente dat daar genoegsame privaatheid is, 31% meen daar redelike privaatheid is en 29% meen dat daar geen privaatheid is nie. Daar is egter nie so 'n groot verskil tussen die respondente wat meen dat daar genoeg privaatheid is en die wat meen dat daar geen privaatheid nie.

5.3.4 Gemeenskapsopvoeding en voorkoming van seksuele mishandeling

5.3.4.1 Huidige voorkomingstrategieë

Volgens 95% van die respondente is dit noodsaaklik om kleuters op te voed rakende voorkoming van seksuele mishandeling. Verder leer 84% van ouers hul kleuters van persoonlike veiligheid en 76% leer die kleuter van '*stranger danger*'. Professionele rolspelers noem ook verskeie strukture wat reeds in Danville in plek is wat bydra tot die voorkoming van seksuele mishandeling. Hierdie strukture sluit onder andere die Suid-Afrikaanse Polisie Diens, Maatskaplike dienste, skole en kleuterskole in. Slegs 22% van die professionele rolspelers is of was alreeds betrokke by 'n program of intervensie om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm. Die gevolgtrekking word gemaak dat daar wel 'n mate van bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters is deurdat ouers van twee basiese onderrigstrategieë gebruik maak en deurdat professionele rolspelers 'n paar strukture identifiseer wat help bydra tot die voorkoming.

5.3.4.2 Verantwoordelike partye om kleuters te leer en bewaar teen seksuele mishandeling

In die literatuur (Gordon & Schroeder, 1995:12) word spesifiek genoem dat dit ouers se verantwoordelikheid is om kleuters ten opsigte van seksuele ontwikkeling en mishandeling te leer en dit te help voorkom. Verder word ook genoem dat seksuele mishandeling van kleuters nie slegs sporadiese bekommernis by gemeenskapslede moet ontlok nie, maar dat dit 'n aktiewe,

bewuste proses moet wees. Die regering en gemeenskap onderskat meestal die invloed wat hul op hierdie samelewingskwessie kan hê.

Volgens die empiriese bevindinge noem 94% van respondente dat ouers verantwoordelik is om kleuters op te voed rakende voorkoming van seksuele mishandeling en 74% benoem die skool. Slegs 40% noem die regering en 52% die gemeenskap se verantwoordelikheid. Dit is ook genoem dat die gemeenskap 28% skuld dra en die regering 15% wanneer 'n kleuter seksueel mishandel word.

Die rol van die gemeenskap kan volgens die empiriese bevindinge gesien word as verwarrend. Ag-en-negentig persent van respondente beskou seksuele mishandeling as 'n samelewingskwessie en 'n verdere 75% noem dat die hulp en ondersteuning van 'n hele gemeenskap nodig is om kleuters suksesvol tot volwassenheid te begelei. Tog word 'n ondersteunende gemeenskap slegs deur 46% respondente ondersteun en 91% ondersteun gemeenskapsamewerking as aspekte wat bydra tot die voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters.

Die gevolgtrekkings kan gemaak word dat ouers en die skool as hoofverantwoordelike partye gesien word om kleuters op te voed rakende beskerming teen seksuele mishandeling. Die rol van die gemeenskap en regering word slegs in 'n mindere mate ondersteun. Dit is ook duidelik dat daar redelike verwarring voorkom ten opsigte van die rol wat die gemeenskap hierin kan speel.

5.3.4.3 Beskermingsfaktore

Gevolgtrekkings rakende verskeie beskermingsfaktore wat op verskillende vlakke van die sisteem voorkom, word vervolgens bespreek:

- Die samelewing

  Sterk sosiale waardes word deur 71% van respondente ondersteun en sosiale bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters deur 65%. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat sterk waardes en bewustheid op samelewingsvlak wel as belangrike beskermingsfaktore beskou word.

- Die plaaslike gemeenskap

  Op plaaslike gemeenskapsvlak is sosiale ondersteuning vir die familie as beskermingsfaktor in die literatuur geïdentifiseer. Voldoende behuising en hulpbronne, 'n ondersteunende skoolomgewing en positiewe gemeenskapsklimaat dra ook by tot beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling. Slegs 46% van respondente noem sosiale ondersteuning, 62% noem voldoende beskikbare hulpbronne, 75% 'n ondersteunende skoolomgewing en 55% 'n positiewe gemeenskapsklimaat. Tog ondersteun 91% van respondente die samewerking tussen verskeie rolspelers in die gemeenskap (byvoorbeeld ouers, terapeute, skoolpersoneel, die gemeenskap, die regering, ensovoorts).

  Die gevolgtrekking kan gemaak word dat 'n ondersteunende skoolomgewing, gevolg deur beskikbare hulpbronne, vir die gemeenskap van Danville die belangrikste beskermingsfaktore op gemeenskapsvlak is. Soos reeds vermeld, is daar onvoldoende behuising in die gemeenskap en die verwarring rakende gemeenskapsbetrokkenheid en samewerking kom weer na vore.

- Die gesin

  Die gesin dien as kern vir die kleuter se ontwikkeling en groei tot volwassenheid. Dit is ook die eerste vlak van die sisteem waarmee

die individuele kleuter in aanraking kom, volgens die Sisteemteorie. (Vergelyk Engelbreght & Green, 2001:8; Prilleltensky *et al.,* 2001:61.) Goeie kommunikasie, sterk gesinsbande en ondersteuning tussen gesinslede is as belangrike beskermingsfaktore geïdentifiseer, maar dit wil voorkom asof die gemiddelde ouerpaar slegs redelik met mekaar oor die weg kom. 'n Mate van blootstelling aan geweld binne die gesin is ook sigbaar en die wyses van dissiplinering blyk nie altyd die mees aanvaarbares te wees nie. Die sikliese verloop van omstandighede dui daarop dat kleuters moontlik huidiglik ook in moeisame omstandighede grootword. Dit wil wel voorkom asof ouers 'n sterk bewustheid toon van kleuters se doen en late. Volgens die empiriese bevindinge is daar verskillende opinies tussen ouers en professionele rolspelers in terme van kleuters se blootstelling aan ontoepaslike situasies binne die huisgesin. Hierdie verskille kan weer eens toegeskryf word aan verskillende verwysingsraamwerke en persepsies. Hierdie ontoepaslike situasies word bestempel as naaktheid, ouerlike konflik, seksuele aktiwiteite en pornografie. Dit blyk verder dat daar 'n 50% kans is dat kleuters wel daaraan blootgestel word.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat huidige omstandighede binne die gesin nie optimaal is ten gunste van beskerming van kleuters nie.

5.3.4.4 Bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters

Volgens die navorser vorm bewustheid die fondament vir voorkoming en beskerming van kleuters ten opsigte van seksuele mishandeling. Gemeenskapslede is in 'n mate bewus van wat die term "seksuele mishandeling van kleuters" beteken. Hulle is verder daarvan bewus dat seksuele mishandeling van kleuters op 'n gereelde tot daaglikse basis plaasvind. Daar is huidiglik kleuters binne die gemeenskap van Danville wat seksueel mishandel word. Eienskappe van kleuters wat hulle maklike teikens vir seksuele mishandeling maak, sluit onder andere in nalatigheid van ouers,

hul onskuld, omkoopbaarheid en swak huislike omstandighede. Dit is vir alle rolspelers binne die gemeenskap noodsaaklik om kleuters op te voed rakende die voorkoming van seksuele mishandeling.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat rolspelers binne die gemeenskap ‘n bewustheid het van wat seksuele mishandeling van kleuters behels. Wanneer die empiriese resultaat in terme van die voorkoms van seksuele mishandeling (Fig 4.33.1) egter in ag geneem word, is dit duidelik dat die rolspelers(onnodige herhaling) nie ’n goeie vlak van bewustheid het nie.

5.3.4.5 Die behoefte aan gemeenskapsopvoeding

Die behoefte aan gemeenskapsopvoeding is die kern van die navorsingstudie. Die gemeenskap van Danville toon ‘n groot behoefte aan gemeenskapsopvoeding ten opsigte van die kleuter se beveiliging teen seksuele mishandeling. Inligting wat deur middel van gemeenskapsopvoeding verlang word, sluit in: ‘n definisie, oorsake en die voorkoming van seksuele mishandeling en hoe om kleuters self op te voed rakende seksuele mishandeling en die seksuele ontwikkeling van die kleuter.

5.3.5 Algemene gevolgtrekking

Die algemene gevolgtrekking wat vanuit die empiriese bevindinge gemaak kan word, is dat daar ‘n groot behoefte vir gemeenskapsopvoeding ten opsigte van die beveiliging van kleuters teen seksuele mishandeling in Danville bestaan. ‘n Tekort aan die nodige relevante kennis en die teenwoordigheid van verskeie oorsaaklike faktore, is ‘n verdere aanduiding dat gemeenskapsopvoeding ‘n noodsaaklikheid is om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm. ‘n Hoë vlak van bewustheid van seksuele mishandeling kom wel voor onder die verskeie gemeenskapslede en rolspelers, maar sonder die relevante kennis kan dit minimaal bydra tot effektiewe voorkoming van seksuele mishandeling van die kleuters.

Vanuit hierdie gevolgtrekkings, word die volgende aanbevelings gemaak:

5.4 AANBEVELINGS

- Dit word aanbeveel dat ‘n soortgelyke studie onderneem word en albei ouers (om sodoende vaders in te sluit) asook ander onpartydige gemeenskapslede (Jan Publiek) daarby betrek word om die hele gemeenskap se behoefte aan seksuele opvoeding te bepaal, aangesien die studie uit ‘n beperkte steekproef bestaan het.

- Terugvoer aan alle gemeenskapslede en professionele rolspelers wat aan die studie deelgeneem het, word aanbeveel as die eerste stap om die gemeenskap bewus te maak van die huidige voorkoms van seksuele mishandeling en voorkoming in Danville. Dit sal ook van belang wees om klem te lê op beskermingsfaktore wat reeds in plek is om die gemeenskap sodoende te bemagtig vir verdere aksie teen die teenwoordige risikofaktore.

- Dit word aanbeveel dat ‘n gemeenskapsopvoedingsprogram ontwikkel word spesifiek met die oog op die Danville-gemeenskap se behoefte aan seksuele opvoeding ten opsigte van kleuters se veiligheid, na aanleiding van hierdie studie.

- Dit word aanbeveel dat professionele rolspelers wat werksaam is binne die Danville–gemeenskap, ‘n multi-dissiplinêre benadering sal volg en saamwerk om ‘n waardevolle bydrae te maak om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm.

- Daar word voorgestel dat ‘n suksesvolle voorkomingstrategie ‘n vennootskap tussen alle rolspelers en samelewingsvlakke insluit. Dit behels samewerking tussen gemeenskapslede self en tussen gemeenskapslede en ander professionele rolspelers.

- Relevante partye soos Maatskaplike Dienste, die Departemente van Onderwys en Maatskaplike Ontwikkeling, die Regering en die Suid-

Afrikaanse Polisiediens kan in kennis gestel word rakende die bevindinge van hierdie studie. Die doel is eerstens om hierdie pertinente rolspelers bewus te maak van die heersende omstandighede wat bydra tot seksuele mishandeling van kleuters en tweedens kan dit moontlik dien as aansporing om die verskeie aspekte van hierdie samelewingskwessie vanuit elke party se eie diskoers en outoriteit aan te spreek. Onderliggende kwessies wat aangespreek moet word om suksesvol by te dra tot voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters is byvoorbeeld behuising, kinder- en gesinsorg, werkloosheid, gereelde polisiëring vir die bekamping van geweld en dwelmhandel, die implementering van vroeër ouderdomsgepaste voorkomingsprogramme vir kleuterskole, ensovoorts.

5.5 BEPERKINGE

Die navorser het van sekere beperkinge bewus geword gedurende die verloop van die studie.

- 'n Gekombineerde navorsingsbenadering (beide kwantitatief en kwalitatief) sou moontlik meer beskrywende resultate opgelewer het. Die navorser sou verder kon uitvra oor respondente se antwoorde, spesifiek waar persepsies ter sprake is en so 'n indiepte begrip van die respondent se veld fasiliteer. Spesifieke areas waar hierdie benadering van waarde sou wees, was ten opsigte van die vrae oor die hoeveelheid privaatheid en in die geval waar respondente 'ander' gekies het sonder om te spesifiseer.

- Die resultate van die studie kan slegs veralgemeen word op grond van ouers en ander professionele rolspelers se persepsies.

5.6 BESONDERE BYDRAE

Met die genoemde hoë voorkoms van geseksualiseerde gedrag en verwysings van seksuele mishandeling vir Spelterapie, lewer hierdie navorsingstudie ‘n besondere bydrae tot die gemeenskap van Danville. ‘n Beter begrip bestaan ten opsigte van die gemeenskap en professionele rolspelers se ervarings en behoeftes rakende seksuele mishandeling van kleuters. Begrip van hierdie gemeenskap se omstandighede, sisteme en elke individu se veld dra daartoe by dat hierdie gemeenskapskwessie verdere aandag kan geniet deur die ontwikkeling van ‘n gepaste gemeenskapsopvoedingsprogram ten opsigte van die beveiliging van die kleuter teen seksuele mishandeling in hierdie hoë risikogebied.

‘n Verdere besondere bydrae wat deur die navorsingstudie gelewer word, is die bewyse dat armoede en ander risiko-faktore ten opsigte van mishandeling van kinders en spesifiek kleuters, regoor die kleurspektrum van Suid-Afrika se reënboognasie voorkom.

Suid-Afrika beskik oor een van die beste grondwette regoor die wêreld, waarin kinderregte ‘n belangrike rol speel. Die empiriese bevindinge van hierdie navorsingstudie dui egter daarop dat hierdie regte vir kinders nie altyd maklik uitvoerbaar is nie en dat daar harde werk voorlê om Suid-Afrika op te hef tot ‘n totale kindervriendelike land.

Die moontlikheid bestaan dat die resultate van hierdie studie veralgemeen kan word na woongebiede met soortgelyke omstandighede wat bydra tot moontlike seksuele mishandeling van kleuters.

5.7 SAMEVATTING

Die studie is gebore vanuit die navorser se belange en betrokkenheid by die gemeenskap van Danville, waar die hoë voorkoms van geseksualiseerde gedrag onder kinders opgemerk is. Die idee is vervorm om spesifiek die gemeenskap se behoefte aan gemeenskapsopvoeding te bepaal ten opsigte

van die kleuter se veiligheid in die hoë risikogebied. Stappe is geneem om die mees gepaste navorsingsproses te bepaal en te implementeer en ‘n opsomming van die bevindinge word vervolgens verskaf:

Die respondente wat aan die studie deelgeneem het, was hoofsaaklik vroulik, tussen die ouderdomme van 18 en 39 jaar oud en van blanke nasionaliteit. Die ouers het meer seuns (55%) as dogters (45%), wat ooreenstem met Sensus 2001 se bevindinge (Statistics South Africa, 2001). ‘n Verdere 49% van hierdie kinders was kleuters wat hoofsaaklik eerste- of tweedegeborenes was.

Gedurende die afgelope vyf jaar was daar ‘n toename in betrokkenheid van die verskeie professionele rolspelers (kleuterskoolpersoneel, skoolhoofde, maatskaplike werkers, arbeids- en spraakterapeute, sielkundiges en teoloë).

Beperkte opvoeding en onderrig kom by beide ouers en professionele rolspelers voor wat moontlik aanduidend kan wees van onbewustheid van seksuele mishandeling en die voorkoming daarvan by kleuters. Dit blyk ook dat ouers en professionele rolspelers bewus is van die konsep *seksuele mishandeling van ‘n kleuter*, maar nie noodwendig presies weet wat dit wetlik behels nie. Die gemeenskap se gebrek aan voldoende kennis word hierdeur geïllustreer. Dit kan ook moontlik ’n verklaring wees vir die diskrepansie tussen beskikbare statistieke van seksuele mishandeling aanmeldings by die SAPD, die Ondersteuningsraad en verwysings vir Spelterapie.

Ten opsigte van wie die oortreder is, word enige persoon as ‘n moontlike oortreder beskou, maar seksuele mishandeling van ‘n kleuter word meestal deur ‘n familielid gepleeg. Dit kom ook voor dat seksuele mishandeling nie slegs sporadies voorkom nie, wat die aanname bevestig dat Suid-Afrika nog nie as kindervriendelik ten opsigte van die wet bestempel kan word nie. Die aanmelding van seksuele mishandeling van kleuters word as baie belangrik beskou.

Ten opsigte van oorsake van seksuele mishandeling, dien die volgende as opsomming van oorsaaklike faktore op elke vlak van die sisteem:

Op beide die samelewing en gemeenskapsvlak is armoede ‘n bepalende faktor en dit blyk dat die gemeenskapslede van Danville onder die broodlyn leef deurdat 43% van gesinne op ‘n totale maandelikse inkomste van tussen een Rand en twee duisend Rand moet oorleef. ‘n Totaal van 56% van kleuters in Danville se ouers is ook werkloos, wat bydra tot die armoede. Onvoldoende behuising is ‘n verdere realiteit vir gemeenskapslede van Danville deurdat 30% gesinne woonagtig is in ‘n kamer of wendy-huis. Die kwessie rondom die mate van privaatheid in wonings blyk te verskil tussen ouers en professionele rolspelers as gevolg van verskillende persepsies en verwysingsraamwerke. Die stand van behuising dra daartoe by dat kleuters wel in ‘n mate aan verskeie tipes geweld blootgestel word, wat weer hul risiko van seksuele mishandeling verhoog. Dit was wel duidelik dat die gemeenskapslede van Danville redelik goed met mekaar oor die weg kom en as gevolg daarvan is sosiale isolasie nie ‘n risikofaktor nie.

Binne gesinsverband blyk dit dat ouers hoofsaaklik getroud is, redelik met mekaar oor die weg kom en dat in sommige wonings huwelikstwis en -geweld voor die kinders plaasvind, wat as risiko-faktor beskou word. Die sikliese verloop van seksuele mishandeling dui daarop dat kleuters wel ‘n gevaar loop as gevolg van hul ouers se eie kinderjare. Ontoereikende vorme van dissiplinering kan as risikofaktor beskou word, maar daarteenoor bestaan die feit dat ouers hoofsaaklik weet waar en by wie hul kleuter is. Dit dien as beskermingsfaktor. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat huidige omstandighede binne die gesin nie optimaal is ten gunste van die beskerming van kleuters nie.

Ten opsigte van seksuele ontwikkeling en gedrag by kleuters, blyk dit dat daar verwarring bestaan tussen wat wel as aanvaarbare seksuele ontwikkeling, gedrag, vrae en spel beskou kan word, hoewel gemeenskapslede en professionele rolspelers redelik bewus is van wat as kommerwekkende gedrag

beskou kan word. Dit is ‘n verdere aanduiding dat gemeenskapsopvoeding noodsaaklik is.

Daar is wel ‘n mate van bewustheid van die voorkoming van seksuele mishandeling, deurdat ouers hul kleuters leer van persoonlike veiligheid en ‘*stranger danger’.* Volgens professionele rolspelers is daar ‘n paar strukture in plek wat ook bydra tot die voorkoming van seksuele mishandeling van kleuters. Dit sluit onder andere die SAPD, maatskaplike dienste en verskeie terapeute in. Die ouers en skool is geïdentifiseer as hoofverantwoordelike partye vir seksuele opvoeding, gevolg deur die regering en gemeenskap in ‘n mindere mate. Die teenstrydigheid blyk daarin dat die regering en gemeenskap hoofsaaklik geblameer word vir die hoë voorkoms van seksuele mishandeling.

Verwarring kom voor ten opsigte van die rol wat die gemeenskap kan speel rakende seksuele mishandeling van kleuters, deurdat ouers dit benoem as ‘n samelewingskwessie en die hulp van die gemeenskap vereis om kleuters suksesvol groot te maak, maar aandui dat ‘n ondersteunende gemeenskap en gemeenskap samewerking nie van belang is nie.

Sterk waardes en bewustheid op samelewingsvlak word as belangrike beskermingsfaktore teen seksuele mishandeling beskou. Verder is ‘n ondersteunende skoolomgewing en beskikbare hulpbronne vir die gemeenskap van Danville belangrike beskermingsfaktore op gemeenskapsvlak.

Bewustheid vorm die basis van voorkoming en beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling. Gemeenskapslede en rolspelers beskik oor ‘n goeie vlak van bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters, waarop voortgebou kan word om kleuters sover moontlik daarteen te beskerm.

’n Groot behoefte aan gemeenskapsopvoeding ten opsigte van die kleuter se veiligheid is duidelik sigbaar. Die Danville-gemeenskap verlang spesifiek inligting ten opsigte van die definisie van seksuele mishandeling, die oorsake en voorkoming daarvan, hoe om kleuters self op te voed rakende seksuele

mishandeling en die seksuele ontwikkeling van die kleuter. Hierdie studie blyk die eerste stap te wees in die bevrediging van hierdie behoefte.

BRONNELYS

Abrahamse, A.E. Skoolhoof, Laerskool Generaal Beyers. 2007. Onderhoud. 30 Januarie. Pretoria.

Asian women's and children's centre. 2005. [O]. Beskikbaar: http://www.infed.org/guides/community_education.htm. Toegang op 2007/04/04.

Bandi, G.T. 2003. *The relationship between the quality of parenting skills and the vulnerability of children to sexual abuse.* [O]. Beskikbaar: http://www.epetd.up.ac.za/thesis/available/etd-10222004-073338. Toegang op 2007/04/03.

Bible: New King James Version. 1979. *Holy Bible.* Nashville: Thomas Nelson.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Fundamentals of social research methods: An African perspective*. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Blom, R. 2006. *The Handbook of Gestalt Play Therapy: Practical guidelines for child therapists.* London: Jessica Kingsley Publishers.

Britz, L. 2003. *'n Intervensiemodel vir die middelkinderjare-kind wat seksueel misbruik is.* Ongepubliseerde D.Phil.-tesis (Maatskaplike Werk). Universiteit van Pretoria.

Briere, J. & Elliot, D.M. 1993. Sexual abuse, family environment and psychological symptoms. *Journal of Consulting and Clinical Psychology (61)* [O]. Beskikbaar: http://www.johnbriere.com/jccp%2093.pdf. Toegang op 2007/03/01.

Child and Youth Health – Parenting SA. 2007. *Children's sexual behaviour.* [O]. Beskikbaar: www.earlychildhoodaustralia.org.au/feelings_and_behaviours/everyday_behaviours/sexual_development_and_sex_play.htm.
Toegang op 2007/09/15.

Child protection review in developing countries. [sa]. [O]. Beskikbaar: http://www.rapcan.org.za.
Toegang op 2007/01/12.

Colman, A.M. 2006. *Oxford Dictionary of Psychology.* 2nd ed. New York: Oxford University Press.

Crosson-Tower, C. 1999. *Understanding child abuse and neglect.* 4th ed. Needham Heights: Allyn & Bacon.

Coulton, C.J., Korbin, J.E., Su, M. & Chow, J. 1995. Social network characteristics of mothers in abusing and non-abusing families and their relationships to parenting beliefs. *Journal of Community Psychology*, 18, 44-59.

Delport, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. *Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Service Professions.* 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 159-191.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Service Professions.* 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

Dilman, D.A. 2007. *Mail and internet surveys: The Tailored Design Method.* New Jersey: John Wiley & Sons.

Douglas, E.M. & Finkelhor, D. 2005. *Childhood Sexual abuse Fact Sheet.* [O]. Beskikbaar: www.unh.edu/ccrc/factsheet/pdf/CSA-FS20.pdf. Toegang op 2007/04/04.

Drake, F.B. 1998. *Poverty.* [O]. Beskikbaar: http://www.ndacan.cornell.edu/cmrlpostings/thrd2.htm. Toegang op 2007/04/11.

Dunn, M. 2004. *The development of a board game as preventative measure against the sexual abuse of grade four children in South Africa.* Ongepubliseerde D.Diac.-tesis (Spelterapie). Universiteit van Suid-Afrika.

Engelbrecht, P. & Green, L. (eds.) 2001. *Promoting learner development.* Pretoria: Van Schaik.

Faller, K.C. 1995. *Evaluating children suspected of having been sexually abused.* Michigan: Studyguide.

Field, T. [sa]. *Issues related to bullying.* [O]. Beskikbaar: http://www.bullyonline.org/related/abuse.htm. Toegang op 2007/04/04.

Fouché, C.B. 2005. Writing the research proposal in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Service Professions.* 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 111-122.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. In-depth review of literature in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Service Professions.* 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 123-131.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005. Quantitative research designs in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Service Professions.* 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 132-143.

Friedrich, W.W. 1995. *Psychotherapy with sexually abused boys.* Thousand Oaks: Sage.

Gordon, B.N. & Schroeder, C.S. 1995. *Sexuality: A developmental Approach to Problems.* New York: Plenum.

Harmer, C.M. 1998. *The Compassionate Community: Strategies that work for the Third Millennium.* New York: Orbis.

Health Forum. 2005. *Age-appropriate sexual knowledge and behaviors in children.* [O]. Beskikbaar:
http://www.healthforums.com/library/1,258.article-9472,00.htm.
Toegang op 2007/09/15.

Heinze, E. (ed.) 2000. *Of innocence and autonomy: Children, sex and human rights.* Hampshire: Darmouth.

Heritage Community Foundation. 2004. *Traditional roles and responsibilities. 2004.* [O]. Beskikbaar:
www.abheritage.ca/famous5/context/traditional_roles/htm.
Toegang op 2007/08/27.

Hunter, N. & Rashby, J. 2002. *Annotated Bibliography of Recent research.* [O]. Beskikbaar:
http://sds.ukza.ac.za.
Toegang op 2007/04/03.

Iarossi, G. 2006. *The power of survey design: A user's guide for managing surveys, interpreting results and influencing respondents.* Washington DC: The World Bank.

Jansen, J. 2003. *Foundations of Educational Research.* University of Pretoria: Faculty of Education.

Jones, D. & Ramchandani, P. 1999. *Assessing children in need and their families: Practice Guidance.* [O]. Beskikbaar: http://www.asylumsupport.info/publications/doh/practiceguidance.pdf. Toegang op 2007/04/04.

Kruger, D.J., De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Venter, L. 2005. Quantitative data analysis and interpretation in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Service Professions.* 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 217-245.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* Pretoria: Van Schaik.

Lewis, R.M. [sa]. *The New Eve: Five guiding lights for authentic womanhood in the 21st Century.* [S1]:[sn].

Lively, V. & Lively, E. 1991. *Sexual development of young children.* New York: Delmar.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2002. *Menslike Ontwikkeling.* 3e uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Lown, J. 2001. Child sexual abuse. *Responding to sexual abuse,* 28(11):1-14.

Maderthaner, N. 2005. *Significant factors contributing to youth offending*. Ongepubliseerde M.A.-tesis (Kriminologie). Universiteit van Suid-Afrika.

Maree, J.G. 2003. *Introduction to Quantitative Research*. University of Pretoria: Faculty of Education.

Martins, J.H. 2005. The household food budget of the wealthy and the poor in South Africa*. Journal of Family ecology and consumer sciences (33).* [O]. Beskikbaar:
http://www.up.ac.za/saafecs/vol33/martins.html.
Toegang op 2007/08/27.

Minzey, J. 2006. *Community Education: Basic Beliefs.* [O]. Beskikbaar:
http://www.dpi.state.wi.us/fscp/cebb.htm.
Toegang op 2007/04/04.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's and Doctoral studies: A South African guide and resource book.* Pretoria: Van Schaik.

Office on the Rights of the Child. 2001. *Children in 2001. A Report on the State of the Nation's Children*. Pretoria.

Ondersteuningsraad. 2007. *Danville: Statistieke.* [S1]:[sn].

Palmary, I. 2003. *Youth Position Paper* presented at the Alliance for Crime Prevention Conference, Cape Town. [O]. Beskikbaar:
http://www.rapcan.org/za/German%book.pdf.
Toegang op 2007/01/07.

Pauw, I. [sa]. *What causes child abuse?* [O]. Beskikbaar:
http://www.health24.com/child/abuse.
Toegang op 2007/04/04.

Potgieter, C.A. 2006. *Creating awareness of contact making styles through movement within a Gestalt context.* Ongepubliseerde M.Diac.-tesis (Spelterapie). Universiteit van Suid-Afrika.

Potgieter, R. 1996. *'n Model vir die assessering van die seksueel gemolesteerde kind onder die ouderdom van vyf jaar.* Ongepubliseerde D.Phil-verhandeling (Maatskaplike Werk). Universiteit van Pretoria.

Prilleltensky, I., Nelson, G. & Peirson, L. 2001. *Promoting family wellness and preventing child maltreatment: Fundamentals for thinking and action.* Canada: University of Toronto Press.

Ricks, F. 1992. A Feminist view of caring. *Journal of child and youth care* (7) [O]. Beskikbaar:
http://www.cyc-net.org/feature/ft-ricks-fem.htm.
Toegang op 2007/08/27.

Robertson, G. 1990. *Kindermolestering in Suid-Afrika: Begryp, voorkom of oorkom die probleem.* Pretoria: Unibook.

RSA MINISTRY OF LEGISLATION. 1996. Constitution of the RSA, 1996 (Act 108 of 1996). [S1]:[sn].

RSA MINISTRY OF LEGISLATION. 1957. Sexual Offences Act, 1957 (Act 23 of 1957). [S1]:[sn].

Ryan, G. & Blum, J. 1994. *Childhood Sexuality.* Denver: Hasbro Foundation.

Rymarchyk, G.K. [sn]. *Validity.* [O]. Beskikbaar:
http://www.socialresearchmethods.net/tutorial/rymarchk/rymar2/htm.
Toegang op 2007/07/29.

Samour, P.Q. & King, K. 2005. *Handbook of Pediatric Nutrition.* 3rd ed. Sudbury: Jones & Bartlett.

Sanderson, C. 2004. *The Seduction of Children: Empowering parents and teachers to protect children from sexual abuse.* London: Jessica Kingsley.

SAPD. 2006. *National crime statistics.* [O]. Beskikbaar: http://www.sapd.co.za.
Toegang op 2007/04/12.

Schoeman, J.P. 2005. *Play Therapy: An important skill in child therapy. A learning experience that will add value.* [S1]:[sn].

Sciarra, D.T. 2004. *School Counselling: Foundations and contemporary issues.* Canada: Brooks/Cole – Thompson Learning.

Sexual violence: Fact sheet. 2007. [O]. Beskikbaar: http://www.cdc.gov/ncipc/factsheets/svfacts.htm.
Toegang op 2007/04/12.

Siegel, J.P. 2000. *What children learn from their parents' marriage.* New York: Harper Collins.

Statistics South-Africa. 2001. *Census 2001.* Pretoria.

Sternberg, R.J. 2001. *Psychology: In search of the human mind.* 3rd ed. United States of America: Harcourt College.

Straight facts about drugs and drug abuse. 2007. [O]. Beskikbaar: http://www.hc-sc.gc.ca/hl-vs/pubs/adp-apd/straight_facts-faits_mefaits/harmful-torts_e.html.
Toegang op 2007/08/27.

Strydom, H. 2005. Sampling and sampling methods in De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at Grass Roots for the Social Sciences and Human Service Professions.* 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. 192-204.

Tanfa, D.Y. 2004. *Crimes: Crimes against children in Gauteng.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling (Kriminologie). Universiteit van Suid-Afrika.

Thomas, R.M. 2000. *Comparing theories of child development.* California: Wadsworth.

United Nations, Office of the High Commissioner for Human Rights, Fact Sheet No.10 (Rev.1), The Rights of the Child. [sa]. [O]. Beskikbaar: http://www.unhchr.ch/html/menu6/2/fs10.htm.
Toegang op 2007/01/11.

Van den Bos, G.R. (ed.) 2006. *APA Dictionary of Psychology.* Washington: American Psychological Association.

Wickham, R.E. & West, J. 2002. *Therapeutic Work with Sexually Abused Children.* London: Sage.

Widd, G. 2007. *Tienerseksualiteit en dissipline.* Toespraak by Berg-en-Dal Tehuis vir ongehude moeders Damestee. Pretoria. 15 September 2007.

Willows, C. 1991. *Prevention of child abuse: a manual for school teachers at Pre-Primary, Junior and Senior Primary Schools.* Pietermaritzburg: SASPCAN.

Wurtele, S.K. 1990. Teaching personal safety skills to four-year-old children: A behavioral approach. *Behavior Therapy,* 22, 69-83.

Wurtele, S.K., Kast, L.S., Miller-Perrin, C.L. & Kondrick, P.A. 1998. A comparison of programs for teaching personal safety skills to preschoolers. *Journal of Consulting and Clinical Psychology,* 57, 505-511.

Yontef, G. 1993. *Awareness, Dialogue, and Process.* [S1]: The Gestalt Journal Press.

BYLAAG 1

DEKBRIEF – VRAELYS AAN OUERS

'N VRAELYS OM TE BEPAAL WAT DIE BEHOEFTE VIR GEMEENSKAPSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE BEVEILIGING VAN KLEUTERS TEEN SEKSUELE MISHANDELING IN 'N HOË RISIKOGEBIED IS.

Hierdie vraelys is deel van 'n navorsingstudie wat handel oor die veiligheid en beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling en die rol van die gemeenskap om dit te fasiliteer. Die navorsingstudie word deur 'n student, Claudi van den Heever, behartig as gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M.Diac. (Spelterapie) aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA).

Die doel van hierdie navorsing is om die behoefte van rolspelers in 'n *hoë risikogemeenskap rakende seksuele opvoeding met die oog op die kleuter se veiligheid* te ondersoek.

Die persone wat gevra is om deel te wees van die navorsing, is spesifiek daarvoor geselekteer aan die hand van sekere kriteria waaraan die persone moes voldoen, naamlik om betrokke te wees by die kleuters van Danville.

U opinie in hierdie vraelys is baie belangrik en daarom moet u asseblief al die vrae eerlik beantwoord.

U naam verskyn nêrens op die vraelys nie en u hoef ook glad nie die vraelys of enige ander vorms te onderteken nie. U bly dus anoniem en niemand sal weet wat u ware identiteit is nie. Alle deelnemers neem vrywillig deel aan die studie en mag enige tyd besluit om te onttrek, sonder dat daar enige gevolge daaraan verbonde sal wees.

Al die antwoorde wat u verskaf, word as vertroulik beskou en sal vir geen ander doel gebruik word behalwe vir hierdie navorsingstudie nie.

Indien u weet van die seksuele mishandeling van 'n kleuter of kind, kan u een van die volgende nommers skakel (u kan anoniem bly):

Claudi van den Heever (Navorser)	012 386 9067	(Dinsdag – Vrydag, 8h00 – 13h00)
Polisie	012 327 4907 (Pretoria-Wes) of 012 379 9034 (Hercules)	
Childline	08000 555 55	

Die resultate van hierdie navorsingstudie sal gepubliseer word.

Byvoorbaat dankie vir u hulp en samewerking!
Claudi van den Heever

BYLAAG 2

DEKBRIEF – VRAELYS AAN PROFESSIONELE ROLSPELERS

'N VRAELYS OM TE BEPAAL WAT DIE BEHOEFTE VIR GEMEENSKAPSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE BEVEILIGING VAN KLEUTERS TEEN SEKSUELE MISHANDELING IN 'N HOË RISIKOGEBIED IS.

Hierdie vraelys is deel van 'n navorsingstudie wat handel oor die veiligheid en beskerming van kleuters teen seksuele mishandeling en die rol van die gemeenskap om dit te fasiliteer. Die navorsingstudie word deur 'n student, Claudi van den Heever, behartig as gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M.Diac. (Spelterapie) aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA).

Die doel van hierdie navorsing is om die behoefte van rolspelers in 'n *hoë risikogemeenskap rakende seksuele opvoeding met die oog op die kleuter se veiligheid* te ondersoek.

Die persone wat gevra is om deel te wees van die navorsing, is spesifiek daarvoor geselekteer aan die hand van sekere kriteria waaraan die persone moes voldoen, naamlik om betrokke te wees by die kleuters van Danville.

U opinie in hierdie vraelys is baie belangrik en daarom moet u asseblief al die vrae eerlik beantwoord.

Die vraelys word anoniem voltooi. Alle deelnemers neem vrywillig deel aan die studie en mag enige tyd besluit om te onttrek, sonder dat daar enige gevolge daaraan verbonde sal wees. Al die antwoorde wat u verskaf, word as vertroulik beskou en sal vir geen ander doel gebruik word behalwe vir hierdie navorsingstudie nie. Die resultate van hierdie navorsingstudie mag gepubliseer word.

Terminologie wat in die vraelys gebruik word en die spesifieke betekenisse daarvan, is die volgende:

- "Kleuter": 'n Kind tussen die ouderdom van twee en ses jaar.
- "Gemeenskap": Inwoners van Danville, asook enige ouer van 'n kleuter wat in Danville skoolgaan.
- "Ouers": Die ouers van kleuters.
- "Gemiddelde gesin": 'n Veralgemening van die gesinne en huishoudings in Danville.

Byvoorbaat dankie vir u hulp en samewerking!

Claudi van den Heever

Kontakbesonderhede:
Laerskool Genl. Beyers: 012 386 9067
Beyers Bytjies: 012 386 6129

BYLAAG 3

VRAELYS AAN OUERS

VRAELYS: GEMEENSKAPSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE BEVEILIGING VAN KLEUTERS TEEN SEKSUELE MISHANDELING

Merk die toepaslike blokkie of vul die antwoord in. Waar meer as een antwoord gemerk kan word, word dit so aangedui in die vraag.

AFDELING A: BIOGRAFIESE INLIGTING

A.1. GESLAG.....

Manlik	
Vroulik	

A.2. Ouderdom (in jare).....

A.3. Populasiegroep.....

Swart	
Blank	
Indies	
Gekleurd	

A.4. Hoeveel kinders het u en hoe oud is hulle?

	GESLAG	OUDERDOM
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		

A.5. Wat is u hoogste opvoedkundige kwalifikasie?

Graad 1 tot Graad 3 (Graad 1 tot Standerd 1)	
Graad 4 tot Graad 7 (Standerd 2 tot Standerd 5)	
Graad 8 tot Graad 9 (Standerd 6 tot Standerd 7)	
Graad 10 tot Graad 12 (Standerd 8 tot Matriek / Standerd 10)	
Universiteit of Technikon	
Ander (spesifiseer)	

AFDELING B: SEKSUELE MISHANDELING

(Hou asseblief in gedagte wat met die volgende woorde bedoel word wanneer dit verder in die vraelys gebruik word: "Kleuter" verwys na 'n kind tussen 2 en 6 jaar en die woord "gemeenskap" verwys spesifiek na Danville, Pretoria.)

B.1. Wat beteken "seksuele mishandeling van kleuters" vir u of wat verstaan u onder die begrip? .....

.....

.....

B.2. Dink u "seksuele mishandeling van kleuters" is: (merk asseblief die toepaslike blokkie)

Om fisies aan die kind te raak op 'n seksuele manier	
Om die kleuter aan seksuele gedrag of materiaal bloot te stel	
Albei van die bogenoemde	
Geen van die bogenoemde nie	

B.3. Hoe gereeld dink u word kleuters in u gemeenskap seksueel mishandel? (merk asseblief die toepaslike blokkie)

Nooit	
Soms	
Gereeld	
Elke dag	
Ander (spesifiseer)	

B.4. Hoe bewus dink u is uself en lede van u gemeenskap van seksuele mishandeling van kleuters? Met ander woorde wat dink u is die kanse dat seksuele mishandeling van kleuters in u gemeenskap gebeur? (merk asseblief die toepaslike blokkie)

Baie bewus, die kanse is goed	
Redelik bewus, dink nie altyd daaraan nie	
Glad nie bewus nie, die kanse is skraal	
Ander (spesifiseer)	

B.5. Wat sal u doen as u weet van 'n kind wat seksueel mishandel word?

.....

.....

.....

B.6. Hoe belangrik dink u is dit om seksuele mishandeling van enige persoon ('n kleuter, kind of volwassene) aan te meld by 'n maatskaplike werker of die Polisie? (merk asseblief die toepaslike blokkie)

Glad nie nodig nie	
Dit is nie altyd nodig nie	
Dit is baie belangrik en altyd nodig	
Ander (spesifiseer)	

B.7. Volgens u mening, wie is dit wat kleuters seksueel mishandel? (Merk asseblief al die blokkies wat u dink)

Vreemdelinge	
Familielede	
Familievriende	
Die bure of mense in die gemeenskap	
Al die bogenoemde	
Geen van die bogenoemde	
Ander (spesifiseer)	

B.8. Beskou u die seksuele mishandeling van kleuters as iets wat vir die hele samelewing 'n probleem behoort te wees?

Ja	
Nee	

B.9. Wie dink u dra die skuld of is die skuldige wanneer 'n kleuter seksueel mishandel word? (merk asseblief al die toepaslike blokkies)

Die slagoffer (kleuter)	
Die oortreder	
Die gemeenskap	
Die ouers	
Die regering	
Ander (spesifiseer)	

B.10. Kies een van die volgende twee opsies, soos wat u dink:

Kleuters kan glad nie seksuele stimulasie of gevoelens ervaar nie	
Kleuters kan seksuele stimulasie of gevoelens ervaar, maar kan nie seksuele betekenis daaraan sit soos volwassenes nie	

B.11. Dui aan of u met die volgende saamstem deur “ja” of “nee” by elke stelling te merk:

STELLING:	JA	NEE
Seksuele gedrag in kleuters is natuurlik		
Normale kleuters vra vrae van seksuele aard, byvoorbeeld “Wat is ‘n vagina?” en “Waar kom babas vandaan?”		
Kleuters speel seksuele speletjies met maatjies deur byvoorbeeld hul geslagsdele vir mekaar te wys		

B.12. Watter seksuele gedrag wat by u eie kleuter of enige ander ouer se kleuter voorkom, sal u bekommerd maak?

.....

B.13. Wat is u huidige huwelikstatus? (merk asseblief die toepaslike blokkie)

Getroud	
Verloof en woon saam	
Woon saam	
Geskei / vervreem	
Weduwee / wewenaar	
Nooit getroud	
Ander (spesifiseer)	

B.14. Hoe goed kom u as ouers (ma en pa) met mekaar oor die weg? (merk asseblief die toepaslike blokkie)

Baie goed	
Goed	
Redelik	
Glad nie goed nie	

B.15. Hoe dissiplineer u u kleuter?

.....

.....

B.16. Hoe goed kom u met u bure en ander lede van die gemeenskap oor die weg? (merk die toepaslike blokkie)

Baie goed	
Redelik	
Glad nie goed nie	
Ander (spesifiseer)	

B.17. Hoe bewus is u van waar u kleuter elke oomblik van die dag is? Met ander woorde weet u heeltyd waar en by wie hy/sy is? (merk asseblief die toepaslike blokkie)

Ek weet elke oomblik waar en by wie hy/sy is	
Ek weet meestal waar en by wie hy/sy is	
Ek weet soms waar en by wie hy/sy is	
Ek weet nooit waar en by wie hy/sy is nie	

B.18. Beskryf asseblief u eie kinderjare (byvoorbeeld arm; seksuele of fisiese mishandeling en verwaarlosing; ongelukkig; gelukkig; u verhouding met u ouers, ensovoorts)

.....

.....

B.19. Wat is u gesin se totale maandelikse inkomste? (merk asseblief die toepaslike blokkie)

Geen inkomste	
R1 – R2 000	
R2 000 – R 5000	
R5 000 – R10 000	
R10 000 – R15 000	
R15 000 en meer	
Ander (spesifiseer)	

B.20. Beskryf u huidige posisie ten opsigte van werk deur een van die volgende te kies:

Werkloos, soek nie vir werk nie	
Werkloos, is op soek na werk	
Tydelike werk, soek na permanente werk	
Tydelike werk, soek nie permanente werk nie	
Pensionaris	
Huisvrou, soek nie vir werk nie	
Huisvrou, is op soek na werk	
Student	
Werk voltyds in ‘n permanente pos	
Ander (spesifiseer).	

B.21. Op wat van die volgende spandeer u die meeste geld? (Merk al die toepaslike blokkies)

Sigarette en tabak	
Dwelms	
Drank (alkohol)	
Vermaak (fliek, musiek, ensovoorts)	
Persoonlike items: seep, sjampoe, haarsny	

Koerante en skryfbehoeftes	
Telefoon	
Petrol, olie, karonderhoud	
Busse, taxi's en treine	
Kos	
Kindersorg (skole)	
Godsdiens	
Huishulp, tuinhulp en ander huislike dienste	
Ander (spesifiseer)	

B.22. Word u kleuters en u as gesin aan enige vorme van die volgende tipes geweld in u huis of gemeenskap blootgestel? (Merk asseblief al die toepaslike blokkies)

Geweld in die media: nuusberigte, flieks en musiek	
Algemene geweld op straat, byvoorbeeld gevegte	
Geweld binne die huis, byvoorbeeld wanneer een gesinslid 'n ander slaan, vloek of slegsê	
Misdaad en substansmisbruik (dwelms en drank)	
Ander (spesifiseer)	

B.23. In watter tipe huis woon u? (Daar sal verder na hierdie tipe huis verwys word as slegs 'huis') Merk asseblief die toepaslike blokkie.

"Shack"	
Huis	
Woonstel	
Kamer	
Deel 'n huis met 'n ander familie	
Koshuis	
Buitekamer	
Ander (spesifiseer)	

B.24. Hoeveel kamers is daar in die huis?.....

B.25. Hoeveel gesinne woon saam in hierdie huis? .....

B.26. Is die huis u eiendom of betaal u huur om daar te bly?

Besit	
Huur	

B.27. Hoeveel privaatheid is daar in u huis?

Almal het ruimte vir hul eie privaatheid	
Redelik	
Geen	

B.28.a. Word u kleuter aan enige van die volgende blootgestel in u huis of enige ander plek?

	JA	NEE
Naaktheid (kaal wees) van ouer persone en ouers		
Konflik en bakleiery tussen ouers		
Seksuele aktiwiteite		
Pornografiese tydskrifte of video's/DVD's		

B.28.b. Indien u "ja" op enige deel van vraag B.28.a. beantwoord het, hoe gereeld sien u kleuter dit?

Elke dag	
Omtrent een keer per week	
Omtrent een keer per maand	
Amper nooit	

B.28.c. Wanneer u kleuter blootgestel word hieraan, verduidelik u dan wat gebeur (dit wat die kleuter sien) aan u kleuter?

Ja	
Nee	

B.29.a. Is iemand in u gesin al seksueel mishandel? .....

B.29.b. Deur wie?.....

B.29.c. Hoe lank gelede?.....

B.30. Weet u van iemand, veral 'n kleuter, in die gemeenskap Danville wat seksueel mishandel is of word?

Ja	
Nee	

B.31. Wat dink u maak 'n kind 'n maklike teiken vir seksuele mishandeling?

.....

.....

.....

.....

AFDELING C: VOORKOMING VAN SEKSUELE MISHANDELING

C.1. Dink u dit is nodig om kleuters te leer van seksuele mishandeling en hoe om hulself veilig te hou daarteen?

Ja	
Nee	

C.2. Wie se verantwoordelikheid dink u is dit om kleuters te beskerm teen en te leer van seksuele mishandeling en hoe om hulself veilig te hou daarteen? (merk asseblief al die blokkies wat u dink)

Ouers	
Die hele familie	
Die gemeenskap (bv. Danville)	
Vriende en maatjies	
Die media (tydskrifte, koerante en die TV of flieks)	
Die skool	
Die regering	
Niemand	
Ander (spesifiseer)	

C.3. Wat doen u om u kleuter teen seksuele mishandeling te beskerm?

Leer hom/haar van persoonlike veiligheid	
Leer hom/haar van “stranger danger” (om weg te bly van vreemdelinge)	
Ander (spesifiseer)	

C.4. Watter van die volgende dink u sal bydra om u kleuter teen seksuele mishandeling te beskerm? Merk almal wat u dink asseblief.

Sterk sosiale waardes (in die gemeenskap en gesinne)	
Sosiale bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters	
Wanneer die gemeenskap die gesin ondersteun met die grootmaak van kinders	
Voldoende behuising, hulpbronne en sosiale dienste	
‘n Ondersteunende skoolomgewing	
‘n Positiewe gemeenskapsklimaat	
Goeie verhoudinge tussen lede van die gesin	
Goeie kommunikasie binne die gesin	
Samewerking tussen alle lede van die gemeenskap (ouers, kinders, bure en professionele persone soos maatskaplike werkers, sielkundiges, dokters, ensovoorts)	

C.5. Stem u saam met die bekende gesegde: *"It takes a village to raise a child"*? (Dit neem 'n hele gemeenskap om 'n kind groot te maak)

Ja	
Nee	

C.6.a. Indien u dink die gemeenskap het ook 'n belangrike rol om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm, dink u dat u gemeenskap ingelig behoort te word rakende al die belangrike inligting wat nodig is om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm?

Ja	
Nee	

C.6.b. Indien u "ja" op vraag C.6.a. beantwoord het, waarvan sal u meer inligting wil hê? (merk asseblief almal wat u dink en skryf neer wat nie op die lys is nie)

Wat is seksuele mishandeling van kleuters en wat behels dit?	
Die oorsake van seksuele mishandeling	
Wat is normale seksuele gedrag en ontwikkeling by kleuters?	
Hoe om seksuele mishandeling van kleuters te voorkom	
Hoe om kleuters te leer om hulself te beskerm teen seksuele mishandeling	
Ander (spesifiseer)	

DIE EINDE. DANKIE.

BYLAAG 4

VRAELYS AAN PROFESSIONELE ROLSPELERS

GEMEENSKAPSOPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE BEVEILIGING VAN KLEUTERS TEEN SEKSUELE MISHANDELING IN 'N HOË RISIKOGEBIED: VRAELYS VIR BEROEPSKUNDIGES

AFDELING A: BIOGRAFIESE INLIGTING

A.1. GESLAG.....

Manlik	
Vroulik	

A.2. Ouderdom (in jare).....

A.3. Populasiegroep.....

Swart	
Blank	
Indies	
Gekleurd	

A.4. In watter beroep staan u?

.....

A.5. Oor watter kwalifikasies beskik u?

.....

.....

.....

A.6. Hoe gereeld werk u met, of is u betrokke by die kleuters van Danville?

.....

.....

A.7. Vir hoe lank is u al betrokke by en werksaam in Danville?

.....

AFDELING B: SEKSUELE MISHANDELING

(Hou asseblief in gedagte wat met die volgende woorde bedoel word wanneer dit verder in die vraelys gebruik word: "Kleuter" verwys na 'n kind tussen 2 en 6 jaar en die woord "gemeenskap" verwys spesifiek na Danville, Pretoria.)

B.1. Is gemeenskapslede bewus van wat die konsep "seksuele mishandeling van kleuters" beteken?.....

.....

.....

B.2. Volgens u ervaring, wat van die volgende kan ingesluit word by die term “seksuele mishandeling van kleuters”:

Om fisies aan die kind te raak op ‘n seksuele manier	
Om die kleuter aan seksuele gedrag of materiaal bloot te stel	
Albei van die bogenoemde	
Geen van die bogenoemde nie	

B.3. Hoe gereeld dink u word kleuters in die gemeenskap seksueel mishandel?

Nooit	
Soms	
Gereeld	
Elke dag	
Ander (spesifiseer)	

B.4. Hoe bewus is u van seksuele mishandeling van kleuters?

Baie bewus	
Redelik bewus	
Glad nie bewus nie	
Ander (spesifiseer)	

B.5. Wat sal u doen as u weet van ‘n kind wat seksueel mishandel word?

.....

.....

.....

B.6. Hoe belangrik dink u is dit om seksuele mishandeling van enige persoon (‘n kleuter, kind of volwassene) aan te meld by ‘n maatskaplike werker of die Polisie?

Glad nie nodig nie	
Dit is nie altyd nodig nie	
Dit is baie belangrik en altyd nodig	
Ander (spesifiseer)	

B.7. Wie is dit wat, volgens u mening, kleuters seksueel mishandel?

Vreemdelinge	
Familielede	
Familievriende	
Die bure of mense in die gemeenskap	
Ander (spesifiseer)	

B.8. Sou u sê dat die seksuele mishandeling van kleuters beskou moet word as 'n sosiale probleem?

Ja	
Nee	

B.9. Wie dra die skuld of is die skuldige wanneer 'n kleuter seksueel mishandel word?

Die slagoffer (kleuter)	
Die oortreder	
Die gemeenskap	
Die ouers	
Die regering	
Ander (spesifiseer)	

B.10. Kies een van die volgende twee opsies:

Kleuters kan glad nie seksuele stimulasie of gevoelens ervaar nie	
Kleuters kan seksuele stimulasie of gevoelens ervaar maar kan nie seksuele betekenis daaraan sit soos volwassenes nie	

B.11. Dui aan of u met die volgende saamstem deur "ja" of "nee" by elke stelling te merk:

STELLING:	JA	NEE
Seksuele gedrag in kleuters is natuurlik		
Normale kleuters vra vrae van seksuele aard, byvoorbeeld "Wat is 'n vagina?" en "Waar kom babas vandaan?"		
Kleuters speel seksuele speletjies met maatjies deur byvoorbeeld hul geslagsdele vir mekaar te wys		

B.12. Watter seksuele gedrag wat by 'n kleuter voorkom, sal u bekommerd maak?

.....

.....

.....

B.13. Wat is die meeste ouers van kleuters waarmee u in kontak kom se huidige huwelikstatus?

Getroud	
Verloof en woon saam	
Woon saam	
Geskei / vervreem	
Weduwee / wewenaar	
Nooit getroud	
Ander (spesifiseer)	

B.14. Hoe goed, volgens u mening, kom die ouerpare oor die algemeen met mekaar oor die weg?

Baie goed	
Goed	
Redelik	
Glad nie goed nie	

B.15. Hoe pas die meeste ouers dissipline toe ten opsigte van hul kleuter?

.....

.....

.....

B.16. Hoe goed dink u kom bure en ander lede van die gemeenskap met mekaar oor die weg?

Baie goed	
Redelik	
Glad nie goed nie	
Ander (spesifiseer)	

B.17. Volgens u opinie en ervaring, hoe bewus dink u is ouers oor die algemeen van waar hul kleuter elke oomblik van die dag is? Met ander woorde weet die ouers heeltyd waar en by wie hul kleuter is?

Hulle weet elke oomblik waar en by wie hul kleuter is	
Hulle weet meestal waar en by wie hul kleuter is	
Hulle weet soms waar en by wie hul kleuter is	
Hulle weet nooit waar en by wie hul kleuter is nie	

B.18. Volgens u ervaring, hoe was die meeste van hierdie ouers se eie kinderjare (byvoorbeeld arm; seksuele of fisiese mishandeling en verwaarlosing; ongelukkig; gelukkig; verhouding met hul ouers, ensovoorts)

.....

.....

.....

.....

B.19. Na raming, hoeveel is die gemiddelde gesin in Danville se totale maandelikse inkomste?

Geen inkomste	
R1 – R2 000	
R2 000 – R 5000	
R5 000 – R10 000	
R10 000 – R15 000	
R15 000 en meer	
Ander (spesifiseer)	

B.20. Volgens u ervaring, wat is huidiglik die meeste ouers se posisie ten opsigte van werk?

Werkloos, soek nie vir werk nie.	
Werkloos, is op soek na werk.	
Tydelike werk, soek na permanente werk.	
Tydelike werk, soek nie permanente werk nie.	
Pensionaris	
Huisvrou, soek nie vir werk nie.	
Huisvrou, is op soek na werk.	
Student	
Werk voltyds in 'n permanente pos	
Ander (spesifiseer)	

B.21. Op wat van die volgende spandeer die gemiddelde gesin die meeste geld? Merk al die toepaslike blokkies.

Sigarette en tabak	
Dwelms	
Drank (alkohol)	
Vermaak (fliek, musiek, ensovoorts)	
Persoonlike items: seep, sjampoe, haarsny	
Koerante en skryfbehoeftes	
Telefoon	
Petrol, olie, karonderhoud	
Busse, taxi's en treine	
Kos en behuising	
Kindersorg (skole)	
Godsdiens	
Huishulp, tuinhulp en ander huislike dienste	
Ander (spesifiseer)	

B.22. Word die gemiddelde kleuter en gesin aan enige vorm van die volgende tipes geweld in hul huis of in die gemeenskap blootgestel? Merk asseblief al die toepaslike blokkies.

Geweld in die media: nuusberigte, flieks en musiek	
Algemene geweld op straat, byvoorbeeld gevegte	
Geweld binne die huis, byvoorbeeld wanneer een gesinslid 'n ander slaan, vloek of slegsê.	
Misdaad en substansmisbruik (dwelms en drank)	
Ander (spesifiseer)	

B.23. In watter tipe huis woon die gemiddelde gesin in die gemeenskap? (Daar sal verder na hierdie tipe huis verwys word as slegs 'huis')

"Shack"	
Huis	
Woonstel	
Kamer	
Deel 'n huis met 'n ander familie	
Koshuis	
Buitekamer	
Ander (spesifiseer)	

B.24. Hoeveel kamers is daar in hierdie huis?.....

B.25. Hoeveel gesinne woon saam in hierdie huis? .....

B.26. Is die huis meestal die gesin se eiendom of betaal die gesin huur om daar te woon?

Besit	
Huur	

B.27. Hoeveel privaatheid is daar in die huis?

Almal het ruimte vir hul eie privaatheid	
Redelik	
Geen	

B.28.a. Word kleuters aan enige van die volgende blootgestel in die huis of enige ander plek?

	JA	NEE
Naaktheid (kaal wees) van ouer persone en ouers		
Konflik en bakleiery tussen ouers		
Seksuele aktiwiteite		
Pornografiese tydskrifte of video's/DVD's		

B.28.b. Indien u "ja" op enige deel van vraag B.29.a. beantwoord het, hoe gereeld dink u word kleuters hieraan blootgestel?

Daagliks	
Weekliks	
Maandeliks	
Amper nooit	

B.28.c. Wanneer kleuters blootgestel word hieraan, word die situasie dan aan hulle verduidelik?

Ja	
Nee	

B.29. Weet u van iemand, veral 'n kleuter, in die gemeenskap van Danville wat seksueel mishandel is of word?

Ja	
Nee	

B.30. Wat dink u maak 'n kind 'n maklike teiken vir seksuele mishandeling?

.....

.....

.....

.....

AFDELING C: VOORKOMING VAN SEKSUELE MISHANDELING

C.1. Dink u dit is nodig om kleuters te leer van seksuele mishandeling en hoe om hulself veilig te hou daarteen?

Ja	
Nee	

C.2. Wie se verantwoordelikheid dink u is dit om kleuters te beskerm teen, te leer van seksuele mishandeling en hoe om hulself veilig te hou daarteen? (merk asseblief almal wat u dink)

Ouers	
Terapeute en ander opgeleide persone	
Die hele familie	
Die gemeenskap (bv. Danville)	
Vriende en maatjies	
Die media (tydskrifte, koerante en die TV of flieks)	
Die skool	
Die regering	
Niemand	
Ander (spesifiseer)	

C.3. Wat dink u is reeds in Danville in plek om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm?

.....

.....

.....

C.4. Was u self al enigsins betrokke by ‘n program of intervensie om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm? Beskryf asseblief. .....
.....
.....
.....
.....

C.5. Watter van die volgende dink u, sal bydra om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm? Merk almal wat u dink asseblief.

Sterk sosiale waardes (in die gemeenskap en gesinne)	
Sosiale bewustheid van seksuele mishandeling van kleuters	
Wanneer die gemeenskap die gesin ondersteun met die grootmaak van kinders	
Voldoende behuising, hulpbronne en sosiale dienste	
‘n Ondersteunende skoolomgewing	
‘n Positiewe gemeenskapsklimaat	
Goeie verhoudinge tussen lede van die gesin	
Goeie kommunikasie binne die gesin	
Samewerking tussen alle lede van die gemeenskap (ouers, kinders, bure en professionele persone soos maatskaplike werkers, sielkundiges, dokters, ensovoorts)	
Ander (spesifiseer)	

C.6. Stem u saam met die bekende gesegde: *“It takes a village to raise a child”*?

Ja	
Nee	

C.7.a. Indien u dink die gemeenskap het ook ‘n belangrike rol om kleuters teen seksuele mishandeling te beskerm, dink u dat die gemeenskap ingelig behoort te word rakende hoe om hierdie funksie te verrig?

Ja	
Nee	

C.7.b. Indien u “ja” op vraag C.7.a. beantwoord het, waaroor dink u, benodig die gemeenskap meer inligting?

(merk asseblief almal wat u dink en skryf neer wat nie op die lys is nie)

Wat is seksuele mishandeling van kleuters en wat behels dit?	
Die oorsake van seksuele mishandeling	
Wat is normale seksuele gedrag en ontwikkeling by kleuters?	
Hoe om seksuele mishandeling van kleuters te voorkom	
Hoe om kleuters te leer om hulself te beskerm teen seksuele mishandeling	
Ander (spesifiseer)	

C.8. Enige ander opmerkings?.....

.....

.....

.....

DIE EINDE. DANKIE.